# ONS VADERLAND 1915-1932, 'n EMPIRIESE STUDIE

deur

Petronella Barnard (nee Hammann)
BA (Komm) vir CHO

Verhandeling ingedien ter
gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die
MA-graad in die fakulteit
Lettere en Wysbegeerte aan die
Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Leier: Prof. G.J. Pienaar
Departementshoof Kommunikasiekunde
November 1979

<u>BEDANKINGS</u>

Aan prof. G.J. Pienaar, departementshoof, Kommunikasiekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, wat 'n baie geduldige promotor was, kom 'n besondere woord van dank toe. Sedert 1973 toe ek my as eerstejaarstudent op Potchefstroom bevind het, was prof. Pienaar, as my voogdosent, 'n leier in elke sin van die woord en werklik een van dié dosente om na op te sien.
Mnr. P.G. Snyman, senior dosent in Kommunikasiekunde, word ook bedank vir die vriendelike wyse waarop hy die kommunistiese propaganda, die eerste deel van die vereistes vir die M.A.(Komm), aan my doseer het.
Dit is ook vir my 'n plesier om mnr. Lucas Ignatius Fouché, (MA-Bestuurswese), te bedank vir die leidende en inspirerende rol wat hy ten opsigte van onder meer 'n studie-onderwerp en inligting oor waar moontlike studiemateriaal gekry kan word, gespeel het. Mnr. Fouché wat jare lank redaksielid van The Star en Die Vaderland was, het die wiel behoorlik aan die rol gehou deur sy belangstelling.
Mnre. Jurie van As en Otto Schwellnus, tans onderskeidelik redaksielid en bestuurder by SAPA in Johannesburg, wat ook verbonde was aan Ons Vaderland as tegniese redakteur en joernalis in die geval van mnr. Van As en as joernalis in die ander geval, verdien ook bedank te word. Albei die menere het te midde van besige werkure by SAPA tyd ingeruim om my te woord te staan oor die basiese agtergrond van Ons Vaderland, die toentertydse koerant.
My ouers, Michael en Doris, verdien die meeste dank. Sonder hulle onbaatsugtige opofferings sou ek nooit die voorreg gehad het om aan 'n universiteit te kon studeer nie, aangesien ek nie te vinde was om goedsmoeds 'n studierigting te volg ter wille van slegs 'n studiebeurs nie.
Ek sê ook dankie aan my suster, Ida en broers Willem en Folkers vir

die belangstelling wat hulle in my studies getoon het asook aan ander familielede en vriende wat van tyd tot tyd vir die nodige aanmoediging gesorg het.

Martin Nel het ook onder moeilike omstandighede 'n reuse-klip uit my pad gerol wat die duplisering van die verhandeling betref en ek verseker hom van my opregte dank.

Mnr. Johan van Tonder word ook bedank vir die tikmasjien wat hy goedgunstelik tot my beskikking gestel het tydens die laaste vyf maande van my studie.

Wat die bind van die verhandeling betref, was Perskor baie behulpsaam en moet die name van mnre. Neels Haupt en Gert van Loggerenberg uitgesonder word vir die vriendelike wyse waarop hulle die sakie hanteer het.

Laaste, maar nie die minste nie, dank aan die een wat met die studies moes saamleef en help opdok het - my man Tinus wat in Desember vanjaar sy militêre diensplig voltooi en alles tuis óók moes verdra. Sy belangstelling wat kenmerkende eienskappe bevat van wat hy reeds in die een jaar as onderwyser aangekweek het vóór hy met sy diensplig begin het, het inslag gevind. Sy belangstelling en ondersteuning het vir my baie beteken.

VOORWOORD

Hoewel die geskiedenis in die jare ná Uniewording reeds baie aandag geniet het van historici en ander skrywers, glo ek dat dié verhandeling as gevolg van die onderwerp en die empiriese aard daarvan 'n minder bekende studieveld dek, naamlik van hoe 'n toentertydse koerant geleef en gestreef het.

Die doel van die studie spreek verder vanself as in aanmerking geneem word dat ek tans as verslaggeefster werksaam is by die Perskorporasie in Johannesburg en wel by DIE VADERLAND. DIE VADERLAND is die voortsetting van die halfweeklikse ONS VADERLAND van die jare 1915-1932. Ek wens ook met dié studie die feit tuis te bring oor hoe intens 'n koerant in die vroeë jare van die huidige eeu brandpunte benader en probeer oplos het, hoe die koerant van tyd tot tyd fisies daaruit gesien het en hoe daar geesdriftig saamgewerk is om doelstellinge te bereik en waar materiële gewin slegs ter sprake gekom het ter bevordering van die koerantmikpunte.

Dit is ook nie my doel om die Suid-Afrikaanse geskiedenis van 1900 af tot ongeveer 1932 te herhaal nie, aangesien daaroor reeds genoeg betekenisvolle werke gepubliseer is - ek hou in die eerste plek daarby dat feite tuisgebring moet word oor ONS VADERLAND self. Werke oor die geskiedenis is net geraadpleeg vir sover dit nodig was om standpunte en beleidsrigtinge wat uit die inhoud van die geraadpleegde koerante te voorskyn gekom het, in perspektief te stel.

Studiemateriaal was geredelik beskikbaar. Eksemplare van ONS VADERLAND van 1916-1932 is beskikbaar in die Johannesburgse munisipale biblioteek asook in die Staatsbiblioteek in Pretoria. Die uitgawes van 10 September 1915 af tot die einde van daardie jaar was onverkrygbaar en gegewens oor die fisiese groei van die koerant soos byvoorbeeld sirkulasiesyfers en fakture en ander korrespondensie was ook onverkrygbaar. Dié gegewens is destyds blykbaar nie bygehou nie.

INHOUDSOPGAWE


| HOOFSTUK | | BLADSY |
| --- | --- | --- |
| | Bedankings | ii |
| | Voorwoord | iv |
| 1 | Stigting en strewe | 1 |
| | 1.1 Inleiding | 1 |
| | 1.1.1 Die Afrikaanse pers in Transvaal rondom en ná Uniewording | 1 |
| | 1.1.2 Die Engelstalige pers | 4 |
| | 1.1.3 Ons Vaderland | 7 |
| | 1.2 Wie en wat was agter die stigting | 7 |
| | 1.2.1 Doelstellinge | 9 |
| 2 | Ons Vaderland groei | 16 |
| | 2.1 Tekens van groei en pleidooie | 16 |
| | 2.1.1 Redakteurs | 16 |
| | Prof. Jan Kamp | 16 |
| | Harm Oost | 17 |
| | Dr. Gustav Preller | 19 |
| | 2.1.2 Die blad self | 21 |
| | 2.1.3 Eerste plasings | 29 |
| | Foto's | 29 |
| | Spotprente, grappies en strokies-prente | 29 |
| | Sport | 30 |
| | Mode | 31 |
| | Advertensies | 31 |
| | 2.2 Hoe Ons Vaderland van tyd tot tyd gelyk het | 31 |
| | Vrydag, 7 November 1919 | 31 |
| | Dinsdag, 4 Januarie 1921 | 33 |
| | Dinsdag, 16 Mei 1922 | 35 |

HOOFSTUK | BLADSY

Vrydag, 30 Januarie 1925 36
Donderdag, 15 Desember 1927 37
Vrydag, 12 Junie 1931 38
2.3 Voorbeelde van verskillende soorte berigte 40
Streeknuus, nuusbrokkies en kort beriggies 40
Party- en politieke nuus 43
Oorlogsberiggies en die jongste kabels 44
Misdaad 45
Klagte en kennisgewings 46
Siektes 47
Landbouberiggies 48
Weerberigte 48
Sport 49
Sosiale nuus en fondse 50
Briewe 51
3 Brandpunte wat aandag geniet het 54
3.1 Die soeke na vryheid vir die Suid-Afrikaanse volk en propaganda vir die nasionale party 54
3.1.1 Die vryheid hier ter sprake 54
3.1.1.1 Die Britse oorheersing in breë trekke 55
3.1.2 Die Nasionale Party 58
3.1.3 Die soeke na vryheid en propaganda vir die Nasionale Party soos uitgebeeld in Ons Vaderland 60
3.2 Kaffer- en Koeliekwessies 73
3.2.1 Die Swartvraagstuk 73
3.2.2 Ons Vaderland en die swartes 75
3.2.3 Die Indiërs 79

HOOFSTUK | BLADSY


3.3 Die onderwys 82

Privaatskole, plaasskole en sentralisasie 82

Sir John E. Adamson 83

Genl. Smuts 83

Genl. Hertzog 84

Die onderwysmedium 85

3.3.1 Ons Vaderland en die onderwys 85

3.4 Taal en kultuur 92

Genl. Hertzog en die taal 92

Die skool, kerk en staat 94

3.4.1 Ons Vaderland en die taalstryd waarvan die kultuur deel was 95

3.5 Christelik-Nasionaal 107

3.6 Die vlagkwessie 109

3.6.1 Ons Vaderland en die vlag 110

3.7 Die armblanke-vraagstuk 114

3.8 Gevolgtrekking 122

4 Die ondergang van Ons Vaderland 124

4.1 Sigbare tekens 124

4.2 Aanleiding tot die ondergang van Ons Vaderland en sy maatskappy 127

Depressie en droogte 128

Koalisieregering 128

4.3 Plek en rol van Ons Vaderland in die destydse joernalistieke opset 129

4.3.1 Ons Vaderland en sy destydse joernalistieke situasie 129

4.3.1.1 Ons Vaderland, sy voorgangers en volgeling 129

HOOFSTUK BLADSY


4.3.1.2 Ons Vaderland en sy tydgenote 130

4.3.1.3 Die rol wat Ons Vaderland gespeel het 131

Literatuurlys 133

Bylae oor onderhoude gevoer met twee oud-personeellede van Ons Vaderland I

Otto E. Schwellnus I

Jurie Hendrik Jakobus van As IV

# HOOFSTUK 1

# STIGTING EN STREWE

## 1.1 INLEIDING

### 1.1.1 DIE AFRIKAANSE PERS IN TRANSVAAL RONDOM EN NÁ UNIEWORDING

Die enigste groot Hollandse koerant wat ten tye van die stigting van Ons Vaderland laat in 1915 nog in Transvaal bestaan het, was De Volkstem.

Volgens Pienaar (1976:48) is De Volkstem in Augustus 1873 in Pretoria gestig met president T.F. Burgers as die groot dryfkrag daaragter. Hy het hom reeds in 1871 vir 'n Hollandstalige koerant begin beywer toe hy president van Transvaal geword het ná M.W. Pretorius se bedanking. Omdat die goudontdekking in Transvaal daartoe gelei het dat verskeie saamgegooide kulture en taalgroepe deur middel van Engelstalige dorpskoerantjies die regering gekritiseer het, het pres. Burgers die steun van 'n nuusblad gesoek.

In 1872 het pres. Burgers met J.F. Celliers, sub-redakteur van die Kaapse koerant Het Volksblad en vader van digter Jan F.E. Celliers, onderhandel oor die stigting van 'n algemene Transvaalse koerant.

J.F. Celliers het ingestem en die eerste uitgawe van De Volkstem het op 8 Augustus 1873 verskyn.

De Volkstem was (vóór partypolitiek 'n noemenswaardige rol begin speel het) ingestel op die ontwikkeling van Transvaal en die landbou. Verslae oor Volksraadsdebatte, hofsake en die handel sou ook gepubliseer word.

Pienaar (1976:49) sê verder van 30 Oktober 1873 af het De Volkstem nie meer slegs tweeweekliks verskyn nie, maar elke week en van 1895 af het dit Woensdae en Saterdae verskyn. Die koerant het met verloop van tyd só tweetalig geword dat daar later ook 'n afsonderlike Engelse uitgawe verskyn het.

De Volkstem het tydens die Tweede Vryheidsoorlog 'n opdraande stryd gevoer, maar in 1914 het dit weer beter gegaan en die verbondenheid aan die politiek van genls. Louis Botha en J.C. Smuts het tot die koerant se ondergang gelei op 31 Maart 1951 (Pienaar 1976:50). Dit het gebeur ook kort nadat die koerantkantore na Johannesburg verskuif is.

Volgens Kannemeyer (1974:20) het die toentertydse politieke aktiwiteit ná Uniewording in 1910 sy neerslag gevind en in die geval van die S.A.Party wel in De Volkstem.

Harm Oost (vóór sy betrokkenheid met Die Week, 23 Februarie 1912 tot September 1913 en Het Volk, 1913 tot Oktober 1914) en Gustav Preller (Erasmus 1970:41) was by De Volkstem werksaam - Preller as adjunk-hoofredakteur en Oost as sy assistent (Erasmus 1970:17). Volgens Erasmus (1970:18) het Oost die koerant op 1 Desember 1911 verlaat.

Oost het in Die Vaderland van 2 Julie 1957 (Erasmus 1970:17) gesê De Volkstem het die Bothapolitiek verkondig en laat in 1911 is hy meegedeel dat hy meer aandag moes gee aan genl. Botha se politiek. As hy nie daarvoor kans sou sien nie, moes hy vir hom 'n ander werkplek gaan soek. Hy het dit toe ook gedoen.

Intussen was die eerste selfstandige joernalistieke onderneming volgens Erasmus (1970:20) om die Hertzogrigting te steun, Die Week, wat op 23 Februarie 1912 vir die eerste keer in Pretoria verskyn het en in September 1913 doodgeloop het nadat dit volgens Harm Oost (Erasmus 1970:18,34) na die vyand oorgegaan het.

Harm Oost was redakteur van Die Week (nadat hy uit De Volkstemredaksie bedank het) en een van sy medewerkers was Nig Mimmie (mev. C.C. Logan) met wie hy stry gekry het omdat sy mede-eienaarskap van Die Week geëis het (Erasmus 1970:33,34).

Erasmus (1970:34) sê in die hof moes Oost die saak laat vaar weens 'n gebrek aan geld en Die Week met mev. Logan as redaktrise is toe verder by die Volkstemdrukkery uitgegee voordat dit ook 'n Botha-orgaan geword het. Die blad was voorheen uitgegee deur die Atlas Drukkerij en Binderij (Erasmus 1970:18).

Harm Oost (Erasmus 1970:35-39) het onmiddellik ná die terugslag met Die Week 'n nuwe weekblad uitgegee. Dit het Het Volk geheet en is uitgegee deur Het Volk Drukkers en Uitgevers Maatschappij Beperkt in Pretoria en gedruk deur die Atlas Drukkerij en Binderij. Dit was Het Volk se doel om die waarheid na te streef.

In 1914 is die Nasionale Party gestig as gevolg van die onversoenbaarheid van die Botha-, Smuts- en Hertzogrigtings. Het Volk is vir die propagering van die beleid van die nuwe party ingespan en het die eerste N.P.-orgaan geword met Harm Oost as die eerste nasionale joernalis in Suid-Afrika. Met die uitbreek van die Rebellie in 1914 het genl. Smuts volgens Erasmus (1970:41) egter met behulp van krygswet in Oktober 1914 Het Volk in die ban gedoen.

Die onderdrukking van Het Volk het ongeveer 'n jaar voor die stigting van Ons Vaderland as mondstuk van die Nasionale Party plaasgevind. Harm Oost het ná die onderdrukking van Het Volk by genl. Christiaan de Wet aangesluit en Het Volk het nooit weer verskyn nie.

Geen ander Afrikaanse N.P.-orgaan het op dié tydstip weer in Transvaal die lig gesien nie. Vir dié doel is Ons Vaderland in September 1915 op die been gebring.

Die stigting van 'n Afrikaanse Nasionale Party het 'n mondstuk in Transvaal baie nodig gemaak, aangesien die Afrikaanse De Volkstem slegs die Nasionale Party-opposisie bedien het. Die Week en Het Volk wat nog probeer het om enigsins onpartydig te wees of Hertzog te steun, het ook nie meer bestaan nie.

## 1.1.2 DIE ENGELSTALIGE PERS

Toe Ons Vaderland in September 1915 gestig is, moes daar ook rekening gehou word met die Engelstalige pers by name The Star, Pretoria News, Rand Daily Mail en Sunday Times.

Volgens die Standard Encyclopedia of South Africa (Nasou 1973:246) is The Star op 1 Januarie 1871 vir die eerste keer op Grahamstad gepubliseer deur die drukker J.V. O'Brien as The Eastern Star. Ná 'n groot ossewatrek Johannesburg toe het die blad van 17 Oktober 1887 af drieweekliks verskyn.

Deur die toedoen van F.J. Dormer het The Eastern Star in 1889 die eiendom geword van die Argusgroep, waarna die naam verkort is na The Star en van 1 Julie 1889 is die blad as 'n daaglikse middagblad uitgegee (Nasou 1973:246).

Op 25 Mei 1890 is The Star se eiendom deur 'n brand verwoes en moes die toerusting van die bankrot The Golden Age aangekoop word om produksie voort te sit (Nasou 1973:246). Op 4 Julie 1913 het The Star weer groot skade gely deurdat die kantore tydens die mynstaking deur die gepeupel afgebrand is, maar van 9 Julie af daardie jaar het die blad sonder onderbreking verskyn tot vandag toe (Nasou 1973:246).

The Star (Pienaar 1976:57) het in die heel begin die gemeenskap se belange op die hart gedra en hard probeer om die land se immigrante tuis te laat voel. Toe The Star in die Argusgroep se hande geval het, is dit 'n tyd lank deur mynmagnate gebruik ter bevordering van hulle goudbelange.

Met die Pretoria News (Nasou 1973:113), wat op 13 Junie 1898 begin verskyn het, moes ook deeglik rekening gehou word, want toe die blad op 8 Desember 1902 weer begin verskyn het nadat dit weens die Driejarige Oorlog op 30 September 1899 gestaak is, het lord Milner en sy sekretaris, kolonel Nicholson, die blad finansiëel gehelp.

Lord Alfred Milner (Kennis 1978:589,601) het die Afrikaner onderdruk - in só 'n mate dat genl. Christiaan de Wet in 1904 tot die politiek toegetree het om dié onderdrukking teen te staan. Hoewel hy Suid-Afrika in 1905 verlaat het, is die Milnerbetrokkenheid by die blad reeds 'n bewys van die beleid wat gevolg is.

Milner het ook saam met Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies , en Cecil John Rhodes, die Suid-Afrikaanse voorvegter vir die Britse imperialisme, gedroom van 'n Britse vlag wat kon wapper van die Kaap tot in Kairo (Kennis 1978:672). Vir hulle was die Zuid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) met sy ryk goudvelde en strewe na politieke en ekonomiese onafhanklikheid 'n doring in die vlees (Kennis 1978:672).

In 1906 was Vere Stent (Nasou 1973:113) die redakteur van die Pretoria News. Stent was sterk pro-Brits gesind en het die Transvaalse regering van genls. Botha en Smuts baie gekritiseer. Hy het in 1920 afgetree toe Ons Vaderland al byna vyf jaar oud was.

Die Rand Daily Mail (Nasou 1973:239) is op 22 September 1902 in Johannesburg gestig deur Freeman Cohen, 'n leier op die gebied van die ekonomie en die mynwese. Hy het die blad begin met toerusting wat hy oorgeneem het van die afgestorwe Standard and Diggers' News, 'n blad wat uitgegee was deur die Paul Krugerregering.

Vroeg in 1904 het A. Bailey (later Sir Abe) die koerant gekoop en dit vyf jaar lank aan A.V. Lindbergh, R. Ward Jackson en George Kingswell verhuur. Die huurders het dadelik 'n sindikaat gevorm en toe die huurkontrak verval het, is dit uitgegee soos dit vandag nog verskyn. Sir Abe Bailey het die beherende aandeel gehad tot sy dood in 1940. Edgar Wallace was die Rand Dailey Mail se eerste redakteur, waarna George Adamson (1903-1904) gevolg het en toe Ralph Ward Jackson (1904-1921).

Volgens Pienaar (1976:56) was die Rand Daily Mail ook Britsgesind.
Die Sunday Times (Nasou 1973:353), wat op 2 Februarie 1906 deur 'n sindikaat (George Kingswell, Michael Davies, A.V. Lindbergh, R. Ward Jackson en Abe Bailey) gestig is, word vandag in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Port Elizabeth gedruk en behoort aan die South African Associated Newspapers, die moedermaatskappy van twee Sondagkoerante en vier dagblaaie.

Gemeet aan die feit dat genoemde vier Engelse blaaie vandag nog bestaan en die oudste daarvan reeds byna 'n eeu oud is, moes die koerante ten tye van die stigting van Ons Vaderland al sterk op eie bene gestaan het.

Uit die aard van die saak sou die Engelse blaaie ook nie die Nasionale Party steun nie en sou die ouer en suiwer Engelse partye, die Arbeiders- (Januarie 1910) en Unionisteparty (Mei 1910) eerder aangehang word.

In die Transvaalse klimaat van 'n Afrikaans-Hollandse blad (De Volkstem) wat die S.A.P. gesteun het, en vier Engelstalige blaaie wat alles behalwe pro-Afrikaans of -Nasionaal was, moes Ons Vaderland in 1915, byna twee jaar ná die stigting van die Nasionale Party, op die been gebring word en dit te midde van die feit dat die Engelstalige pers in Suid-Afrika (Pienaar 1976:54) sedert die vroegste tye reeds geldelik makliker oor die weg gekom het as wat dit met die Afrikaanse pers die geval was. Die Engelstalige blaaie het ook feitlik deurgaans 'n groot sirkulasievoorsprong gehad.

Ter stawing van die feit dat The Star en Rand Daily Mail nie Hertzoggesind was nie, kan aangehaal word uit 'n brief aan Ons Vaderland (20 Januarie 1931:6) deur W.W.J. Bezuidenhout van Greylingstad. Hy skryf oor genl. Hertzog en die Republikeinse Propaganda: „Ek sien so baie sogenaamde Nasionaliste neem hulle toevlug na The Star en Rand Daily Mail om die Generaal sleg te maak."

1.1.3 ONS VADERLAND

Ter verdere inleiding tot die stigting van Ons Vaderland kan daar interessantheidshalwe stilgestaan word by die naamgewing van die nuwe Afrikaanse koerant in Transvaal.
Genl. F.W. Beyers het op 9 September 1915, die dag voor Ons Vaderland as tweeweeklikse blad sou begin verskyn, 'n briefie aan die Ons Vaderlandredakteur geskryf namens sy seun, Freddie. In dié briefie word gesê dat mnr. Beyers een aand aan tafel oor 'n naam vir die nuwe koerant gepraat het aangesien almal daaroor kopkrap. Freddie het toe met die naam Ons Vaderland vorendag gekom (Erasmus 1970:47,49).
Later het dit bekend geword dat Freddie, toe tien jaar oud in 1915, by geleentheid van die gesprek aan tafel (Erasmus 1970:49) 'n eksemplaar van Ons Moedertaal eenkant op die tafel gesien lê het. Hy het toe dadelik aan die naam Ons Vaderland gedink.
Oor die naam van die nuwe koerant sê die eerste redakteur, prof. Jan Kamp, in die eerste hoofartikel op 10 September 1915 (Erasmus 1970:56) dat tot dusver slegs gepraat word van Suid-Afrika as die land of hierdie land, hoewel die land in elke sin van die woord herinner aan wat die voorvaders daarvoor opgeoffer het - „dit land, waar wij zelf, als't nu levend geslacht, de strijd onzer vaderen hebben voortgezet onder bloed en tranen - dat land heeft recht op de erenaam van ons vaderland ... En zó verstaan, is de naam van ons blad als een banier, een vlag, waaronder wij optrekken."

1.2 WIE EN WAT WAS AGTER DIE STIGTING

Erasmus (1970:43) wys daarop dat ná die ondergang van Die Week (28 Februarie 1912 - September 1913) en Het Volk (September 1913 - Oktober 1914) is die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk gestig. Op die inlywingskaart van die nuwe maatskappy is 'n stempel gedruk deur die kantoor van die registrasie van maatskappye in Pretoria met die datum 8 September 1915 (Erasmus 1970:42) daarop.

In die stigtingsprospektus (Erasmus 1970:43) word verklaar dat iedere Afrikaner 'n groot behoefte voel aan 'n volksblad wat die nasionale belange op die hart kan dra en wat die voortou kan neem op die pad wat elke Afrikaner behoort te loop.

Die ondertekenaars van die Oprigtingsakte van Ons Vaderland wat die Noordelike Drukpers Maatskappy sou uitgee, is (Erasmus 1970:43) adv. Gey van Pittius, mnr. B.C. Bezuidenhout, prokureur H.S. Webb, dr. T.C. Visser, mnr. Andrew S. Roux, mnr. Jan A. Joubert en adv. Tielman Roos.

Volgens Erasmus (1970:47) was die stigtersaandeelhouers genl. J.B.M. Hertzog, adv. Tielman Roos, dr. J.D. du Toit, sen. I.W.B. de Villiers, sen. W.J.C. Brebner, D.S. van der Merwe, Karel Rood, P.G.W. Grobler, ds. Van der Horst van Wolmaransstad, dr. J.C. Pretorius, adv. A.S. van Hees, J.M. Steyn, D.G. Conradie, A.S. Roux, C.F. Beyers, Frederik Bezuidenhout sr. van Heidelberg, dr. Gey van Pittius, B.C. Bezuidenhout, sr. van Johannesburg, dr. T.C. Visser, Jan A. Joubert, P.G. van der Byl, H.S. Webb, C. Fichardt, W.J. de Beer, A.F. Schmidt, ds. J.H. Greyvenstein, H.P. Mostert, A. van der Broek, N.C. Havenga en sen. C.G. Marais.

Volgens Van As (Bylae:IV) was Harm Oost dié dryfkrag agter die stigting van Ons Vaderland in September 1915 en omdat hy redakteur was van Die Week (Erasmus 1970:18) en ná die ondergang daarvan onmiddellik met behulp van 'n paar vriende die weekblad Het Volk (Erasmus 1970:35) uitgegee het en ook as redakteur opgetree het tot dit in Oktober 1914 deur genl. Smuts met behulp van krygswet in die ban gedoen is (Erasmus 1970:47), is verwag dat hy die eerste redakteur van Ons Vaderland sou word.

Harm Oost het egter ná die sluiting van Het Volk tydens die Rebellie van 1914 by genl. Christiaan de Wet aangesluit - die man vir wie hy, naas genl. Hertzog, groot agting en liefde gekoester het en het hy ten

tye van die stigting van Ons Vaderland nog in die Fort in Johannesburg gesit weens die deelname aan die Rebellie (Erasmus 1970:41,47). Prof. Jan Kamp van die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool op Potchefstroom en later van die Universiteitskollege daar, moes toe as redakteur optree met as bystand dr. Johannes Grosskopf en Jan F.E. Celliers (Erasmus 1970:47). (Oost is teen die middel van 1916 vrygelaat, waarna hy redakteurskap by Kamp oorgeneem het (Erasmus 1970:71)).

1.2.1 DOELSTELLINGE

Die doel van die koerant was (Erasmus 1970:45) ten eerste om deur middel van betroubare nuus die publiek op die hoogte van sake te hou en om die christelik-nasionale beginsels, taal, geskiedenis en tradisies van die Hollandse Afrikaner in ere te hou.

Aan voorbeelde ter stawing van bogenoemde mikpunte soos uitgebeeld in Ons Vaderland, ontbreek dit nie en kan verdere hoofstukke oor onder meer die taal en politiek (soeke na vryheid) gelees word.

Oor die betroubaarheid van nuus aan die publiek en die poging om sekere Hollands-Afrikaanse beginsels (christelik-nasionaal, geskiedenis, waarheid en tradisies) in ere te hou, is min te twyfel as F.A. Swanepoel van Ariston Ons Vaderland (2 Oktober 1917:4) deur middel van 'n gediggie onder die opskrif Gelukwense aan Ons Vaderland voorspoed toewens by geleentheid van die blad se derde verjaardag:

In Suid-Afrika is 'n mooi boom geplant;
Hij staan onder die se'en van 'n Hoger Hand.
Onder storm en wind het die boom gegroei;
Onder re'en en ha'el het die boom gebloei.
Sijn takke die sprei oor ons ganse land;
Die kweker daarvan is 'n man van verstand;
Geluk met die drie krone en die silwerblad.

Tot eer van die verlede, en se'en op uw pad.
Dis drie jaar wat hij staan, goed vas geplant.
Die naam van die boom is „Ons Vaderland".
Geluk en voorspoed vir altijd op uw weg.
Hou vas aan waarheid en strij vir reg.
Oorwinning en voorspoed word een maal uw kroon,
Want volksheil en se'en agt u uw loon.
Dit is mij groete en mij wens sal blij
Aan „Ons Vaderland" wat vir ons volksregte strij.

Nog 'n sprekende voorbeeld van betroubare en onthullende beriggewing asook die opregtheid in die bedoelings met die Afrikanervolk spreek uit 'n onbekende skrywer se brief aan Ons Vaderland (21 Oktober 1921:4). Die skrywer vertel in die briefie hoe hy 'n welgestelde Suid-Afrikaanse Party-boer ontmoet het wat nuuskierig was oor Ons Vaderland se doelstellinge. Die S.A.P.-boer is toe meegedeel dat Ons Vaderland die betowerende Regeringsgordyn wegtrek en die „konneksies" ontbloot wat daaragter skuil. „Hy werk op die invloed van die met-trane-gevulde fles van onse moeders in die konsentrasiekampe en hy ontbloot die wisselvalligheid en bouvalligheid van die fondament van die Empire." Die skrywer sê ook Ons Vaderland stel homself ten prooi vir die algemene welvaart van sy mede-landgenote en hy is die stem vir 130 000 Nasionaliste teenoor omtrent 30 000 S.A.P.-Hollandssprekende burgers.

Die skrywer het die S.A.P.-boer ook meegedeel dat Ons Vaderland die mondstuk is van die heilige roepstemme uit die grafte van die voorouers.

Hy sê ook die blad verheerlik nie mense nie en predik nie skyn nie. Die koerant onderskei hom ook van die S.A.P.-koerante (Volkstem inkluis) deur nie die intekengeld van die Afrikaners te gebruik om dieselfde Afrikaner nog „vaster en vaster aan die empire te help knoop nie.

Hy volg 'n standpunt wat hom sal onskuldig verklaar, as die strawwe Gods een dag sal val op die Afrikaners wat te doen had met die invoer van die dodelike immigrasiedolk wat die Afrikaner die laaste doodsteek sal gee om te regeer en te bestaan as volk."

Van As (Bylae:IV) is ook van mening dat Ons Vaderland daarna gestreef het om reg te laat geskied aan die Afrikanervolk se identiteit deur onder meer te stry vir taalregte, want dr. Gustav Preller (redakteur van Ons Vaderland ná Harm Oost en wel van die einde van 1925 af tot in 1932 en toe van Die Vaderland tot in 1936 (Erasmus 1970:109-117)) het gepleit dat daar geen verskil moet wees tussen Afrikanerwerke en dié van die Engelsman nie: „Daar moet aan niemand se regte afbreuk gedoen word nie."

Verdere doelstellinge (Erasmus 1970:45) van Ons Vaderland was ook om minder aandag aan die politiek te gee en meer ruimte te bestee aan die materiële, intellektuele en maatskaplike opbou van die volk en wel in die besonder aan die „sinkende deel van ons nasie, wat viral sedert en wegens die oorlog nog altoos toegeneem het, en vermeerder word deur allerlei ongewenste en on-Afrikaanse faktore."

Die stelselmatige bevordering van Hollands Afrikaanse lewensbelange het ook Ons Vaderland se aandag geniet en daar is gepoog om „ingang te soek vir die gesonde leer dat vir die Afrikaners die belange van Suid-Afrika bo alle andere belange gaat."

Die bedoeling was nie dat die blad die eiendom sou word van individue nie - 'n volksorgaan moes egter in die lewe geroep word.

Volgens Schwellnus (Bylae:I) is Ons Vaderland gestig om as mondstuk van die Nasionale Party te dien wat in 1914 gestig is en volgens Van As (Bylae:IV) was die doel daaragter baie duidelik, naamlik dat De Volkstem lyforgaan van genl. Smuts was „en genl. Smuts was nie 'n Nasionalis nie."

Om as mondstuk te dien vir die Nasionale Party, het 'n menigte mikpunte

tot gevolg gehad, want vryheid moes onder meer nagestreef word, die Afrikanervolk moes in alle opsigte op die been gebring en gehou word en fondse wat gestig is om die armes materiëel by te staan, moes prominent gesteun word.

'n Roerende gediggie oor Ons Vaderland (14 Februarie 1922:6) se deelname aan die stryd is ingestuur deur 'n sekere Hercules Strydom van 'n onbekende adres:

„Ons Vaderland, jy word deur die Sap gehoon.
Maar tog, jy dra die Nasionale, Afrikaanse kroon.
Deur jou word Suid-Afrika nog eens gered
Van Slim Jan Smuts met sy empaaier-kabinet.
Jy word groot en sterk, en maak ons altyd bly.
Want Oom Tielman veg en jy daar by,
En maak ons van die Sap vir altyd vry."

Dat Ons Vaderland die N.P. se mondstuk was, spreek duidelik uit 'n deel van 'n brief van L. du Plessis van Van Wyksrust wat in Ons Vaderland (24 Oktober 1922:4) verskyn het. Hy skryf dat hy graag 'n intekenaar wil word, want „my broer was intekenaar. Ons twee het hier naby mekaar gewoon, so het ek die voorreg gehad om u blad te lees. Ek kan sonder Ons Vaderland nie klaar kom nie, dis mos ons Nasionaliste se kos."

Nog 'n voorbeeld van die handhawing van partybeginsels blyk uit 'n brief in Ons Vaderland (26 Januarie 1923:3) van 'n skrywer wat homself „Jong Suid-Afrikaner" noem. Hy sê dit is tog die enigste koerant waartoe Transvalers hulle toevlug kan neem en „wat ook onbeskroom ons partybeginsels handhaaf, en wat strewe vir die welvaart van Suid-Afrika."

Met 'n verkiesing voor die deur vlam die stryd hoog, want Ons Vaderland (17 April 1924:5) doen 'n beroep op die Nasionale Partykiesers om te gaan stem en sê: „Julle koerant het tot nou toe die Nasionale Stryd met alle krag en mag gestry. Ons Vaderland wil sig nogmaals tot die uiterste inspan om te help die oorwinning by die stembus te behaal."

Volgens Van As (Bylae:IV,V) moes daar ook geveg word teen die Britse Ryk en alles wat daarmee gepaard gegaan het, „want die mense het ná die Anglo-Boere-oorlog gelewe op die gif wat in imperialistiese blikkies, pakkies en bottels versprei is. Op byna al die voedselhouers was die Britse heerskappy verkondig deur middel van 'n prentjie of kaartjie met die koningin daarop in prag en praal volledig met haar lyfwagte en perde."

Van As (Bylae:V) het ook ten opsigte van die doel van Ons Vaderland gesê die verengelsing moes bestry word aangesien dit sou lei tot die onteiening van die Afrikaner se taalregte en identiteit. „Die idee was om in die nuwe koerant voorrang te gee aan die taalstryd en selfs briewe van lesers wat gehandel het oor die mishandeling van Afrikaans is nooit uit die koerant gelaat nie en altyd gepubliseer."

Ons Vaderland het suiwer by die waarheid probeër hou, want opskrifte in die koerant het geen kommentaar bevat nie en lelike taal en berigte oor vuil sekssake was taboe (Van As Bylae:V).

'n Verdere taakoplegging deur Ons Vaderland aan sy redakteurs en in dié geval aan Harm Oost (Erasmus 1970:104), was om te help dat die oorwonne Suid-Afrikaanse volk weer soewerein onafhanklik kon word.

Die menigte brandpunte wat deur middel van Ons Vaderland se opgelegde en selfopgelegde doelstellinge geblus moes word, spreek uit die gediggie van M. van Essen onder die opskrif Hårtewens wat in Ons Vaderland (22 April 1930:10) verskyn:

Heil u, „Ons Vaderland",
ons eie Nasionale krant.
En heil ook aan uw staf!
Dat steeds uw lesertal mag groei,
uw drukkery in voorspoed bloei,
om Unions en Sap te straf.
Dat Hertzog sy wette deur mag kry,

en Grobler reg ons party mag lei,
Kemp met sukses die sprinkaan stry,
en Pirow ons verlos van stakery!
Dat Bethal, onse organisasie kroon,
die hele deel mag nat beloon.
Dat liefde en vrede by ons sal woon,
en ons van tweedrag, twis en kyf verskoon.
Dat ons ons eie moters maak,
dat ons die Koelies kwyt mag raak;
die Sappe hulle nukke mag staak,
en Smuts geen jakhalsdraaie maak, -
dat hy in Engeland kan bly,
en daar 'n hoë job mag kry.
Dit is die hartewens van my,
en met my same al wat ly!

'n Verdere doelstelling wat verdien om vermeld te word, is die feit dat Ons Vaderland gedurig probeer het om die leserspubliek op te voed en in te lig oor ook ander dinge as net die politeik, die taal, kultuur en tradisies.

As voorbeeld van bogenoemde het Ons Vaderland in sy uitgawes van Maart 1924 byvoorbeeld begin met 'n reeks artikels met sketse daarby oor hoe 'n radio werk. Vrae oor die uitsaaiafstand, of dit self gemaak kan word en wat dit sal kos, word beantwoord.

Nog een van die vele voorbeelde van hoe die publiek ingelig is, blyk uit 'n beriggie in Ons Vaderland (19 Februarie 1926:7) onder die opskrif Allerlei:

„Die aflei-pype van wasskottels, baddens, ens., is almal gekink net onderkant die skottel of bad. Die doel van die pyp is om die vuil water weg te lei na die riool. Daar bestaan 'n moontlikheid dat daar

van die slegte gasse die pyp sal opkom en in die kamer inkom. Die afleipyp is daarom gebuig sodat daar altyd 'n voorraad water in die onderste deel is en dit werk as 'n soort klep om die pyp af te sluit en dit verhinder die slegte gasse om in die kamer te kom."

Inligting oor verskeie ander onderwerpe het ook voortdurend van tyd tot tyd dwarsdeur sy bestaansjare in Ons Vaderland verskyn (September 1915 - Maart 1932).

'n Paar van die inligtingsartikels het onder meer gehandel oor die toestand in Europa, aansteeklike siektes, oorsake van veesiektes, nuwe wette, sprinkaanbestryding, hoe 'n boer geld kan leen met sy produkte as sekuriteit en spierofeninge wat gesond maak.

Ander soortgelyke artikels handel oor weerlig, besproeiing, helium in vaste vorm, kanker, wat geregsbodes nie mag doen nie, herwinning van platina, sielkunde en die kind, motors, bemarking van tabak, wetenskap en die Unie, Transvaalse dorpe en hulle oorsprong, afsetting van melk, die mag van die natuur en boerderymetodes.

Voorbeelde van dié soort beriggewing asook voorbeelde van al die ander meer belangrike doelstellinge is onbeperk wanneer die versamelde bundels van die koerant met aandag gelees word.

## HOOFSTUK 2

## ONS VADERLAND GROEI

„Ek kan dit waarlik nou nie meer hou nie. Die 3de Oktober het ek laaste Ons Vaderland gelees. Ek kan sonder hom nie klaar kom nie. Hy is my bybel nommer 2." - G.I. Maritz van Krugersdorp (Ons Vaderland 24 Oktober 1922:4)

### 2.1 TEKENS VAN GROEI EN PLEIDOOIE

#### 2.1.1 REDAKTEURS

##### PROF. JAN KAMP

Op prof. Jan Kamp, Ons Vaderland se eerste (waarnemende) redakteur, en sy kollegas het 'n reuse-taak gewag, want met die stigting van die Noordelike Drukpers Maatskappij Beperk het 'n paar persone die inisiatief geneem om ook 'n Afrikaanse koerant uit te gee wat Afrikanerbelange op die hart kon dra (soos uiteengesit in die laaste deel van die vorige hoofstuk). Ons Vaderland (Erasmus 1970:57) was nie die skepping van 'n drukker-sakeonderneming nie.

Volgens Erasmus (1970:53,54) was prof. Kamp voor sy koms na Suid-Afrika in Holland verbonde aan die invloedryke De Standaard van dr. Abraham Kuyper sr. en op Potchefstroom het hy vir Het Westen geskryf - 'n koerant wat soos Die Week en Het Volk van Pretoria Afrikanergesind was. Kamp was onder meer ook een van die stigterslede van die Akademie vir Taal, Lettere en Kuns, die huidige Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Erasmus (1970:55,58) sê ook Kamp was 'n Calvinis wat nie van vroompraatjies gehou het nie en wat onreëlmatighede gereeld aan die kaak gestel het. In die eerste hoofartikel van 10 September 1915 sê Kamp dan ook die groot taak van die volk en dus ook van die nuwe koerant is om al die nuus te bou op „wat van ouds geweest is die Christelik Nationale grondslag van ons Afrikaanse volksbestaan." Hy sou ook toesien dat

Ons Vaderland „leiding-gevend zou meewerken tot de wederopbouw van ons ingestorte volkshuis."

Kamp (Erasmus 1970:71) was tot teen die middel van 1916 waarnemende redakteur van Ons Vaderland, waarna Harm Oost die taak oorgeneem het. (Om volledige lewenssketse van die toentertydse Ons Vaderlandredakteurs te gee, pas nie by die empiriese aard van die verhandeling nie. Daar word dus net aandag gegee aan 'n paar lewensfeite wat betrekking kan hê op die werksaamhede en die rigting van Ons Vaderland sodat dit die blad in die geheel kan uitbeeld en voorpp stel.)

HARM OOST

Harm Oost, in 1877 gebore in Oostwald, Groningen in Nederland en wat in die laat negentigerjare as onderwyser na Suid-Afrika gekom het (Erasmus 1970:103) en wat van die staanspoor af redakteur van Ons Vaderland sou wees, moes eers tronkstraf uitdien weens sy deelname aan die Rebellie van 1914.

Volgens Erasmus (1970:71) was Harm Oost 'n geharde man en het geen ander Afrikaanse joernalis sedert 1899 deur soveel folterende beproewinge gegaan soos hy nie.

Oost was onder meer redakteur van die reeds genoemde Die Week en Het Volk en het homself 'n Boer geag (Erasmus 1970:71) wat met die Tweede Vryheidsoorlog self ook die wapen opgeneem het.

Volgens Erasmus (1970:73,74) moes Oost in dié oorlog voor 'n vuurpeloton sterf omdat hy deel had aan die verwoesting van die Modderrivierbrug naby Kimberley. Toe die Engelse reeds oorgehaal was om Oost te skiet, het lord Methuen, 'n Britse generaal wat later deur genl. De la Rey gevange geneem is, opgedaag en gesê die jong Boer moet eers voor 'n krygsraad verskyn.

By 'n ander geleentheid het Oost ter nouernood aan die dood ontkom toe 'n perd wat die doodskoot gekry het tydens 'n skermutseling, op hom

geval het en by 'n ander geleentheid wou 'n sekere Coen Brits, een van genl. Botha se belangrikste offisiere, hom dood laat skiet omdat Brits as bevelvoerder van die kommando's wat genl. De Wet agtervolg en op 1 Desember 1914 in die Kalahari gevang het, gehoor het Oost is ook 'n gevangene. (Oost het ná die onderdrukking van Het Volk (Erasmus 1970:41 waarvan hy redakteur was ná die ondergang van Die Week deur genl. Smuts by genl. Christiaan de Wet aangesluit.)

Oost vertel (Erasmus 1970:74 tot 77) dat hy waarskynlik doodgeskiet sou word omdat hy die eerste koerantskrywer in Suid-Afrika was wat die Hertzogbeleid gepropageer het en nie omdat hy as die hoof van genl. De Wet se lyfwag opgetree het nie. Kol. Ivan Swemmer wat Oost die doodskoot moes gee, het geweier om dit te doen aangesien De Wet dan ook skuldig sou wees.

Oost was ook maande lank in afsondering opgesluit vanwaar hy die galg en die werksaamhede daarom heen duidelik kon sien en hoor.. „Aan al die gruwelhede en aan die instrument van verskrikking moes ek probeer om my te wen, want moontlik sou ek die galgpaadjie eendag moet loop met die dodemus op my kop ..."

'n Predikant het Oost later meegedeel dat 'n gerug die ronde doen dat geen rebelle tereggestel sou word nie.

In die tronk is daar ook gif in Oost se oor gegooi toe hy gekla het oor oorpyn. Later is vasgestel dat die gif 'n gat in sy oordrom gevreet het, maar dat dit met die verloop van tyd weer toegegroei het.

Volgens Erasmus (1970:103, 104 en 106) het Harm Oost saam met dr. Gustav Preller aan die begin van die Tweede Taalbeweging ná die Driejarige oorlog daarna gestreef om die Afrikaanse taal uit die kombuis waarheen dit verban was, te lei tot die waardige atmosfeer van die sitkamer.

Oost se vernaamste taak wat Ons Vaderland hom gestel het, was om te

help dat Suid-Afrika weer onafhanklik kon word en so het sy talente in die politiek en joernalistiek hom 'n belangrike figuur in politieke kringe in die Noorde gemaak.

Volgens Erasmus (1970:101) is Harm Oost in Oktober 1925 as redakteur van Ons Vaderland deur dr. Gustav S. Preller opgevolg.

## DR. GUSTAV PRELLER

Dr. Gustav Preller, wat tot Augustus 1925 nog redakteur van De Volkstem (Erasmus 1970:109) was (hy het 22 jaar lank daar gewerk as assistent-redakteur en in die laaste paar jaar as redakteur), het uit dié redaksie bedank omdat hy tot die slotsom gekom het dat De Volkstem nie meer die maatskaplike welsyn van die Suid-Afrikaanse bevolking voorop gestel het nie. Hy het egter onder meer ook tot die ontdekking gekom dat De Volkstem nie meer die middel is om die grootheid en die geluk van die volk te bevorder nie. Dít het hy ook in sy laaste en ingesmokkelde hoofartikel geskryf onder die opskrif 'n Woord tussen ons.

Volgens Erasmus (1970:110) was Preller vry om 'n eie standpunt in te neem oor enige saak van nasionale belang onderwyl genl. Botha nog gelewe het, maar toe hy in Oktober 1924 hoofredakteur geword het, het die vryheid nie meer bestaan nie, aangesien genl. Smuts ook ná genl. Botha se oorlye in 1919 leier van die Suid-Afrikaanse Party geword het (Krüger 1958:109,110).

Preller sê in die hoofartikel: „In die huidige party-drywery, waaraan verwag word dat ook ik my sal onderwerp, sien ik g'n ideaal om na te streef nie, g'n toekoms om mens te bevind nie. Ik sien g'n heil hoegenaamd in 'n rigting wat aanstuur slegs op reddeloos volgehoue rusie, op nodelose verdeeldheid, wat die nasie lamslaan in aansyn van die grootste vraagstukke waarmee enige volk nog te make gehad't."

Hy het ook in die laaste artikel gesê die S.A.P. volg nie meer die

ideaal van genl. Botha nie en word oorheers deur die Unionistiese vleuel. Hy wil dat (Erasmus 1970:111) Suid-Afrika eerste kom en dán die party.

Dr. Gustav Preller (Erasmus 1970:121), wat op 4 Oktober 1875 naby Pretoria gebore is, het eers in 'n winkel en 'n prokureurskantoor gewerk waarna hy staatsamptenaar geword het.

Preller, wat reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog vir Engelse en Hollandse nuusblaaie geskryf het, is in dié oorlog as gevangene na Indië verban en met sy terugkeer het hy redakteur geword van Eugène Marais se Land en Volk. In 1903 het hy hom op uitnodiging van genl. Botha by De Volkstem aangesluit. Hy was ook die leier van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging in die Noorde. (Die Tweede Beweging (Kannemeyer 1974:16) was 'n landsbeweging wat verskillende hooffigure in die onderskeie provinsies gehad het.)

Die Universiteit van Stellenbosch het Preller ook 'n ere-doktorsgraad aangebied uit erkentlikheid vir sy dienste as historikus en taalman.

Preller (Schwellnus Bylae:III) kon ook met die grootste gemak enige soort artikel skryf en het geglo dat mens beter kon skryf as die bioskoop gereeld besoek word, want deur na rolprente te kyk, bly mens op die hoogte van sake.

„Oor vrouemodes het hy ook vir niemand agteruit gestaan nie en was hy op 'n keer die enigste man wat saam met 'n aantal vroue 'n tentoonstelling van onderklere bygewoon het."

Preller (Erasmus 1970:117) was redakteur van Ons Vaderland tot in 1932, waarna die naam van die blad verander het na Die Vaderland. Hy het redakteur gebly tot in 1936 toe Die Vaderland Johannesburg toe verhuis het (Schwellnus Bylae:III).

Eugène N. Marais (Erasmus 1970:143) was Preller se geniale medewerker en boesemvriend wat by Ons Vaderland diens aanvaar het met die trek van die blad na Pretoriusstraat 361 van Bloedstraat 190 af in Oktober

1925 (Erasmus 1970:115). Oor die lewe van Eugène Marais kan Die Groot Verlange, deur Leon Rousseau, gelees word. Die boek is in 1974 deur Human en Rousseau uitgegee. 'n Lewensskets is gevolglik oorbodig.

2.1.2 <u>DIE BLAD SELF</u>

In die eerste uitgawe van Ons Vaderland (Erasmus 1970:56) op 10 September 1915 word op die hoofartikelblad reg bokant die begin van die hoofartikel gesê dat Ons Vaderland se adres Bus 20, Pretoria, is en die telegramadres slegs VADERLAND. Die telefoonnommer word aangegee as 548.

Dié kennisgewing lui verder:

„Intekengeld £1.00 per jaar, 10/6 vir ses maanden. Inteken vormen op aanvraag te krijgen.

ADVERTENTIE TARIEF.

Enkele plaatsing: 4/- per duim, Enkele Kolom. Harhalingen half prijs.

STAANDE ADVERTENTIES.

3 maanden - 1/6 per duim enkele kolom, per plaatsing.

6 maanden - 1/3 per duim enkele kolom, per plaatsing.

12 maanden - 1/- per duim enkele kolom, per plaatsing.

Dubbele of meer kolommen: Pro rata.

Alle soorten Drukwerk tegen konkurerende prijzen aangenomen, vraag prijs opgaaf.

LET OP! Wanneer u uw adres verandert, gelieve ons dadelik kennis te geven!

Gedrukt en uitgegeven door „DIE NOORDELIKE DRUKPERS MAATSCHAPPIJ, BEPERKT." 290 Bloedstraat, Pretoria.

'n Tariewe-beriggie (Ons Vaderland 9 Januarie 1931:2) lui: „Geboorteberigte, Verlowings, Huwelike, Doodsberigte: 1d per woord. (Mienimum 2/6) Herhalings ½d per woord. In Memoriam: 1d per woord. (Mienimum 2/6). Te Huur, Te Koop, Verlore, Gevind: 1d per woord, herhalings ½d per woord. (Mienimum 2/6) Betrekking Gevra: 12 woorde vir 6d, daarna

elke 6 woorde of minder 3d. Herhalings halfprijs."

Die eerste berig wat in Ons Vaderland (8 Januarie 1918:2) geplaas is oor die blad se groei, verskyn op die hoofartikelblad onder die opskrif Ons Koerant in 1918.

In dié beriggie sê die koerant dat die blad die afgelope jaar fluks vorentoe gegaan het en die Noordelike Drukpers ook goeie werk gedoen het, „sodat die aandeelhouers wat kort gelede 'n vergadering gehou het, heeltemal tevrede was."

Ons Vaderland spreek hom ook uit teen sy kastige vriende wat persoonlike gewin voorop stel, „maar die een nog die ander was in staat die vooruitgang van ons blad te keer."

Die papiernood is ook nou iets van die verlede. „Van nou af aan sal die leser 'n vinniger groei sien van ons blad, ook wat die grootte betref. Ons het tamaai-planne vir die toekoms; 'n dagblad is die ding wat ons, Nasionaliste, in Tvl. bitter nodig het."

As pleidooi deur Ons Vaderland met die oog op verdere groei word dit ook duidelik gestel dat 'n ieder en 'n elk aandele mag koop in die Noordelike Drukpers Maatskappy Beperk. Almal mag ook nuusbrokkies na die koerant stuur. „Moet net nie te warm skrijf nie - want ons weet daar is baje dinge wat opgekrop is in ons harte en wat ons graag wil lug gee - maar moet ook nie bang wees nie."

Advertensies en drukwerk word ook gevra. „Boterpapier, trouwkaartjies en enige soort werk van die aard word deur die Drukkerij met die grootste netheid uitgevoer."

Nog 'n sprekende voorbeeld wat in Ons Vaderland (17 Januarie 1919:2) verskyn oor die groei van die blad, sê Ons Vaderland boer vooruit en skryf sy sukses toe aan onder meer die groei van die Nasionale Party. „En wat ons koerant betref, hier is 'n staatjie wat duidelik praat: - In die laaste drie maande het ons 261 nuwe intekenaars gekrij; 90 het die laaste 2 weke ingekom.

In die laaste 3 maande het 17 intekenaars afgeval (15 deur sterfte, als gevolg van die pestilensie; 2 bedankings sonder opgaaf van redes). Dus het ons intekenaars in die laaste kwartjaar 244 meer geword."

Ons Vaderland sê verder dat as die verkiesing op hande is, die blad daagliks sal moet verskyn en daarvoor is meer toerusting nodig. Die pleidooi is dat „die geld daarvoor moet kom uit aandele wat die Afrikaners moet uitneem."

Ons Vaderland (8 Julie 1927:7) is dankbaar oor die hoë getal intekenare op die koerant wat gewerf word deur reeds ingetekendes. „Meer as 500 het ons in Juniemaand ingeskrewe en uit begeleidende briewe sien ons dat daar intekenare is wat g'n moeite te groot ag nuwe intekenare te kry."

Ons Vaderland (25 Februarie 1919:4) kondig aan dat dit voortaan in 'n groter lettertipe sal verskyn „en die bladsye dus nie meer vier of ses sal wees nie, maar agt."

Van vroeg in 1929 af het die koerante tot 16 bladsye verdik en Ons Vaderland (28 Mei 1929) het van toe af gewoonlik twee of drie hoofartikelblaaie bevat met verskillende hoofartikels. Dit skyn te wees dat die dagbladartikels (sien verder in dié hoofstuk dagbladaankondiging) in die halfweeklikse blad (Ons Vaderland) herhaal word of ten minste die belangrikste hoofartikels en kommentaar. Met die politiek en ander nuus skyn dit ook die geval te wees.

In Ons Vaderland (31 Mei 1929:4) verskyn 'n hoofartikel oor die Engelse Waterberg Boerevereniging met die datum 25 Mei tussen hakies daarna. In dié uitgawe verskyn ook drie volledige hoofartikelblaaie.

Teen die end van 1929 het Ons Vaderland in drie dele begin verskyn. Die eerste deel bestaan gewoonlik uit agt bladsye, die tweede deel uit ses en die derde uit vier.

Die eerste deel bevat politieke nuus, beriggies oor misdaad, kennisgewings oor geregtelike verkope, debatsverenigings, stadsnuus, die hoof-

# Ons Vaderland

**Offisiele Orgaan van die Nasionale Party.**

…argang XV | Verskyn Dinsdag en Vrydag.. | Pretoria, Dinsdag 6 Augustus 1929. | Geregistreer as 'n nuusblad by die Poskantoor. | No. 1417.


ROOK
VAN
SE B…
MAGALIES…

## …lle aandag …et

### …EDOEN IS

### … dissipliene

…s

…voedende dissipliene. In …ps is baie jong kêrels, wat …ne vir die land gered is. …ense moet ons oppas. Die …enle gedemoraliseer word …g geen moed verloor nie …ulle werk gee waar hulle

…l voor die oprigting van …o in Suidafrika met wie …rs in aanraking kan kom … op te vul. Daar is baie … 'n dwa… …lonie hoort te … wie die …indertjies moet … behoorlik opgevoed word. …ging spreek hy die mening

## Pretoriase Dame val van Moterfiets

### Word in Lospitaal verpleeg

Gisteraand om 10.30 werd die ambulans naar die trem-terminus, Pretoria-Wes, ontbied, alwaar 'n dame, mej. Anna Jakobs, van 414 Von Hagenstraat agter van 'n moterfiets afgeval het. Sy is onmiddellik naar die hospitaal vervoer, en toe ons gisteraand nog daarheen opgebel het, was nog geen nuws verkrygbaar insake die aard van die beserings wat sy opgedoen het nie.

Ons verstaan dat 'n sekere mnr. Stanley, van 59 Mayville, vinnig met K…kstraat van die stad se kant afgery het met mej. Jakobs as passasier agterop. Toe hy die spoorlyn in Kerkstraat kruis, is mej. Jakobs waarskynlik van haar sitplek afgeslinger.

Later.—By die terperse gaan verneem ons dat mej. Jakobs, nadat haar beserings verbind werd, uit die hospitaal …

## Mnr. Fourie benoem as Minister

### Neem plek van min. F. W. Beyers

**Mnr. Beyers se uittrede uit die Kabinet is 'n groot verlies, sê die Eerste Minister**

(*Eie Berig.*)

KAAPSTAD, 5 Aug. —In die Volksraad vandag het die Eerste Minister bekend gemaak dat mnr. A. P. J. Fourie, Administrateur van Kaapland, as Minister benoem is in die plek van mnr F. W. Beyers.

Laasgenoemde het om gesondheidsredes bedank as Minister van Mynwese en Nywerheid vanaf 1 Augustus. Genl. Hertzog het die uittrede van mnr. Beyers uit die Kabinet beskryf as 'n groot verlies.

(Mnr. A. P. J. Fourie, voormalige lid van die Kaapse Prowinsiale Raad, is in Januarie, 1926, aangestel as Kaap-

## Drakensberge lê wit van Kapok

### Koue weer word byna orals ondervind

Die hoofstad het gister, en veral gisteraand, buitengewone gure weer ondervind. Die lug was byna die hele dag betrokke, terwyl 'n koue suidoostewind alma die toevlug naar warm jasse laat neem het.

Volgens berigte wat ons uit die Vrystaat bereik het, lê die Maluties en die Drakensberge wit van die kapok.

JOHANNESBURG, 5 Aug. — Johannesburgers was vandag glad nie geneë om die vakansie in die opelug deur te breng nie. Die skielike koue wat die Goudstad gisteraand oorval het, het vanoggend onverminderd voortgeduur. Yskoue winde, met fyn stof belaai, het om die straathoeke gewaai en selfs die warmste jasse kon die erge koue nie keer nie. Die gevolg was dat betreklik

## Adm. Wilcocks open A… Konferensie in Bloe…

### 'UNIE MOET SY PRODUKTE…

### 'Wonderbare ontwikkeling h… jare in Suidafrika plaa…

(*Reuter.*)

BLOEMFONTEIN, 5 Aug.—Afgevaardigdes uit alle dele van die Unie, behalwe dié wat met die trein van Kaapstad verwag word, was teenwoordig toe die tweede Al-Afrikaanse Konferensie vanmore om 10.30 geopen werd. Die President, mnr. Fearnhead, het te kenne gegee dat, as gevolg van 'n oponthoud op die lyn naar Kaapstad, die Kaapse afgevaardigdes nie voor tweeuur verwag word nie. In sy openingstoespraak het die Administrateur, mnr. C. T. M. Wilcocks, verklaar dat die Sentrale en Uitvoerende Komitee van die voorgestelde Suid- en Sentraal- deur sy Administrateur te versoek om

Voorts he… klaar dat ni… mening te u… of anders va… toonstelling … te gee vir of … is egter bly … om aan hierd… gadering va… teenwoordigh… belangstel in … te sê dat di… die Unie van… en sy produk…

In die tyd … en padmoter…

artikelblad, geskiedkundige verhale, korrespondensie en streeknuus.
Afdeling twee bevat weer 'n hoofartikelblad, menings van lesers, kabelnuus en binnelandse nuus.
Afdeling drie handel oor sport, markte en plattelandse nuus.
Sommige koerante hierna het uit vier afdelings bestaan met as toegifte motornuus asook berigte en verslae oor feeste en loopbaanvoorligting.
'n Ernstige beroep is deur Ons Vaderland (13 April 1920:6) op die publiek gedoen om in te teken op die koerant omdat salarisse by die Ons Vaderland verdubbel het en papierpryse „zijn tot 7 maal zo duur geworden." Die intekengeld op die blad bly egter onveranderd.
Ons Vaderland sê ook in dieselfde beriggie hy geniet die onbeperkte vertroue van duisende Afrikaners. „Onze geschiedenis is waarborg dat we dit vertrouwen ongeschonden zullen bewaren."
In 1921 het vir die eerste keer nie meer net advertensies op Ons Vaderland (7 Junie 1921:1) se voorblad verskyn nie, maar ook Randse nuusbrokkies onder die opskrif Splinters van Benoni: „Ons nuwe predikant, ds. Feenstra, sal die eerste week in Julie hier wees." Nuus uit die Senaat verskyn ook op dié bladsy. (Laat in 1925 het die voorblad weer net uit advertensies bestaan.)
In dié koerant het kolomme ook hier en daar breër begin word. 'n Bladsy het gewoonlik dusver uit agt kolomme bestaan en een kolom is nou so breed soos vandag se 1,6 kolomme saam - dus nou vyf kolomme. Foto's het ook in 1921 bietjie meer geraak oor byvoorbeeld trekkers wat afgeneem is by 'n tentoonstelling in Pretoria.
In Ons Vaderland (3 Mei 1929:1) verskyn weer berigte op die voorblad en nie net meer advertensies nie. Dit is veral politieke nuus wat op die voorblaaie begin verskyn het en in dié geval was die opskrif Min. Grobler se Triomftog.
Van As (Bylae:VII) sê hy het as tegniese redakteur van Ons Vaderland op 23 April 1929 besluit dat die voorblad nuus moet bevat, maar dit

is nie raakgeloop nie omdat dié baanbrekerswerk waarskynlik op die voorblad van 'n dagbladuitgawe van Ons Vaderland verskyn het.

Ons Vaderland (25 Augustus 1922:4) het nie 'n geheim daarvan gemaak dat die geldskoen gedruk het nie. Op die hoofartikelblad sê Ons Vaderland ter inleiding 'n intekenaar kla dat sy werkgewer hom wil afdank as hy nie die lees van Ons Vaderland staak nie.

Ons Vaderland meen dit is 'n doring in die oog van sekere mense dat Ons Vaderland in weerwil van groot geldelike moeilikhede en aanhoudende teenwerking die sterkste koerant geword het in Transvaal wat die getal intekenaars betref; „ons sluit hier die Engelse S.A.P.-koerante van Johannesburg uit, maar al die ander blaaie - ook die regerings-organe - sluit ons in. Ons klop dies almal. Deur afkeurenswaardige taktiek soos hierdie sal hulle nie vir ons verswak nie, eerder sterker maak, want ook die weldenkende S.A.P.-vrinde sal verontwaardig daaroor voel!"

Bostaande kommentaar op die hoofartikelblad is 'n duidelike bewys dat die Ons Vaderlandmanne alles in die stryd gewerp het om die blad te laat slaag. Ten spyte van die geldelike nood het die sirkulasiesyfer ook gestyg soos uit die artikel blyk - 'n teken van groei.

Ons Vaderland (16 Januarie 1923:4) sê hy is besig om £10 000 bymekaar te maak sodat daar oorgegaan kan word tot die stigting van 'n dagblad. Die blad gee ook in die beriggie te kenne dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n Engelse koerant.

In dieselfde uitgawe, maar op bladsy ses, sê Ons Vaderland daar moet gestreef word na 'n dagblad in Transvaal en daarvoor is 'n meer sentrale gebou in Pretoria nodig. 'n Engelse blad moet ook gestig word om die werksaamhede van die Nasionale Party te bevorder. „By die volgende verkiesing, wat moontlik naby is, moet ons die oorwinning behaal - En dis alleen moontlik as Ons Vaderland meer kapitaal kry."

Volgens die beriggie sê Tielman Roos, die Transvaalse N.P.-leier, ook

die toekoms kan net gered word deur die koerant uit te brei.

Op die hoofartikelblad van Ons Vaderland (16 Februarie 1923:4) verskyn die volgende Kennisgewing:

„Die vorms vir aandele wat geteken is, moet so gou moontlik opgestuur word aan Bus 20, Pretoria, saam met geld. Die laaste Nasionalis moet aandele neem. Bedink dis 'n volksaak en baie dringend."

Ons Vaderland het die vooruitgang van die koerant tot groot hoogte gesien as voordelig vir die verstewiging van die Nasionale Party en het vorms gepubliseer wat ingevul kon word deur voornemende aandeelhouers. Vir dié vorms is gereeld beroepe in die koerant gedoen, want afgesien van 'n inkomste aan die plasing van advertensies en intekengeld was die inkomste aan aandele skynbaar al inkomste wat Ons Vaderland ontvang het om die koerant te druk, geboue te huur en salarisse te betaal.

Nog 'n kennisgewing lui dat „aandele-applikasies die volgende week in moet wees, want die uitbreidingskomitee vergader om 10 uur Saterdagmore, 10 Maart." (Ons Vaderland, 2 Maart 1925:5)

Op die hoofartikelblad van Ons Vaderland (20 April 1923:4) word weer 'n ernstige beroep gedoen in verband met die aandele: „Daar is nog verskeie vootsitters van afdelingskomitees wat gewillig is om garansies vir die verkoop van aandele te teken. Hulle moet tog nie wag nie, maar die getekende vorms dadelik vir ons leier stuur."

Ons Vaderland (30 Junie 1925:4) kondig aan dat hy 'n nuwe setmasjien ryker geword het. „Hierdie masjien het drie soorte koerantletters en drie soorte advertensieletters. Hierdie masjien het nodig geword deur ons steeds toenemende aantal intekenaars en die pragtige ondersteuning wat ons advertensie-kolomme aangaat. So 'n „Intertype" kos baie geld. Wel £1 265."

Dié beriggie is een van die talle voorbeelde wat 'n ongekende groei uitbeeld en uiteindelik kon ook aangekondig word dat Ons Vaderland

(13 November 1925:2) van Bloedstraat 290 af verhuis na Pretoriusstraat 361, „tussen Prinsloo- en Du Toitstraat."

Selfs 'n rolpers is uit Duitsland bestel. Ons Vaderland (9 Maart 1928:7) sê daar is tot dié stap oorgegaan as bydrae tot die stigting van 'n dagblad en dit het reeds in Suid-Afrika aangekom. „Dit is die Duitse rolpers, vir die Dagblad van „Ons Vaderland" - die mooiste en die mees moderne masjiene van sy soort in ons land - En, - nou sal't nie lang meer duur nie!"

Ons Vaderland (1 Februarie 1929:9) kondig aan dat van Saterdag, 16 Februarie 1929 af 'n oggendblad uitgegee sal word, maar geen naam vir die nuwe koerant word in die Ons Vaderlanduitgawes genoem nie en 'n bewys hiervan is (Ons Vaderland, 16 Augustus 1929:4) „Intekengeld vir die Dagblad is £2 per jaar vooruitbetaalbaar ... Halfweeklikse Uitgaaf (verskyn Dinsdae en Vrydae): £1 per jaar. Intekening geskied regstreeks deur die kantore van Ons Vaderland."

„Ons dagelikse uitgaaf sal gebruik maak van die beste binne- en buitelandse nuusdienste, versterk met 'n wydgetakte eige Transvaalse diens, eige Parlementêre diens en agtermekaar dienste vir Pretoria en die lengte van die Goudrif, asook vir alle vertakkinge van Sport, ens."

Ons Vaderland sê die eensydige en misleidende wyse waarop berigte oor gebeurtenisse van nasionale belang die afgelope tyd voortgesit is deur die bestaande dagblad in Transvaal, „het die laaste stoot gegee aan die sterke begeerte naar 'n eige Nasionale blad."

Verder word gesê die halfweeklikse uitgawe sal aanmerklik vergroot en daarin het sedertdien verskeie hoofartikels verskyn met 'n datum onderaan. Dié datums was gewoonlik ouer as die datum van die uitgawe self, waaruit slegs afgelei kan word dat goeie en belangrike artikels en veral hoofartikels uit die dagblad in die halfweeklikse blad herhaal is.

Ons Vaderland (5 September 1930:9) kondig op die hoofartikelblad met

spyt aan dat die dagblad van Saterdag, 6 September, af gestaak sal word en as bewys van 'n korte bloeitydperk en groei 'n aanhaling uit die aankondiging:

„Ons het agtien maande gelede, om presies te wees, op 16 Febr. 1929, - ons dagblad beginne met 'n betrekkelik kleine leserskring. Die verspreiding het gestadig toegeneem, totdat die blad 'n leserskring gehad het wat groter is as die van énige Afrikaanse dagblad in die Noordelike deel van die Unie."

Die rede vir die staking kan moontlik daaruit afgelei word dat, hoewel die besluit betreur word, dit die „bestuur en die besigheidsafdeling egter sal onthef van aansienlike sorge, aangesien die dagblad se voortsetting van allerlei hoofbrekers gebreng het."

In Ons Vaderland (8 Desember 1931:4) word op die hoofartikelblad ook aangekondig dat die ou maatskappy (Noordelike Drukpers) ondergegaan het. Die depressie het klaarblyklik 'n sware tol geëis.

Hoewel later meer oor die ondergang van Ons Vaderland is dit hier paslik om bewyse te lewer van die groei en uitbreiding wat gedurig nagestreef is. Ons Vaderland (8 Desember 1931:4) sê Transvaal mag nie sonder 'n eie koerant wees nie, gesien veral „hoe onse prowinsie die grootste aantal Nasionaliste naar die Volksraad toe afvaardig.

„Genl. Hertzog e.a. Afrikaners het dit ingesien en daarvoor gesorg dat 'n nuwe maatskappy, met nuwe kapitaal, opgerig word. Hierdie maatskappy sal die hoofdorgaan van die Party uitgee ..."

In die hoofartikel word ook gesê waar die ou blad in die verlede gesorg het vir duisende, word dit nou tienduisende wat geestelike voorligting sal ontvang - „Daar breek 'n nuwe dag aan vir ons Land en Volk. Ons gewaar die eerste wit lemier in die Ooste. En ons vóél dat dit vir ons Volk 'n mooier en skoner dag word as wat ons nog beleef het ... Onder die ou strydleuse uit die dae van die Republiek „Waarheid, Vryheid,

Reg", wil ons met die Nuwe Jaar met 'n koerant tevoorskyn kom wat dit vir die Afrikaanse huisgesin oorbodig sal maak om 'n tweede daarop na te hou."

Ons Vaderland (9 Februarie 1932:4) sê in die hoofartikel dat Ons Vaderland „nou definitief oorgeneem is ... en dat die eerste uitgawe van die nuwe blad „Die Vaderland" op 19 Maart verwag kan word en tot daardie tyd sal die huidige koerant bly verskyn."

2.1.3 <u>EERSTE PLASINGS</u>

<u>FOTO'S</u>

Ons Vaderland (17 April 1917:4) het die eerste foto in dié uitgawe geplaas met die opskrif Tussen de Vrouwen en „Hunnen".

Die byskrif lui: „Genls. Botha, De Wet en De la Rey worden ontvangen door duitse dames te Berlijn (1902). Botha ontvang £10 000 vir die boere. Is dit uit dankbaarheid daarvoor dat daar tans te Pretoria 130 vrouwe en kinders van dieselfde nasie as krygsgevangenes behandel word?"

Die tweede foto het in Ons Vaderland van 27 April 1917 op bladsy drie verskyn.

<u>SPOTPRENTE, GRAPPIES EN STROKIESPRENTE</u>

Die eerste spotprent het in Ons Vaderland van 6 Mei 1917 verskyn. Dit gaan oor genl. Botha wat genl. Hertzog, die prediker van die nasionale evangelie, se mond toedruk. Ons Vaderland sê dit is die Suid-Afrikaanse Engelse wat genl. Botha so voorstel, maar dat dit te laat is om monde toe te druk. „Stellenbosch heeft weer gewezen, dat waar engelsgezinden en basterds Botha aanhangen, de werkelike Afrikaners 't Nasionalisme en z'n voorstrijder liefhebben en hem met geesdrift aanhoren."

Sketsgrappies het vir die eerste keer in Ons Vaderland van 25 September 1923 op bladsy vyf verskyn - ten minste 'n bladsy vol op 'n keer.

Die eerste strokiesprent verskyn in Ons Vaderland van 23 Oktober 1928

op bladsy drie. Dit gaan oor Oom Gawie wat bevind dat stedelinge net so gasvry is as plattelanders.

Die tweede reeks strokiesprente verskyn op 30 Oktober 1928 op bladsy drie en handel oor Oom Gawie, wat 'n moderne eetmaal bywoon.

SPORT

Onder die opskrif Sports (Ons Vaderland, 22 April 1919:2) verskyn die blad se eerste sportberig wat lui dat 'n sportbyeenkoms op Klipfontein in die distrik Heidelberg gehou sal word op 10 Mei - „grote sports, zoals paarde wedrennen. De intreegelden zullen heel laag zijn. Kinderen zullen hun eigen sports hebben, en veel genieten. Goede, smakelike kost zal heel goedkoop verkrijgbaar zijn." Geen dronkie of iemand wat lelik praat, sal toegelaat word om die verrigtinge by te woon nie.

Boeresportberiggies het algemeen voorgekom, maar die eerste volwaardige toentertydse sportuitslag het in Ons Vaderland van 6 Junie 1922 op bladsy vyf onder die opskrif Rugby verskyn: „Die volende is die verslae van laas Saterdag se spelle: -

CURRIE BEKER

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal ............ | 3 | Westelike Prov ........ | 3 |

CARLTON BEKER

| | | | |
|---|---|---|---|
| T.U.K. (b) .......... | 16 | P.S.A.S. ............. | 0 |

EERSTE KOMPETISIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| S.A.S. ............... | 9 | E.R.P.M. ............. | 6 |
| Harlekyne ............ | 14 | Diggers ............... | 11 |

Die tweede volwaardige sportberig wat ek teengekom het, is in Ons Vaderland van 22 Desember 1922 op bladsy 2. Dit gaan oor 'n krieketwedstryd tussen Engeland en Transvaal wat weens reën gestaak moes word. In die berig word gesê Engeland het Dinsdagoggend „hulle twede beurt in hulle wedstryd op die Wanderers met Sandham (4) en Russel (10) voortgesit teen die boulwerk van Hall en Nupen."

# ADELPHI KINEMA

(Kinemas Limited).

KERK STRAAT, PRETORIA.
VANAAND om 8 uur, Dins. & Woens.
Matinee Woensdag.
Op Spesiaal versoek:

## THE SPY

Die groot opwindende misterie.

Donderdag, Vrydag & Saterdag.
H. B. WARNER, van "Sorrell & Son" beroemdheid in

## 'THE ROMANCE OF A ROGUE'

deur RUBY M. AYRES.

# OPERA-GEBOU

(Afrikaanse Teaters, Beperk.)

## VANAAND

DIE
Grand Rolprent
Program
oorgeplaas vir die week
naar die

## OPERA-GEBOU

## 'THE MYSTERY CLUB'

DONDERDAG TOT SATERDAG
REGINALD DENNY
IN

## "FAST AND FURIOUS"

2/-, 1/- en 6d.

504—1

# GRAANSAKKE

2½ lb. "A" Graansakke, "Liverpools", in bale 300.
Aflewering Junie/Sept. 10½d. elk.
2¼ lb. Graansakke, in bale van 300, aflewering Junie/Sept., 10d. elk.
No. 1 Graansakke, sonder gate of lappe, 9d. elk.
No. 2 Graansakke, gewaarborg sonder gate, maar netjies gelap, 7½d. elk.
Wolpakke, 11¼ lb., in bale van 50 of minder, 4/- elk. Aflewering Jun./Des.
Baalverf (ingevoerde): Rooi, 6/6 per galon; Swart 6/3 per galon.
"Soldier"-merk of "Drummer Boy" Skaapskêre, 4/6 elk.
Beste Seilgare, 9d. en 1/- per lb.
Alle kwotasies V.O.S. Durban.
Onderhewig aan mark veranderings.

# Geklassifiseerde Advertensies

### TUIE EN SAALS.

£7 5s. koop pragvolle ligte stel Dubbele Kartels. Sterk gemaak, nuwste model, massief metale montéring; 'n absolute kopie teen die prys van £7 5s. Franko gelewer naar Unie-stasies; geld met bestelling of k.o.a.; katalogus gratis. Skryf aan:—Alf. Kantorowich, Bus 1702 T., Kaapstad.
305—26x

70/- Koop 'n nuwe Semi-militêre Saal, met leer gevoerde kussings, kompleet met koord-buikgord, stiebeuelrieme en stiebeuels. Prys £3 10s. Franko gelewer naar enige Uniestasie, k.o.a. of geld met bestelling. Katalogusse gratis. Skryf aan:—Alf. Kantorowich, Bus 1702, Kaapstad.
305—26x

### SOUT.

SOUT.—Vriende, as julle sout wil hê, onthou ons lewer dit vir julle vry op trok Brandfort of Bloemfontein: A1, Sneeuwit, 4/6; No. 1, Suiwer, 4/-; No. 2, Wit, 3/6; Tafel- en Bottersout, 8/6; in linnesakkies van 40/5 pond, 18/6. Almal gewaarborg 203 pond en vry van kalk.—Venter & Venter, Rustplaats, Florisbad, Bradfort.

BEROEMDE Sout!—Ons eie land s'n! A1-huishoudsout, 4/6; No. 1, suiwer wit, 4/-; No. 2, 3/6. Fynsout, 8/-. Fyn, in linnesakkies van 40/5 pond, 18/-. Almal 203 pond.—Bestel by: D. S. du Toit, Brandfort, O.V.S.

HAAGENSPANSE Standaard-Soutwerkplase.—As u waarde vir u geld wil hê, koop by my. Ek waarborg suiwerheid. A1, 4/6; No. 1, 4/-; No. 2, 3/6.—J. P. Oosthuizen, P.K. Soutpan, oor Brandfort, O.V.S.

### DRUKWERK.

BY ONS VADERLAND kan u goedkope en netjiese drukwerk van enige soort laat doen. Probeer ons eenmaal, en u sal oortuig wees.

### BELANGRYK VIR BOERE.

GEENTE BOME, Perskes, Pruime, Appelkose, Vye, Druiwe, Appels; mooi gesond. Tevredenheid gewaarborg. Appels luisvry; druiwe feloksera-vry, 9d. tot 1s. stuk. Vry pryslys.—W. Hugo, Bulpan, Witbank.

TWEDEHANDSE Graansakke. Nou is die tyd om uw graansakke te koop. No. 1, sonder gate en lappe, 8½d stuk; No. 2, gelap, 7½; Aartappeisakke, 5½d V.O.S. Durban. Spesiale pryse

### VAKANTE BETREKKINGS.

MEISIE benodig om agter 2 skool-kinders te kyk, en in die huis te help. Doen aansoek by 1110 Pretoriusstraat, Pretoria.
500—

KNAPPE Bediende (Meisie) vir teekamer. Doen aansoek Central Tea Room, 308 Kerkstraat, langsaan Adelphi Kinema.
501—3x

### LOSIES.

KAAPSTAD. — Arcadia. Populêre Privaat Hotel van Afrikaanse Parlementslede, Avenuestraat, Tuine, Kaapstad. Gerieflik. Billik.
354—t.o.

OOST-LONDEN. — Die Afrikaanse Losieshuis is die naaste boere-losieshuis aan die swemplekke. Ook spesiale inrigting vir siekmense. Warm en kou water in badkamers. Goeie behandeling gewaarborg. — Mevr. J. C. Snyman, 5 Reestraat, Oost-Londen. Foon 582.

KAAPSTAD.—Gaan tuis by Privaat Hotel Victoria, 52 Koningin Victoriastraat, Kaapstad, as u kus-toe gaan. Sentraal geleë; naby trem en trein; regoor Bataviese Tuin. Plek vir moters. Losiesgeld billik.—Mevr. L. van der Westhuizen.

CARDOZA HOTEL. — Redelike terme. 'n Sindelike en aangename tehuis.—Mevr. Trouw, 351 Skinnerstr., Pretoria.

### KAMER TE HUUR.

EEN Voor Slaapkamer, uitsteken geskik vir twee studente. Losies kan verkry word. Goeie tafel word gehou. Naby die T.U.K. Doen aanvraag by 63 Rissik Road, Pretoria.
483—3

UITSTEKENDE groot dubbel voorkamer te huur, vir getroude paar of twee ongetroude here, met losies, groot tuin, tennisbaan, op 1ste trem en bus trek. Terme baie redelik. Doen aansoek te 176 Presidentstraat, Sunnyside, Pretoria.
494—

### HUIS TE HUUR.

'N GOEIE en degelike Woonhuis, 4 kamers, kombuis, spens, badkamer, met buitegebou, ens. 51 Marthastraat, Sunnyside. Lae huur vir nette en kleine familie. Doen aansoek 54 Ministraat, of 1229 Pretoriusstraat, Hatfield.
499—3

### LOSIES EN INWONING.

Na 'n halfuur se speel „is die tekort van 51 op die eerste beurt van Transvaal deur die besoekers aangesuiwer, en met die skoor op 74 het Russel sy eerste vyftigtal voltooi. Die eerste boul verandering is gelyktydig gemaak toe Dixon vir Hall aan die stadkant van die baan afgelos het."

Die nuwe bouler was op sy stukke, maar die telling was kort voor lank 101. „Tydens die pouse het dit so hewig begin te reent dat dit onmoontlik was om teen vieruur die wedstryd te hervat, weens die nattigheid van die baan." Die totaal het op 119 bly staan.

MODE

Die derde of vierde mode-artikel wat in Ons Vaderland verskyn, is te sien in die uitgawe van 24 Januarie 1928 op bladsy 9 onder die opskrif Die Allerfraaiste uit Parys se Modewêreld. Dit is 'n rubriek met sketse daarby wat die mode demonstreer en in dié uitgawe se rubriek word tuine bespreek asook byvoorbeeld Eau de Cologne (Keulse water), hoedjies en damesrokke asook die maak van kinderklere.

ADVERTENSIES

Geklassifiseerde advertensies het vir die eerste keer op 6 Augustus 1929 op bladsy vier in Ons Vaderland verskyn. Die hoofde waaronder die advertensies geplaas is, is Tuie en saals, Sout, Drukwerk, Belangrik vir Boere, Opvoedkundig, Musiek, Vakante Betrekkings, Losies, Kamer te Huur, Huis te Huur, Losies en Inwoning, Meubels, Pluimvee, Tente en Hoofpyn.

## 2.2 HOE ONS VADERLAND VAN TYD TOT TYD GELYK HET

VRYDAG, 7 NOVEMBER 1919

Die inhoud van Ons Vaderland in die beginjare (1916-1919) word duidelik weerspieël in die voorbeeld van die uitgawe van Vrydag, 7 November 1919.

Bladsy 1: Op die voorblad staan die naam van die koerant, die datum van uitgawe asook „met De Transvaler ingelijfd" in hakies.

Negentien advertensies oor onder meer dameskouse, -hoede, horlosies, plaasgereedskap, bruinbrood, losieshuise, eiendomsagentskappe, diàmantringe en boeke versier die bladsy verder.

<u>Bladsy 2</u>: Die bladsy bevat meer as 20 advertensies oor medisyne, klere, aartappelmoere, drukwerk, kroeë, eiendomsagentskappe, boumateteriaal en prokureurshulp en dit bevat ook distriksnuus uit Belfast en Heidelberg asook partynuus van die tak Belfast.

<u>Bladsy 3</u>: Elf advertensies oor medisyne, maandblaaie wat nou op straat is, klere te koop, brille en drank verskyn op bladsy drie. 'n Artikel oor wie Niccolo Machiavelli was ('n beroemde Italiaanse staatsman en geskiedskrywer), kort brokkies nuus oor wolpryse, vergaderings wat gehou gaan word, buitelandse nuus asook persoonlike beriggies van Ons Vaderlandlesers verskyn ook op dié bladsy.

Daar word ook 'n relaas gelewer oor 'n vergadering wat op Baberspan gehou is en toegespreek is deur minister Malan. Christiana laat weet ook dat minister Malan hulle uiteindelik besoek het.

<u>Bladsy 4</u>: Dit bevat 'n reuse-advertensie oor 'n uitverkoping en ook advertensies oor poste wat by verskeie stadsrade vakant is.

Genl. J.B.M. Hertzog lewer ook op dié bladsy 'n verslag oor die komende verkiesing.

<u>Bladsy 5</u>: Op dié bladsy verskyn 'n berig oor die toestand in Europa, wat op 'n ander bladsy vervolg, asook advertensies oor uitverkopings en medisyne.

<u>Bladsy 6</u>: Dit is die hoofartikelblad wat handel oor konferensies, vrede, amnestie en Duits-Wes. Daar is ook skolenuus, Nasionale Partyvrouenuus en persoonlike beriggies. Nie minder nie as 20 advertensies verskyn op dié bladsy oor medisyne, verlowings, afslaers, tenders, basaars, waterwys, uitverkopings asook verskeie ander kennisgewings.

<u>Bladsy 7</u>: Dié bladsy bevat advertensies oor medisyne, vee-verkopings, basaars, teateraanbiedinge en mielies. Randse nuus kan ook op bladsy

sewe gesien word asook berigte oor stadsrade, huwelike, sterfgevalle, ander persoonlike berigte en oorsese kabelnuus. Preekbeurte word ook aangekondig.

Bladsy 8: Die berig oor die toestand in Europa word voortgesit en verder is daar slegs 12 advertensies oor veral medisyne en klere.

Bladsy 9: Slegs advertensies verskyn op bladsy nege.

Bladsy 10: Dit bevat advertensies asook 'n stadsraadsberiggie en nuus oor die Helpmekaarfonds op Pietersburg en Burgerspark.

Bladsy 11: Hierop verskyn 'n brief aan genl. Smuts en van die gewone advertensies oor klere, linne, horlosies, troukaartjies asook kennisgewings oor feesdae wat voorlê.

Bladsy 12: Die brief aan genl. Smuts word voortgesit en verskeie groot advertensies oor linne, medisyne en boermeel verskyn ook op die bladsy. (Dié koerant het uit 12 bladsye bestaan en nie uit die gewone agt van die afgelope tyd nie).

DINSDAG, 4 JANUARIE 1921

Die uitgawe van Dinsdag, 4 Januarie 1921, het uit agt bladsye bestaan. (Die bladsye is so groot soos tans.)

Bladsy 1: Die voorblad bevat slegs 17 advertensies.

Bladsy 2: Ses advertensies, 'n verslag oor genl. De Wet se toespraak op Dingaansdag op Reddersburg, nuusbrokkies uit die distrikte Marikana, Louis Trichardt, Pietersburg, Modder Bee wat ingestuur is onderskeidelik deur 'n korrespondent, Strop, Korrespondent en Ou Pijp, verskyn op bladsy twee asook 'n kennisgewing oor 'n vergadering wat gehou gaan word op Rustenburg deur die heer P.G.W. Grobler.

Bladsy 3: Dit bevat drie groot advertensies oor 'n spesiale vergadering van die uitvoerende komitee van die Vereniging van Staatsdiensamptenare en 'n verslag oor die dood en begrafnis van ds. W. Postma (dr. Okulis).

'n Relaas oor die vergadering wat genl. Smuts op Carolina gehou het, 'n

briewebus, nuus oor die Vroue Nasionale Party se tak op De Wildt en 'n brief oor wol verskyn ook op bladsy drie asook 'n brief uit Ermelo oor 'n boerevergadering.

Bladsy 4: Dit is die hoofartikelbald met 27 advertensies waaronder kort kennisgewigns oor onder meer betrekkings. 'n Artikel oor die politieke stryd maak ook deel uit van die bladsy asook die hoofartikel met die opskrif Die laaste, laaste Eleksie-streek! Die artikel handel oor die samesmelting van die Sappe en Unioniste en hulle skelmstreke. (Die streek is die skenking van medaljes deur die „mengelmoes partij" aan teruggekeerde soldate en hulle swart bondgenote.)

Bladsy 5: Op dié bladsy gaan die gedagtes oor die politiek voort. Doodberigte, partynuus en die briewebus verskyn ook op die bladsy. In die briewebus vra 'n getroue leser byvoorbeeld: „Sê tog bietjie waar mens vandag die regte Trypanblau kan krij. Die goed wat ons vandag moet koop, is regtig sleg - watter leser kan antwoord gee?" Algemene verkiesingsnuus en kennisgewings oor waar genl. Hertzog in Transvaal besoek sal aflê, verskyn ook op bladsy vyf asook hoe die jongste kabels lui wat ontvang is byvoorbeeld: „Melbourne (Australië), 30 Des. 'n Kleine hoeveelheid wol wordt op't ogenblik naar Duitsland uitgevoerd." Johannesburgse melkpryse verskyn ook op die bladsy.

Bladsy 6: Dit bestaan uit 'n reuse-advertensie oor 'n spesiale openingsaanbod by 'n klerewinkel asook die uitslag van die laer skolesertifikaateksamen.

Bladsy 7: Dié bladsy bevat twee advertensies, 'n versalg oor die huidige toestand in Europa, partynuus en briewe van lesers. Dit bevat ook 'n kennisgewing oor 'n kongres vir oudstryders wat in Pretoria gehou gaan word.

Bladsy 8: Op bladsy agt verskyn 17 advertensies en 'n kennisgewing wat sê dat Ons Vaderland uitgegee word deur die Noordelike Drukpers Maatschappij, Beperk, Bus 20, Pretoria. Telefoon 548. „Verantwoordelike

editeur H. Oost." Die bladsy bevat ook 'n verslaggie oor vier vergaderings wat op Marico gehou is, en 'n langer verslag oor 'n vergadering op Lydenburg wat deur genl. Smuts toegespreek is.

DINSDAG, 16 MEI 1922

Ons Vaderland van Dinsdag, 16 Mei 1922, het ook uit agt bladsye bestaan.

Bladsy 1: Dit bevat nege advertensies asook nuusbrokkies uit die distrikte Lichtenburg en Kinross.

Bladsye 2 en 3: Dié bladsye bevat altesaam 14 advertensies, die toestand in Europa word geskets en lang briewe oor nuus uit die Volksraad vul die bladsye verder onder die opskrif Briewe uit die Volksraad.

Bladsy 4: Dit is die hoofartikelblad wat die S.A.P.-Militarisme bespreek en artikels bevat oor 'n Nederlandse koerantskrywer, die uitroeiing van die boere as produkte nie duurder word nie, partynuus en 'n bespreking oor „Die Boerevrou, die geïllustreerde maandblad vir Afrikaanse vroue."

Die bladsy bevat ook agtien advertensies.

Bladsy 5: Dit bevat twee advertensies, kort beriggies onder die opskrif Van alles Wat en die jongste kabels wat ontvang is, word weergegee. Streeknuus uit Middelburg en Bethal verskyn ook op die bladsy asook 'n verslag oor die Sinodesitting van die Nederduitse Hervormde Kerk van Transvaal asook 'n brief van Jong Calvyn daaroor aan Ons Vaderland. Bladsy vyf bevat ook sportuitslae (voetbal genoem), 'n beriggie oor 'n danser asook twee kennisgewings oor opvoerings wat aangebied word.

Bladsy 6: Op bladsy ses verskyn twaalf advertensies, 'n lys van bydraes vir die Witwatersradse Noodlenigingsvereniging, briewe oor die toestand aan die Rand en christelike arbeid. Nuus oor die Provinsiale Administrasie en vooruitsigte oor die Pretoria-tentoonstelling verskyn ook op bladsy ses.

Bladsy 7: Dit bevat vier redelik groot advertensies en 'n lang berig oor die inwyding van die „Hoogenhout Hogere Skool" asook 'n artikel oor die kleurskeidslyne in die land. 'n Brief oor Afrikaanse seuns wat altyd met Engelse vroue trou, verskyn ook hierop.

Bladsy 8: Dertig advertensies verskyn op die bladsy asook 'n brief aan Ons Vaderland oor vrouestemreg, grondbelasting en staatslotery.

VRYDAG, 30 JANUARIE 1925

Ons Vaderland van Vrydag, 30 Januarie 1925, bestaan uit twaalf bladsye en is tipies van daardie jare:

Bladsy 1: Die voorblad bevat 15 advertensies en 'n brief van 'n leser oor hoe Elsburg se kommandant genomineer is. Op dié bladsy verskyn ook 'n kort beriggie oor die uitvoer van beeste na Rhodesië asook oor „skaapdippery" en wat nodig is daarvoor.

Bladsy 2: Op dié bladsy is geen advertensies nie, maar baie lang berigte oor die huidige toestand in Europa, T.U.K. se Eksamenuitslae en twee briewe van onderskeidelik Johannesburg en Carolina. Eersgenoemde brief handel oor bedankings uit die stadsraad en die brief uit Carolina protesteer by genl. Hertzog teen die aanbly van die Administrateur wat nie die vertroue van die meerderheid van die volk het nie.

Bladsy 3: Dit bevat byna 'n volbladadvertensie oor klere en linne asook kennisgewings en kleiner advertensies oor voorskotte wat verkry kan word, wyne en brandewyne, medisyne teen perdesiekte, aartappelmoere, hoofpyne en hotelle. Dit bevat ook kort beriggies oor 'n geveg in 'n hotel in Amerika, 'n bedanking uit die S.A.Party, 'n mynongeluk en 'n selfmoord op Brits.

Bladsy 4: Dié bladsy bevat 18 advertensies en kennisgewings asook 'n hoofartikel oor die vestiging van myne en geologiese bevindinge. Daar is ook 'n kleiner artikel oor 'n nuwe sensusdirekteur en 'n Engelse artikel oor die Oos-Randse minerale. Op die bladsy verskyn ook 'n brief oor hoe om veldmuise te vergiftig, 'n beriggie oor die bedanking van die Suid-

Afrikaanse Tipografiese Unie, kort nuusberiggies van oral en nuus oor skietverenigings en die nominasie van kommandante.

Bladsy 6: Agt advertensies verskyn op bladsy agt asook 'n brief oor Suid-Afrika se goudproduksie, partynuus uit Barberton, Witbank en Primrose en nuus uit Amerika. Die bladsy bevat ook 'n brief oor die nominasie van kommandante.

Bladsy 7: Dit bevat 20 advertensies en kennisgewings oor byvoorbeeld transportaktes wat verlore geraak het. 'n Engelse berig oor mynaangeleenthede verskyn ook hierop asook briewe oor 'n debatsvereniging en 'n organisasie wat op Wolmaransstad gestig gaan word wat wil omsien na die welvaart van armblankes.

Bladsy 8: Dit bevat 13 advertensies, distriksnuus, kort beriggies met die opskrif Hiervan en Daarvan asook 'n brief uit Ohrigstad oor sprinkane.

Bladsy 9: Vier advertensies verskyn op bladsy vier asook 'n lang artikel oor wette en maatreëls wat voor die deur staan, kennisgewings oor die jongste kabels wat ontvang is, markberigte en Afrikanerdae wat op Roodepoort en Olifantsfontein gehou is of gehou gaan word.

Bladsy 10: Dié bladsy bevat 19 advertensies en kennisgewings oor byvoorbeeld waar Danie Smal se konsertgroep gaan optree en 'n lang berig oor 'n nuwe landbou-afdeling asook briewe oor myntering en genl. Smuts. Twee verdere kennisgewings handel oor besmetlike siektes. Eksamenuitslae verskyn ook op bladsy tien.

Bladsy 11: Twintig advertensies en kennisgewings verskyn hierop, waaronder oor die registrasie van kiesers asook briewe oor skietverenigings en die nominering van kandidate. 'n Brief oor die Vroue Nasionale Party en 'n beriggie oor 'n eiland wat in die see weggesink het, verskyn ook op bladsy elf.

Bladsy 12: Dit bevat 15 advertensies en 'n lang skrifverklaring.

DONDERDAG, 15 DESEMBER 1927

Dié uitgawe bestaan uit 16 bladsye.

Bladsye 1 tot 5: Dit bestaan slegs uit advertensies.

Bladsy 6: Dit is die hoofartikelblad met 16 advertensies en kennisgewings. Die hoofartikels handel oor afbakeningskommissies en volksfeeste. Onder die opskrif Oraloor verskyn politieke en delwersnuus asook kort nuusbrokkies.

Bladsy 7: Dit bevat geen advertensies nie, maar wel artikels oor diamante en armblankes, kerswense van Tielman Roos, briewebus, die pes in Kaapland, Rome, Natal se nuwe Administrateur, Vlaamse kunstenaars en graansuiers.

Bladsy 8: Nuus oor die buiteland, huwelike wat voltrek is, en preekbeurte wat aangekondig word, verskyn op bladsy agt asook kennisgewings oor graansuiers, die Nasionale Vroueparty, die wolmark, Pretoria se mark en 'n brief oor 'n skoolbesoekbeampte.

Bladsy 9: Dit bevat slegs advertensies.

Bladsy 10: Dit bestaan uit reuse-advertensies en twee beriggies oor onderskeidelik die vlagkwessie en grond wat in Namakwaland deur die Regering verkoop gaan word.

Bladsy 11: Dit bevat net advertensies.

Bladsy 12: Op dié bladsy verskyn een brief oor die sogenaamde slordigheid van Ons Vaderland en verder net advertensies.

Bladsy 13: Dit bevat 'n lang artikel oor Dingaansfeeste en die geskiedenis daaraan verbonde.

Bladsye 14 en 15: Op dié bladsye verskyn 'n beskrywing van die slag van Bloedrivier deur 'n ooggetuie.

Bladsy 16: Die vorige twee bladsye se geskiedenis word voortgesit by slegs een groot advertensie oor geskenke.

VRYDAG, 12 JUNIE 1931

Die uitgawe van Vrydag, 12 Junie, bestaan uit 14 bladsye.

Bladsy 1: Die voorblad bevat slegs twee advertensies aan weerskante van die koerant se naam en verskeie politieke berigte asook foto's van minister Piet Grobler en genl. Hertzog.

Bladsy 2: Dit bevat slegs kort advertensies oor byvoorbeeld werk wat gesoek word, en kennisgewings oor onder meer boedels.

Bladsy 3: Dit bevat soortgelyke advertensies as dié op bladsy twee asook groter advertensies oor sigarette en vakansies wat in Lourenco Marques deurgebring kan word.

Die berigte op die bladsy gaan oor die parlementêre stelsel ('n vervolg van bladsy 1), kookboeke, natuurverskynsels, genl. J.S.G. Kemp se 59e verjaardag, stadsnuus, preekbeurte, mielies, Rhodes en politieke nuus van minder belang.

Bladsy 4: Dit is die hoofartikelblad met sy kenmerkende advertensies daarby en 'n artikel wat oor die die diamantnywerheid in Europa handel.

Bladsy 5: Dit bevat nuus oor die parlement, politiek, die aankoop van grond, lemoenboere en tabakplanters asook onder meer oor vendusies, 'n goue bruilof, kuns en die blanke bevolking van Noord-Rhodesië.

Bladsy 6: Dit bevat verskeie advertensies en berigte oor die opera, tenders, tsetsevlieë, 'n Britse duikbootramp, genl. Hertzog se vertrek uit Kaapstad, Kenia se blankes en die grondwet en nog drie of vier onbelangrike beriggies.

Bladsy 7: Dié bladsy bevat ook advertensies asook berigte oor 'n kultuurdag wat op die Springbokvlakte gehou is, politieke nuus en 'n oproep wat op varkboere gedoen is.

Bladsye 8 en 9: Dit bevat heelwat advertensies en briewe van lesers wat menings lug asook 'n relaas oor die werk wat deur die Afrikaanse Verbond verrig word.

Bladsy 10: Op dié bladsy verskyn advertensies, kort beriggies oor veral sport en ander gebeurtenisse van minder belang.

Bladsy 11: Dit bevat naas die advertensies 'n lang artikel oor die

Ons Va

(Met de „TRANSVAL

(OFFICIEEL ORGAAN VAN DE

chijnt Dinsdags en Vrijdags. Pretoria, Dinsdag, 7 Junie,



STERS
ADING JEWELLERS.

nde Firma
frika.

Gevestigd 57 jaar.

gouden
ng.

Zegelring, laatste model vanaf 25/- tot £5.

Prachtig Kleinood.

Diamanten ring.

Ringen.

12/6 elk.

tspelden.

Borstsp...

Prachtige pendont set met rode steentje

Vele andere in Voorraad.

RLOGES.

Aanvragen per post hebben onze prompte aandacht.

met brachelet ten vanaf £12. 10.

Prijslijst Vrij. Schrijf om een.


# RANDSE SPAANDERS.

## SPLINTERS VAN BENONI.

geagte Editeur, ek wou al eerder geskrijf het maar was nie seker of iemand anders al geskrijf het nie, want hier was eenkeer baie skrijwers, ook „Ou Haan" was net fluks, maar nou het „Ou Haan" opgehou met kraai, nou sal ek verplig wees om iets van Benoni te laat hoor.

* * *

Proponent Bosman het hier gepreek S. Eerw. het moi gepreek.

* * *

Ons nuwe kerk gaan goed aan. Ons hoop om dit binnekort in te wij. Dit sal die mooiste kerk wees in Benoni. Dis op dieselfde fatsoen van Boksburg se kerk.

* * *

Ons nuwé predikant, Ds. Feenstra, sal die eerste week in Julie hier wees.

* * *

Ons sien al uit na die inwijding van die nuwe kerk dan sal ons tog seker 'n plekkie krij in die ou kerksaal om politieke vergadering te hou.

* * *

Die politiek is op die oomblik dood hier in Benoni onder die mans. Ons hoop dat hier spoedig 'n herlewing onder die Nasionaliste sal kom.

* * *

Ek verwelkom die £2:10:0 hoofbelasting. Ek denk dat elke opregte Afrikaner met mij sal instem. Ek hoop die Provinsiale Raad sal nie notisie neem van protes vergaderinge wat hier op die Rand gehou word. Die mense wat so raas is maar gewone lawaaimakers, net jammer dat daar enkele Afrikaners onder hulle is. Ek hoop die tijd sal kom dat die enkele ook vir hulle self sal denk. Dan sal hulle uitvind dat die hoofbelasting regvêrdig is en dat die opkomende geslag daar veel nut van sal hê deur hulle geleerdheid.

* * *

Mevr. Evenwel het gisteraand hier 'n konsert gegee. Die opbreng was vir die onkoste van Mnr. Evenwel wat gestaan het vir die stadsraad. Daar was baie van die Nasionaliste gemis. Die program was regte goed vernaam die orkes. Dankie, Mevr. Evenwel, vir die lekker aand!

* * *

Met Mej. Ter Blanche gaan dit beter. Sij is nou uit die hospitaal; ons verstaan dat dit nog lank sal vat vordat sij reg sal wees.

BERGSKOT.


Gebrs.

THE POST OF

172 Kerk

(Naas di

PRE

Ons maake ons vele buite dat ons T mier Jewe sigheid hi waar die Jewellers, Ons hoop steun as i ons in Pr

Spesi

N

H. H

210 Kerks

Weens grote ver des en die beper & Kerkaan so p pakke Jasse, o die ... korting kontant niet bes posgeld.

Mormone in Suid-Afrika en 'n beriggie oor diamantslypers.

Bladsye 12 en 13: Dit bevat advertensies, parlementêre nuus en markberigte.

Bladsy 14: Advertensies, 'n lang berig oor tweetaligheid by die S.A. Spoorweë, skietverenigings, kollektelyste en partynuus verskyn op bladsy 14.

Hoewel al die uitgawes van Ons Vaderland se byna 17 bestaansjare nie almal eenders is nie, kan genoemde ses voorbeelde as 'n goeie voorbeeld beskou word van veral wat die inhoud daarvan deur die jare was.

## 2.3 VOORBEELDE VAN VERSKILLENDE SOORTE BERIGTE

Hoe die verskillende soorte berigte in Ons Vaderland saamgestel is en waaroor dit gehandel het, sal duidelik blyk uit die volgende voorbeelde:

### STREEKNUUS, NUUSBROKKIES EN KORT BERIGGIES

In Ons Vaderland (4 Januarie 1918:2) verskyn die volgende beriggie onder die opskrif Van die Rand:

„Op ou Jaars-aand het 'n taxi nabij die Turffontein Hotel 'n sekere Mrs. R. Young en 'n man, J. Collinson, aangerij en die vrouw op die plek gedood. Die man sterf op pad naar die hospitaal. Die drijver was gearresteer."

In Ons Vaderland (12 Oktober 1920:7) verskyn 'n brokkie streeknuus onder die opskrif Randse Spaanders:

„Sal die meneertjie wat net altijd staan en kijk as Ons Vaderland in die ontspanningsaal hier sij verskijning maak, en dit grijp en gaan gebruik vir skietpapier in die mijn, 'n bietjie wag tot dat die mense dit klaar gelees het?"

Onder die opskrif Uit die Distrikte verskyn in Ons Vaderland (19 Februarie 1926:11) 'n Durbanse beriggie wat waarskynlik deur 'n korrespondent ingestuur is:

„16 Feb. - Ek is bly om te kan sê dat in Durban en distrik hierdie

week so bietjie gereën het, dis vêr van genoeg, maar die droogte is darem verbreek. Die veld lyk somar al groen."

Onder die opskrif Wat in verskillende distrikte gewerskaf word van Ons Vaderland (20 Januarie 1928:12), kan onder meer die volgende streeknuus gelees word:

„Mnr. en mevr. E.M.R. v.d. Merwe, van Pietersdal, dié distrik, is op vakansie naar Durban" en „Verlede Saterdag het Paardekop nogal geleef met die huwelik van mnr. Human en mej. Badenhorst."

Nuusbrokkies onder verskillende opskrifte het ook gereeld verskyn soos byvoorbeeld die volgende in Ons Vaderland (6 Augustus 1920:5):

„Toe die uitslag van die Bloemfontein-Suid-verkiesing gistermore in die Parlement bekend gemaak word, het die Sappe en Unioniste amper uit hulle velle gespring." (Die uitslag van dié verkiesing was S.A.P. 1 089, N.P. 948, S.A.P.-meerderheid 141. (Ons Vaderland, 6 Augustus 1920:6)).

Nog nuusbrokkies wat in Ons Vaderland (22 Maart 1921:3) verskyn het, is:

„'n Spierwit bobbejaan is uit Zululand naar Londen gestuur. Die „kaffers het hom as iets heiligs beskou."

Mev. M.T. Steyn (Ons Vaderland, 22 Maart 1921:3) laat weet ook dat Emily Hobhouse (toe reeds oud) aan haar uit Rome geskryf en vertel het dat sy graag 'n huis in Engeland wil koop „om so spoedig moontlik die rus en stilte te geniet, waar sij sterk na verlang en wat sij so erg nodig het."

Mev. Steyn sê in die nuusbrokkie dat Emily Hobhouse niks weet van die fonds wat reeds ten bate van haar gestig is nie. Sy het dit goed gedink om die eerste „paaiement van £1 000 oor te kabel en vir hierdie eerste £1 000 het ons 8 000 halfkrone nodig, en daar het tot dusver nog net 2 200 ingekom."

Nog nuusbrokkies wat in Ons Vaderland (26 Augustus 1921:5) onder die

opskrif Van alles Wat verskyn, is:

„In Johannesburg is weer valse halfkrone in omloop.

Radium is in die Belgiese Kongo ontdek.

In die maand Julie 1921 is daar 205 witmense in Johannesburg dood en 261 gekleurdes."

Nog so 'n brokkie verskyn in Ons Vaderland (29 Januarie 1924:2): „Mevr. I. Grobler van Carolina was gister te Pretoria vir besigheid. Mnr. Steph. Grobler, haar man is ernstig siek."

Ook onder die opskrif Van alles Wat verskyn in Ons Vaderland (3 Maart 1925:4): „Die verlowing word bekend gemaak van mnr. F.G. Terblanch, van Boskop, P.K. Tygerpoort, met mej. Albertina Jordaan, van Boskop, P.K. Rayton. - Veels geluk."

Onder die opskrif Hier en Daaroor verskyn in Ons Vaderland (19 Februarie 1926:5) onder meer die volgende nuusbrokkies:

„Mnr. Cobham wat sy lugreis van Londen na Kaapstad voltooi het, het ook op die laaste deel van sy tog van Johannesburg na die Kaap baie belangstelling ontmoet" en

„Die Fordagente alhier het kennis gekry dat die prys van die Ford toerkar met £5 verhoog is."

Ons Vaderland (9 Maart 1926:5) bevat onder die opskrif Praatjies van die dag die volgende brokkie:

„Piet Erasmus, die Kommandant-Generaal van die Stakers Kommandoes in 1922, het by die Arbeiders Party aangesluit. Dis seker om meer solidariteit van industriële werkers onder een banier te kry."

'n Beriggie onder die opskrif Kort berichten verskyn in Ons Vaderland (14 Maart 1919:3):

„Het volgende telegram werd verzonden van Nat. Vrouwen Partij, Tak Machadadorp aan Gen. Hertzog en Leden Deputasie, Kaapstad: Uw vaderlandsliefde waarderen wij ten volle en wij vertrouwen dat uw gaan met sukses bekroond worde. Wij wensen U 'n goede reis en behouden terug-

komst."

PARTY- EN POLITIEKE NUUS

Aangesien die politiek 'n bietjie meer aandag gaan kry in die volgende hoofstuk, word hier aandag gegee aan die korter politieke nuusberigte.

'n Goeie voorbeeld van partynuus uit 'n distrik verskyn in Ons Vaderland (4 Januarie 1918:2) onder die opskrif Tak Boekenhoutkloof:

„Ons Tak wil ook graag iets van hom laat hoor. Ons het 'n verg. gehad wat deur die voorsitter met gebed geopen is. Ons voorsitter wou volgens konstitutie bedank en een van die kommissielede ook, maar dit wou nie strijk nie. Hul is weer herkies. Mnr. M.F. Kotze het 'n kort verslag gegee van die kongres. - E. CHRIS JESSE, Sekr."

Nog 'n brokkie partynuus wat in Ons Vaderland (16 Junie 1922:5) verskyn, is die volgende onder die opskrif Pirow naar P.P. Rust:

„'n Publieke vergadering sal gehou word deur advokaat Pirow te Potgietersrust op Saterdag 24ste deser om half drie n.m. in die Stadsaal. Ons verwag ook dat Pietersburg en Nylstroom van die geleentheid sal gebruik maak. C.L. Basson - Sekr. Nas. Party."

Ligte politieke nuusberiggies oor die Vroue Nasionale Party was aan die orde van die dag. In Ons Vaderland (19 Februarie 1918:2) verskyn die volgende voorbeelde:

„Mev. Melt Marais gaat Woensdag e.k. naar Krugersdorp om die twee takke daar te spreek" en

„Die hoofbestuurder van die V.N.P. vergader op Woensdag 6 Maart om die beskrijwingspunte vir die volgende Kongres na te gaan. Die takke moet sorg dat die beskrijwingspunte bij die eind van Februarie in is, ook die name van die afgevaardigdes."

Onder die opskrif Vroue Nasioanale Party Tak Pretoria Sentraal verskyn in Ons Vaderland (9 Oktober 1925:1):

Mev. A.H. Fourie laat weet dat hoewel die tak jonk is, hy darem nie

agteruit wil staan vir die ouere susters nie. „Dit is dan ook aangenaam om te rapporteer dat ons vinnig vooruit gaan wat die lede betref en die Nasionale gees betref."

Mev. Fourie sê hulle het in opdrag van die hoofbestuur met 'n fondsinsamelingsveldtog begin. „Daar is reeds £32-12-9 beskikbaar vir die Krugerfonds, watter bedrag dan ook aan die Hoofbestuur oorhandig is."

Nog voorbeelde van minder belangrike politieke beriggies wat in Ons Vaderland (25 November 1919:5) verskyn, is:

Die Nasionale Party se motor is „deur die gepeupel van Johannesburg verbrand" en nou word daar 'n beroep gedoen op bydraes om 'n nuwe voertuig te koop. „Vir die komende eleksies is dit beslis noodsaaklik, dat ons Partij 'n motor kar moet hê" en die volgende kwinkslag onder die opskrif 'n Model Regering (Ons Vaderland, 12 Junie 1923:5) lui dat, toe mnr. Strachen in die Parlement verklaar dat hy hoor-sê het, hierdie regering is 'n model-regering, het daar 'n „hoor-hoor" opgegaan uit die banke van die ministers. „Ja," sê mnr. Strachen verder, „ek het in die woordeboek gaan kyk wat model beteken, en nou moet ek sê dat ek heeltemal instem dat ons regering 'n model-regering is, want ek vind dat die betekenis van model is: 'n Namaak, in klein, van die regte ding."

<u>OORLOGSBERIGGIES EN DIE JONGSTE KABELS</u>

'n Oorlogsberiggie wat in Ons Vaderland (4 Januarie 1918:5) verskyn, lui as volg:

„'n Klomp engelse krijggevangene het van Duitsland in Holland aangekom, waar hulle nou geïnterneer is. Dis volgens die ooreenkoms wat die Duitsers en Engelse gemaak het op die konferentie in Den Haag. Die Koning het die prisoniers geluk gewens. Die Turke en Engelse gaat binnekort ook krijggevangene uitwissel."

Die volgende oorlogsberiggie (Ons Vaderland, 13 Maart 1923:5) verdien volledig vermeld te word aangesien die toentertydse politieke toestand destyds ook sy ligter sy gehad het:

„Ou Senator Munnik was kort geleë op besoek by genl. Kritzinger in Cradock op 'n kuierkie en het die volgende storie gehoor:

„Sy Kommando het tien spioene gevang en 'n groot krygsraad het hulle skuldig gevind en veroordeel tot die dood. Toe word hulle voor die Generaal gebring en hy sê vir hulle: wel volk julle is skuldig gevind en die hele wereld oor is daar net een straf vir 'n spioen en dit is die dood, julle sal vanaand om sononder doodgeskiet word.

„Die Korporaal van hulle, 'n lang Kaapse jong skrik so groot dat hy sê: „Here, kom af, luister biekie hierso, hoor wat wil die Boere met ons maak, ons is jou volk, kom help; ons is Engelse."

„Maar die het hulle niks gehelp nie, hulle is doodgeskiet.

„Toe ou Landdros Munnik die storie hoor, sê hy met 'n glimlag: aan die Hottentot was seker vertel dat as hulle net vir die Engelse veg, sou die Here 'n beskermende hand oor hulle hou."

Nuus is ook gereeld per kabel deur Ons Vaderland (28 Maart 1918:3) van oorsee af ontvang en 'n sprekende voorbeeld van dié soort nuus wat altyd onder die opskrif Jongste Kabels verskyn het, is:

„Londen, Woensdagmiddag: Genl. Haig rapporteer dat gistermiddag (Dinsdag), de vijand aanvallen deed aan weerszijden van de Somme en dat hij pad moest geven in de buurt van Braysurn Somme. Er waren lokale gevechten Noord en Noord-Oost van Albert, maar de algemene toestand blijf onveranderd."

<u>MISDAAD</u>

'n Voorbeeld van 'n misdaadverslag wat in Ons Vaderland (9 April 1918:2) verskyn het, lui:

„Vreeslike moordpartij. - Gistervoormiddag is te Potchefstroom de vrouw van staf-sergeant McKeown in haar kamer gevonden met afgesneden hals; de vrouw leefde nog; maar naast haar lagen haar dochtertjie van 4 jaar en haar baby dood met afgesneden keel. 'n Scheermes werd ook gevonden. De beide andern kindertjes speelden kalm achter't huis."

Nog 'n misdaadberig (Ons Vaderland, 1 Augustus 1922:1) lui:

„'n Kaffer, Johannes, wat op 22 Julie 'n rol klerasie uit 'n winkel in La Rochelle gesteel het, is Donderdag op Johannesburg tot drie maande harde arbeid veroordeel. Hy was al vier keer van te vore vir diefstal tronktoe."

KLAGTE EN KENNISGEWINGS

Van die algemene klagte wat Ons Vaderland (10 Januarie 1922:7) gepubliseer het, is:

D. Coetzee van Witbank laat weet Ons Vaderland per brief dat dit jammer is dat so min Afrikaners belangstel in Dingaansfees. „Dit lyk of die dure gelofte wat ons voorouers aan die Here beloof het, nou aan 'n „jingo" sports verander, en as daar nie verandering kom nie, kan daar nog swaarder strawwe kom dan die wat ons reeds het."

Nog een van die vele klagte wat ontvang is (Ons Vaderland, 1 Februarie 1918:2), verskyn onder die opskrif Ons Vaderland in die Ban:

Klagte het Ons Vaderland bereik dat die koerant se aflewering in die protektoraat Z.W.A. nie uitgevoer word nie. Ondersoek is ingestel en die volgende antwoord is van die direkteur van Pos- en telegraafwese in Z.W.A. ontvang:

„Ik heb de eer ontvangst te erkennen van Uw schrijven van 15 dezer betreffende niet afleveren van de koerant Ons Vaderland geadresseerd aan personen in dit Protektoraat en in antwoord daarop moet ik u medelen dat de publikasie van bovengenoemde koerant in dit Protektoraat verboden is."

Nog 'n klag wat Ons Vaderland (18 Oktober 1921:1) van mnr. G.G. Smit ontvang het, handel oor duur treinkaartjies:

„... en daarby het ons nog groot ongerief. Op die 10 uur n.m. trein na Durban van Germiston moet mense wat na Nigel ry buitekant op die wa bly staan en tog 1ste of 2de klas betaal - en die plek is nie eers 10de klas nie."

'n Kennisgewing wat onder die opskrif Preekbeurten in Ons Vaderland (12 April 1918:3) verskyn, lui:

„Ger. Kerk. Zaterdagmiddag half vier: voorbereiding ds. J.A. du Plessis, 5 uur gemeentevergadering. Zondag 10 uur: Avondmaal, Prof. J.D. du Toit. Half vier, dankzegging, Dr. du Toit. 7 uur dienst, ds. J.A. du Plessis."

Nog 'n kennisgewing onder die opskrif Nieuwe Uitgaven (Ons Vaderland, 28 Mei 1918:4) bevat die volgende:

„Dageraad en Sonneskijn en ander gedigte deur H.H. Joubert. Bij J.H. de Bussy, Prijs 2 sh. 6d. postvrij." Die skrywer sê ook Guido Gezelle, die tere Priester, is 'n magtige digter en die oorsaak is waarskynlik dat die soetvloeiendheid van Afrikaans en Vlaams, die twee skone lote van die ou stok, met mekaar ooreenkom. Joubert word ook geprys en van elkeen se digwerk word 'n stukkie geplaas.

SIEKTES

Ons Vaderland (22 Februarie 1924:4) berig dat builepes in Suid-Afrika uitgebreek het en dat daar reeds sterfgevalle op Burgershoop en Parys was en in Ons Vaderland (29 Februarie 1924:7) word berig dat die pes toeneem. In Ons Vaderland (21 Maart 1924:5) word berig dat die pes erger word en dat 107 mense reeds daaraan dood is sedert 16 Desember 1923. Vier-en twintig nuwe gevalle is ook weer aangemeld.

Ons Vaderland (8 April 1924:7) berig dat die builepes ontaard in longpes. Die blad sê verder:

„Ons sit met die builepes en die Gesondheids Departement opgeskeep en die grootste gevaar vir ons samelewing is blykbaar egter die Departement wat £400 000 in 'n jaar kos!"

Eers in 1925 kon aangekondig word dat die builepes afneem. Ons Vaderland (5 Mei 1925:6) sê oor besmetlike siektes daar is geen nuwe gevalle van builepes en kinderpokkies (wat ook intussen uitgebreek het) aangemeld nie.

LANDBOUBERIGGIES

Behalwe lang en gewigtige artikels en berigte oor onder meer boerderymetodes en veesiektes verskyn ook gereeld minder belangrike of baie korter boerderynuus.

'n Berig in Ons Vaderland (18 Mei 1920:9) oor 'n vergadering deur protesterende beesboere sê die beesboerdery is getref deur die ooskuskoors. Die berig sê verder dat die boere toe 'n telegram aan genl. Muller gestuur het wat lui dat die toestand kritiek is weens die droogte (in Pretoriadistrik) en die kwarantyn. „Publiek zeer opgewonde wegens vertraging in het uitreiking van trekpermitten. Verandering van toestand word onmiddellik geëist om uitroeiing van beesten door maerte te voorkomen. Pititie met afgevaardigde volgt."

Nog 'n voorbeeld van boerenuus (Ons Vaderland, 13 September 1921:1) is 'n briefie wat ingestuur is deur mnr. J.J. Joubert van Maanhaarrand in die Magaliesburgdistrik. Dit sê 'n klompie boere wil 'n vereniging stig - die Maanhaarrand Boerevereniging. „Die doel van die Vereniging is om die belange van die boere in die algemeen te behartig en te beskerm. Die eerste op ons program was 'n deputasie te kies om Genl. Smuts te ontmoet met die versoek om die teenwoordige tabakbelasting af te neem."

WEERBERIGTE

Weerberigte het eers laat in Ons Vaderland se bestaansjare begin verskyn en ook nie baie gereeld nie.

Onder die opskrif Weerberigte (Ons Vaderland, 22 September 1925:2) en 'n sub-hoof Wat dit was en sal wees staan:

„Augustus

Die weer was uitsonderlik stil, helder en warm ...

Oktober

Oktober is 'n maand vir baie reën in die binnelande en die toename van dou in die Unie en die suidweste van die Kaap en die Skiereiland. Die neiging is egter in die teenoorgestelde rigting, terwyl oor die suide-

Ons Vaderland, 6 Junie 1922 - bladsy vyf met onder meer nuus oor die teater, die gevangenis, rugby en markpryse

## Die Grand.

Program:— (1) Overture (Grand Orkes) (2) African Mirror (3) Pathe Gazette (4) Kismet.

Die Grand Orkes is hierdie week so goed dat 'n mens byna net daarvoor naar die Teater kan gaan. Ook die verdere deel van die program is belangwekkend. In die African Mirror sien 'n mens dinge van belang wat in Suid Afrika aangaan en wat 'n mens anders nie sou kon sien nie. Deur die Pathe Gazette word o.a. vertoon Lloyd George en die belangrike Genua - Konferensie. Nog 'n menigte ander dinge wat in Europa aangaat siet 'n mens hierin.

„Kismet", die hoof-film van die aand, in 10 dele, toon 'n gebeurtenis van 'n 1000 jaar gelede in die pragtige stad Bagdad, hoe die magtige Kalief, in belang van sy volk, in gewone burgerklere onder sy mense rondloop en hoe hy 'n arme meisie ontmoet waarop hy verliefd raak. Haar vader 'n slegte man, bied sy dienste aan by die hoof van Poliesie, wat hatig op die Kalief is, om die Kalief dood te maak. Hy slaag egter daar nie in nie en word van die land verban. Die Kalief neem later die dogter tot vrou.

Omtrent veertig persone wat in die tronk sit vir beskuldiginge onder die krygswet het applikasie gemaak by die Hooggeregshof te Pretoria vir borgtog. Dit is toegestaan. Adv. Pirow het vir hul opgetree en Ds. Hattingh doen baie om hul te help. Onder hul is kapt. Enslin en 7 of 8 andere van Delmas.

### RUGBY.

Die volgende is die verslae van laas Saterdag se spelle:—

CURRIE BEKER.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Transvaal | 3. | Westelike Prov. | 3. |

CARLTON BEKER.

| | | | |
|---|---|---|---|
| T.U.K. (b) | 16. | P.S.A.S. | 0 |

EERSTE KOMPETISIE.

| | | | |
|---|---|---|---|
| S.A.S. | 9. | E.R.P.M. | 6 |
| Harkkyne | 14. | Diggers | 11 |

## MARK-RAPPORT.

P. D. Oosthuizen, Algemene Mark- en Kommissie-agent van Produkte en Levende Have, p.k. bus 6833, Johannesburg, rapporteerd:

### JOHANNESBURGSE MARKT.

Garst, per zak, 5s. tot 9s.; Bonen, 15s. tot 25s. 6d.; Zemels, 8s. tot 10s.; Boter, 1s. 4d. tot 2s.; Boekweit, 11s. 3d. tot 12s. 6d.; Voer, 4s. 6d. tot 6s. 6d.; Teffgras, 2s. 9d. tot 4s.; Kafferkoorn, 10s tot 11s.; Lusern, 4s. tot 6s.; Manna, 2s. 6d. tot 3s. 6d.; Mielies (geel), 10s. 6d. tot 11s. 6d.; Mielies (wit), 9s. tot 10s. 9d.; Mielies (gemengd), 7s. tot 9s.; Mieliezemels, per 100 lb., 4s. tot 4s. 9d.; Grondbonen, 12s. tot 13s. 6d.; Zaadhaver, 8s. 3d. tot 9s. 6d.; Uien, 5s. 7d. tot 12s. 6d.; Erwten (droog), 23s. tot 30s.; Aardappels, 2s. tot 14s. 9d.; Koorn, 25s. 6d. tot 26s. Patatas, 2s. 6d. tot 7s.

Hoenders, 3d. tot 3s.; Eenden, 7d. tot 3s.; Ganzen, 2s. tot 3s. 6d.; Kalkoenen, 6d. tot 12s. 6d.; Eiers, 1s. 6d. tot 3s.

Prima Slachtossen, £9 10s. tot £12; Middelklas Slachtossen, £6 tot £8; Slachtkoeien, £4 10s. tot £6 10s.; Groot Trekossen, £5 tot £6 10s.; Kleine Trekossen, £3 tot £4 10s.; Merino hamels, £1 tot £1 4s.; Slacht Bastard, 16s. tot 18s.; Basterd Lammers, 12s. tot 16s.; Varkens, per lb., levend gewicht, 3d.; Middelklas en mager, 2d.; Paarden, £7 tot £15; Muilen, £5 tot £9; Donkies, £1 5s. tot £1 15s.

Appels, 2s. tot 16s.; Pynappels, 1s. 6d. tot 2s.; Lemoenen, 2s. tot 6s.; Nartjes, 2s. tot 6s.; Zuurlemoenen, 1s. tot 8s.; Bonen (groen), 2s. tot 12s.; Bieten, 2s. tot 2s.; Wortels, 3s. 6d. tot 6s.; Kool, 2s. tot 6s.; Bloemkool, 2s. 6d. tot 7s.; Erwten, 6s. tot 20s.; Pompoenen, per sak, 3s. 6d. tot 5s.; Tomaten, 1s. 4d. tot 4s.; Rapen, 1s. 6d. tot 5s. Springbokken, 17s. tot 25s.; Hazen, 8d. tot 3s.; Patryzen, 1s. tot 2s.; Tarentalen, 1s. 6d. tot 3s.

Mnr. P. D. Oosthuizen, Markmeester, Bus 6833, Johannesburg, gee ons telefonies die volgende berigte van vanmore:—

Pampoenen, 3s. tot 5s.; Kool, 2s. tot 3s. 6d.; Wortels, 2s. tot 5s.; Patatters, 4s. tot 6s.; Aartappels, 8s. tot 16s. 6d.; Hoenders, 1s. tot 2s. 3d.; Kalkoenen, 4s. tot 17s. 6d.; Blesbokken, 30s. tot 36s.; Springbokken, 22s. 6d. tot 27s. 6d.; Teff, 2s. 6d. tot 3s. 6d.; Lusern, 1s. tot 6s. 9d.; Voer, 5s. tot 6s.; Prima Slachtossen, £[illegible] 10s. tot £13 10s.; Middelsoort idem, £7 tot £9; Slachtkoeien, £5 tot £7; Trekossen, £4 10s. tot £5 10s.; Prima Slachtschapen, 20s. tot 24s.; middel soort idem, 13s. tot 16s.; Kapaters, 12s. tot 20s.

### PRETORIASE MARK.

Pryse vanmore (Dinsdag):—

Hout, 24s. tot 70s.; Appels, 12s. tot 20s.; Kool, 2s. tot 4s.; Lemoene, 3s. 6d. tot 5s. 6d.; Nartjies, 2s. tot 6s. 6d.; Koorn, 1s. tot 1s. 6d.; Groen lusern, 1s. 3d. Hawer, 6s. tot 9s.; Tef, 4s. tot 5s.; Hooi, 1s. 10d. Geel mielies, 13s. tot 13s. 6d.; Wit mielies, 11s. 2d. tot 11s. 9d.; Semels, 9s. 5d. tot 9s. 4d.; Boekweit, 12s. 11d. Boontjies, 20s. 6d.; Hoenders, 1s. 3d. tot 1s. 6d.; Eiers, 1s. 10d. tot 3s. 3d.; Aardappels, 3s. tot 13s. 6d.; Uie, 16s. tot 16s. 3d.; Tamaties, 6d. tot 2s. 6d.; Eende, 2s. 6d. tot 2s. 10d.

like en westelike kusdistrikte daar weinig verskil behoort te wees met die vorige maand.

Die reënval

Die grootste reënval behoort nou in Soeloeland, Swaziland en Natal te wees ..."

Oor die verwagte temperatuur en sonskyn word ook iets gesê asook oor die winde: „Gedurende hierdie maand sal die winde in vergelyking met die vorige maand minder wees."

Oor haelstorms word gesê vernielende haelstorms sal in Oktober oor groot dele van die land hulle verskyning maak.

SPORT

Hoewel 'n sportberig of twee reeds vroeër in die hoofstuk aangehaal is, moet gesê word dat sport in die ontstaansjare van Ons Vaderland dié aandag gekry het (Ons Vaderland, 16 Mei 1919:2) onder die opskrif Sports te Erasmus:

„'n Algemene vergadering zal gehouden worden op Maandag 19 Mei te half 12 ten huize van Dr. Mes om 'n datum te bepalen en 'n program op te maken, van te houden Sports. Alle sportliefhebbers worden vriendelik uitgenodigd."

Selfs twee jaar later (Ons Vaderland, 15 Maart 1921:3) het onder die opskrif Sports Rietfontein West dié beriggie verskyn:

„Op Saterdag, 2 April. Program: - 'n Pêrde-rijsies; 2. Donkie-rijsies; 3. Naald-en-Garing-rijsies; 4. Aardappelrijsies; 5. Skijfskiet B.S.A. windgeweer; 6. Sak-rijsies; 7. 200 Treeë (hardloop), oor 16 jaar; 8. 100 Treeë (hardloop) onder 16 jaar; 9. Rijsies (hardloop) meisies. Entreegeld 2s 6d. A.J. Engelbrecht, Sekr. N.P."

Rugby het eers in 1921 aandag begin kry en wel onder die opskrif Eerste Oorwinning (Ons Vaderland, 21 Junie 1921:3):

„Die Suid-Afrikaanse voetbalspan, die Springbokke, het in Australië aangekom en het hulle eerste wedstrijd, teen Victoria, gewin met 51

teen nul."

Ongelukke op die rugbyveld was ook deel van die toentertydse sportaktiwiteite (Ons Vaderland, 31 Julie 1923:5):

„Ongeluk op Voetbalveld - Saterdagmore was daar in Stellenbosch 'n voetbalspel gespeel tussen 'n span van die George's Grammer School uit Kaapstad en 'n span van die plaaslike Hoër Skool. Een van die besoekers het in botsing gekom met Frans du Toit van Stellenbosch, so ernstig dat du Toit na die hospitaal moes vervoer word. In die middag is sy toestand so sleg geword dat 'n operasie noodsaaklik was. Aan die gevolge is die seun, wat 16 jaar oud was, saans om 10.30 oorlede. Sy vader het by die hospitaal gekom 'n paar minute nadat sy seun dood was."

<u>SOSIALE NUUS EN FONDSE</u>

'n Tipiese stukkie sosiale aankondiging wat in Ons Vaderland (4 Januarie 1918:3) verskyn het, is geplaas onder die opskrif Geelhoutkop - Goede Hoop DV:

„Konsert op 23 Februarie om 7 uur in die aand. Pragtig programma; heerlike musiek. Toegangsprijs min (sie advertentie). En die geld word gebruik vir 'n bibliotheek van die vereniging. Kom almal - D. Grobler, Sekr."

Geldinsamelingsveldtogte was in die Ons Vaderlanddae aan die orde van die dag en van die gestigte fondse wat in die uitgawes deur die jare opgemerk is, heet onder meer Helpmekaar, Verdediging, Stakers, Arm Kinders, Verbetering van Europese toestande, Emily Hobhouse, Nasionale Partymotor, Ter redding van Duitse kinders, Randse Hulpfonds (voorheen Verdediging) en Nasionale Hulpkomitee.

Fondse is ook in die lewe geroep vir die siekes in die Robertshoogtehospitaal en vir „Leprose- en Sielsieke Gestigte" asook vir die Bond van Afrikaanse Moeders vir die Moedersbondhospitaal, weeshuise, Ouma van Zyl, noodlydende slagoffers van die jongste orkaan en watersnood

in Nederland. Daar is ook 'n mev. Brink se Krismisfonds, Leerstoelfonds (UP), Bloedriviermonumentfonds en 'n Woltemadefonds asook fondse om rystoele aan te skaf vir onder andere tant Annie Zwiegers en mev. Erasmus.

Van As (Bylae:VI) sê Ons Vaderland het die fondse wat gestig is, sterk gesteun. Hy sê ook die behulpsaamheid van een deel van die volk teenoor die ander was kenmerkend van daardie tyd. Hoewel almal baie arm was, het hulle mekaar gehelp waar hulle kon sonder om bewustelik christelik te wees, „want die christelikheid het hulle die bewustheid besorg om ander te help."

Van As (Bylae:VI) sê verder die Helpmekaarfonds was 'n voorbeeld van die soort behulpsaamheid waarop die N.P. gebou is. „Die Helpmekaarfonds is die grootste pragverskynsel in die geskiedenis van enige volk, want as die armes van die volk bymekaar staan om dié wat armer is, te help opbou en hulleself in die proses saam opbou, kan niks groters verwag word nie.

Ds. B.R. Hattingh skryf in 'n tipiese briefie aan Ons Vaderland (10 Augustus 1920:4) dat die Helpmekaarfonds 'n reuse-sukses is. Die persoon skryf mev. genl. Beyers en die offisiere wat onder genl. Maritz gedien het en wat nou teruggekom het, „word gehelp en dit wel tot 'n bedrag van £3 282. Ook is geld gestuur aan Genl. Maritz self."

Om in samewerking met die Regering 'n Helpmekaarfonds te stig, was ook nie iets vreemds nie. Genl. Kemp (Ons Vaderland, 3 April 1928:7) het met só 'n gedagte gekom om die mense (boere) wat weens die droogte skade gely het, te help. Vir dié doel, word berig, het die Regering reeds £4000 000 beskikbaar gestel om die boere finansiëel te ondersteun, „vernamelik met die aankoop van kleinvee."

<u>BRIEWE</u>

Ons Vaderland het oor 'n briewebus beskik waarin die redaksie self op sekere briewe van lesers geantwoord het en veral op dié wat nie

gepubliseer was nie.

'n Voorbeeld hiervan (Ons Vaderland, 18 Januarie 1918:5) onder die opskrif Brievebus gaan aan mev. Joh. R. - „U zal hebben gezien, dat we de juiste inlichtingen sedert hebben verstrekt."

Nog 'n antwoord in dieselfde briewekolom gaan aan L.H. de Jager van Spitskop - „Ons het die versoek om inteknaar te word, gekrij, maar U het vergeet Uw poskantoor daarbij te vermeld. Stuur ons die volledige adres a.u.b."

Ons Vaderland (7 Mei 1920:8) publiseer 'n brief van 'n bekommerde moeder. Haar seun kom uit die Kaap en het 'n betrekking in Johannesburg aanvaar. In dié brief vra die moeder dat 'n sekere predikant tog die seun moet opsoek en toesien dat hy die kerk gereeld besoek.

Ons Vaderland se kommentaar is dat 'n jong en onervare persoon wat na die Rand kom, se lot afhang van die soort maats wat hy kies. Die koerant beveel verder aan dat die vreemdelinge moet kennis maak met Afrikaanse gesinne met die oog op verblyfplek en dat hy by verenigings moet aansluit.

Briewe uit die Volksraad (ook onder dié opskrif) was algemeen en het meer die vorm van 'n berig aangeneem as van 'n brief. Dit is ook altyd ingestuur deur 'n parlementêre korrespondent.

Só 'n voorbeeld wat Ons Vaderland (2 Junie 1922:7) gepubliseer het, lui:

„Mnr. P. Jordaan (Sap. Ladismith) sê niemand het nog die wynnywerheid aangehaal nie. Dis onbillik dat whiskey met ons eie artiekel moet kompeteer. Ons was reeds verplig om 13 000 gelling wyn te laat wegloop, en dit sal waarskynlik vanjaar 30 000 wees.

„Adv. Roux (Sap. Ceres) hoop dat die Minister van Spoorweë 'n verklaring sal maak insake die posisie met betrekking tot suiker.

„Mnr. F. du Toit (Nat. Victoria-Wes) sê dat die tekort aan die end van die jaar £6½ miljoen sal wees. Om die tekort minder te maak, is 'n boedelbelasting opgelê. Hy protesteer teen enige belasting op die boer."

P.G.W. Kruger van Gezina skryf baie bekommerd aan Ons Vaderland (13 Februarie 1925:3) oor die toenemende getal motorongelukke:

„In die koerante lees mens maar net van motorongelukke. Vir die motordrywer is die lewe van 'n voetganger, of iemand op 'n rywiel, niks. Met volle vaart vlieg hulle oor die strate en paaie. Mens moet maar sien om uit hulle pad te kom, en geluk dit nie, dan is jy dood of vir jou lewe gebrekkelik."

HOOFSTUK 3

BRANDPUNTE WAT AANDAG GENIET HET

3.1 DIE SOEKE NA VRYHEID VIR DIE SUID-AFRIKAANSE VOLK EN PROPAGANDA VIR DIE NASIONALE PARTY

3.1.1 DIE VRYHEID HIER TER SPRAKE

In 'n toespraak oor volksvryheid (Hertzog deel 3, 1977: 317) het genl. Hertzog op 13 April 1918 in die Paarl dit duidelik gestel dat die vryheid van 'n volk niks anders is as 'n vrye keuse oor wat 'n volk binne sy eie gebied mag doen en nie mag doen nie, „zonder vooraf door enig ander volk, behalwe zichzelf, verantwoordelik te zijn voor de gevolgen zijner handelwijze."

Genl. Hertzog (Hertzog deel 3, 1977:317) het ook gesê volgens die Unie se Grondwet het Suid-Afrika die reg tot selfregering, „maar (Hertzog deel 3, 1977:318) onze zelfregering is slechts een voorwaardelike, afhankelik van de willekeurige keuze van't Britse Parlement of zelfs van Britse Ministers ... en aan het woordje, Zelf, mag dus niet al te veel waarde gehecht worden, daar dit onder omstandigheden mag vervangen worden door het woord Brits!"

Uit die toespraak kan ook afgelei word dat die sogenaamde selfregering staatsbedrog is en dat Suid-Afrika nie vry is nie (Hertzog deel 3, 1977:318).

In sy toespraak oor Suid-Afrikaanse nasionalisme op 7 Desember 1912 op De Wildt (Hertzog deel 2, 1977:283), het genl. Hertzog gesê Suid-Afrika het leiers nodig wat besiel is met die ware Suid-Afrikaanse gees, maar „de leider van die oppositie heeft verklaard, dat dit juist was, waar hij verschilde. Hij zegt dat hy eerst imperialist is en dan Afrikaner."

Volgens Erasmus (1970:59) het genl. Hertzog by geleentheid van die Uniale Kongres van die Nasionale Party op 16 Januarie 1919 in Bloemfon-

tein gesê: „Ons het die reg om vry te wees. Ons sal vry word omdat ons volk vry wil word en omdat ons wil hê dat ons geskonde regte herstel moet word."

Prof. Jan Kamp het in Ons Vaderland (Erasmus 1970:60) se eerste hoofartikel gesê die stryd sal „zwaar wezen, maar hij is waard om gestreden te worden om zijn eigen Afrikaanse leven te versmijten voor Imperiale roem en gloriezucht. Of wij nu eindelik de kans zullen krijgen om als een nuchter en prakties volk voorziening te maken in onze eigen noden en behoeften, of dat wij nog langer daar overheen kijken moeten, en onzen ogen blind staren in de Imperiale zon. En dat alles tot meerdere roem en grootheid van Botha en Smuts."

Uit bostaande kan dus afgelei word dat genl. Hertzog alles in sy vermoë gedoen het om Suid-Afrika te bevry van Britse oorheersing en dat Ons Vaderland in sy hoofartikel hom ook daarteen uitgespreek het. Die soeke na vryheid sal verder blyk uit voorbeelde van nuusberigte en -artikels uit Ons Vaderland self.

#### 3.1.1.1 DIE BRITSE OORHEERSING IN BREË TREKKE

Brittanje se pogings om Suid-Afrikaanse gebied te beset, (sedert Natal in 1843 geannekseer is (Kennis 1978:1965)) het selfs vroeg in die 20e eeu voortgegaan in die vorm van die Anglo-Boereoorlog (1899 tot 1902) (Kennis 1978:672) wat uit sekere Britse eise gespruit het met die oog daarop om die Britse imperiale gesag en belange dwarsoor die wêreld uit te brei. (Een van dié eise (Kennis 1978:672) was byvoorbeeld die toekenning van burgerregte aan uitlanders, maar toe pres. Paul Kruger hom bereid verklaar om stemreg aan uitlanders te gee wat reeds vyf jaar lank in Suid-Afrika woon, was lord Milner nie tevrede met die teenvoorstel dat Brittanje hom dan nie met Transvaal en die Vrystaat se huishoudelike sake moet inmeng nie.)

Joseph Chamberlain (Kennis 1978:672), die Britse minister van Kolonies, Alfred Milner, die Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika, en Cecil John

Rhodes, die Suid-Afrikaanse voorvegter vir die imperialisme, het ook rondom 1900 gedroom van die Britse vlag wat van die Kaap tot Kaïro kon wapper (Kennis 1978:672).

Volgens Kennis (1978:1964) was die 19e eeu 'n era van koloniale wedywering tussen die state van Wes-Europa en was byna die hele Afrika teen die einde van daardie eeu onder Europese beheer. In byna alle lande het 'n gees van magsuitbreiding oor ander gebiede (imperialisme) geheers en het dit ná 1902 (Kennis 1978:1965) gelyk of Rhodes se droom werklikheid kon word, want toe het Brittanje die hele Suider Afrika, ook Suid- en Noord-Rhodesië en die huidige Malawi, Egipte, Soedan, Kenia en Uganda beheer.

Met die ondertekening van die Verdrag van Vereeniging op 31 Mei 1902 deur verteenwoordigers van Brittanje en die Boererepublieke (Kennis 1978:601), pas ná die Anglo-Boereoorlog, het die Vrystaat en Transvaal hulle onafhanklikheid verloor, hoewel daar ook bepaal is dat hulle selfregerende lede van die Britse Ryk sou word sodra omstandighede dit toelaat.

Volgens Kennis (1978:601) het die twee republieke aanvanklik geen seggenskap in die bestuur van hulle sake gehad nie, aangesien lord Milner dit regstreeks beheer het met die oog daarop om die Britse bestuur stewig te vestig sodat Suid-Afrika 'n permanente deel van die Britse Ryk sou bly.

Lord Milner (Kennis 1978:601) wou die Britse bevolking deur immigrasie vermeerder en die Boere ver-Engels deur middel van onder meer Engels by skole in te voer, maar sy eerste taak was om Suid-Afrika weer op te bou. Milner het Suid-Afrika egter in 1905 verlaat, waarna lord H.J. Selborne sake oorgeneem het. Volgens Kennis (1978:601) het Selborne se oogmerke nie baie van dié van lord Milner verskil nie.

Vyf jaar ná die Anglo-Boereoorlog (Kennis 1978:602) het die Britse regering besluit om die twee gewese republieke verantwoordelike be-

stuur toe te staan, met ander woorde, dieselfde soort regeringstelsel as wat toe in die Kaap en Natal toegepas is.

'n Verkiesing (Kennis 1978:602) is gehou en genl. Louis Botha het Eerste Minister van Transvaal geword met genl. Smuts as sy regterhand. Abraham Fischer het genl. Botha se eweknie in die Oranjerivier-kolonie geword met genl. Hertzog die belangrikste lid in sý kabinet.

Volgens Kennis (1978:602) het die vier Britse kolonies in Suid-Afrika teen 1907 dus elk 'n eie parlement, regering, wette en amptenare gehad.

Op 31 Mei 1910 (Kennis 1978:603) is 'n Unie gevorm.

Die Grondwet (Kennis 1978:603) van die Unie van Suid-Afrika was nie volmaak nie en die feit dat Suid-Afrika nou verenig was, was nie 'n voorwaarde dat al die probleme iets van die verlede was nie, want dit was bekend dat genls. Botha, Smuts en Hertzog in twee kampe verdeel was.

Volgens Kennis (1978:603) was genl. Botha Eerste Minister van 1910 af tot 1919, waarna genl. Smuts die leisels gehou het tot in 1924 en weer in 1939 tot in 1948. Genl. Hertzog was Eerste Minister van 1924 af tot in 1939.

Die Grondwet (Kennis 1978:603) het bepaal dat die Unie twee parlementshuise sou hê, naamlik 'n Volksraad wat aanvanklik uit 121 lede sou bestaan wat regstreeks deur die kiesers verkies sou word, en 'n Senaat met aanvanklik 40 lede. Sommige van dié lede sou aangestel word deur lede van die provinsiale rade en ander weer deur die Volksraad. 'n Goewerneur-generaal, wat die Britse koning in Suid-Afrika sou verteenwoordig, sou deur die Britse regering aangestel word.

Volgens Kennis (1978:603) was lord Gladstone die Unie se eerste goewerneur-generaal. Hy was die seun van die beroemde Britse eerste minister, William Ewart Gladstone.

Uit die feit dat Brittanje nog verteenwoordiging gehad het in die Suid-Afrikaanse regeringstelsel by wyse van 'n Britsaangestelde goewerneur-generaal en dít wat daarmee gepaard gegaan het, spruit ongetwyfeld

die soeke na vryheid deur die Hertzogrigting soos uitgebeeld in die politieke beriggewing van Ons Vaderland.

Volgens Kennis (1978:2892) het die Unieparlement in April 1961 die grondwet vir die nuwe republiek aangeneem wat wesenlik nie veel van die Unie-grondwet verskil het nie, behalwe dat die koning, wat deur die goewerneur-generaal verteenwoordig was, as staatshoof plek moes maak vir 'n staatspresident wat deur die lede van die Volksraad en die Senaat verkies sou word.

### 3.1.2 DIE NASIONALE PARTY

Volgens Erasmus (1970:59 en 60) het Ons Vaderland uit die staanspoor kniediep in die politiek gestaan en het 'n verkiesingstryd byna hand aan hand geloop met die stigting van Ons Vaderland op 10 September 1915. Met die stigting van die koerant het die tweede verkiesing waaraan die Unie deelgeneem het, voor die deur gelê.

Die tweede verkiesing waarna hier verwys word, is 'n algemene verkiesing (Erasmus 1970:61) wat op 20 Oktober 1915 gehou is. Ten spyte daarvan dat die Nasionale Party (Erasmus 1970:59) se tak in die Vrystaat eers in Julie 1914 gestig is en dié in Transvaal, Natal en Kaapland onderskeidelik in Augustus 1914, Augustus 1915 en September 1915 en die feit dat die Suid-Afrikaanse Party (Erasmus 1970:61) toe reeds ongeveer vier jaar lank bestaan het, het Hertzog 78 290 stemme behaal teenoor die 95 413 van die Suid-Afrikaanse Party.

Volgens Erasmus (1970:62) kon die Nasionale Party hom ná die verkiesing met sy 27 lede in die parlement deeglik laat geld, aangesien dit die begin was van 'n georganiseerde stryd deur die Suid-Afrikaanse Nasionalisme teen die Imperialisme.

Volgens Kennis (1978:2843) het die uitslag van die verkiesing van 1915 duidelik getoon dat die S.A.Party baie van sy Afrikaneraanhangers aan die N.P. moes afstaan.

Kennis meen (1978:2843) dat die vordering van die N.P. tot groot hoogte

toegeskryf kon word aan die Rebellie van 1914, wat die Afrikaners 'n verbitterde houding laat inneem het teenoor genls. Botha en Smuts, maar ook 'n Afrikanernasionalisme en 'n strewe na 'n vrye republiek, onafhanklik van Brittanje, aangewakker het.

Die derde algemene verkiesing (Kennis 1978:2843) is in Maart 1920 gehou, sowat ses maande ná genl. Botha se oorlye. Die Nasionale Party het 44 setels verower, die S.A.Party 41, die Unioniste 25, die Arbeidersparty 21 en die Onafhanklikes drie.

Herenigingspogings (Kennis 1978:2843) tussen die N.P. en die S.A.P. in 1920 het misluk omdat genl. Hertzog wou afskei (sesessie) van die Britse Ryk en genl. Smuts niks daarvan wou hoor nie.

Genl. Smuts het toe met die Unioniste van Thomas Smartt verenig (Kennis 1978:2843) en in die vierde algemene verkiesing in Februarie 1921 het die nuwe S.A.P. 79 setels verower, die N.P. 45, die Arbeiders nege en die Onafhanklikes een.

Volgens Kennis (1978:2843) was die uitslag van die verkiesing in Junie 1924 as volg: Die Pakt (die gekombineerde N.P. en Arbeidersparty) het 83 setels verower en die S.A.P. 53. Die goewerneur-generaal het genl. Hertzog daarna versoek om 'n kabinet saam te stel.

Die volgende algemene verkiesing (Kennis 1978:2886) is in 1929 gehou, waartydens die N.P. 78 setels verower het, die S.A.P. 61 en die Arbeiders agt.

Ongeveer 'n jaar nadat Ons Vaderland ondergegaan het, is weer 'n verkiesing (Kennis 1978:2886) uitgeskryf, en wel in Mei 1933, wat deur die Koalisieregering gewen is met 136 setels (75 vir die N.P. en 61 vir die S.A.P.). Die Arbeidersparty het vier setels verower, die Roosparty twee, die Natal Home Rule twee en die Onafhanklikes ses.

As in aanmerking geneem word dat die Nasionale Party met genl. Hertzog as leier Suid-Afrika wou bevry van die Britse Imperialisme, is dit logies om die soeke na vryheid en die pogings om die Nasionale Party

aan die bewind te kry, in een asem te noem. Dit kan dan ook nie anders as om voorbeelde hiervan in Ons Vaderland, die mondstuk van die Nasionale Party, te soek nie.

3.1.3 DIE SOEKE NA VRYHEID EN PROPAGANDA VIR DIE NASIONALE PARTY SOOS UITGEBEELD IN ONS VADERLAND

ŉ Eenvoudige voorbeeld van hoe die Nasionale Party onder die publiek se aandag gebring is deur ŉ eenheidsgevoel te probeer bewerkstellig onder Nasionaliste en potensiële Nasionaliste deur middel van artikels oor die lief en leed van stoere Hertzoggesindes, word aangetref in Ons Vaderland (4 Januarie 1916:3) onder die opskrif Hou jou bek.
Dit is ŉ brief aan die lesers deur Alfa wat sê hoe belowende handelsmanne uit sekere winkels „geset is om hulle politieke gevoelens, winkels waarin hulle oud geword het, winkels waarvan die eigenare bijkans al wat hulle vandaag besit, uit die Boer gemaak het en nie alleen uit die Boer van hulle eige politieke gevoelens nie, maar uit ons Nasionalisties gesinde Boere net sowel; en vandaag krij ons Nasionaliste niks as stank vir dank van hulle."
Op die hoofartikelblad, onder die opskrif Gedagtes oor Hereniging, in Ons Vaderland (4 Februarie 1916:4) stel senator George Gleaser (Munnik 1945:46) Munnik voor dat die S.A.P. en N.P. verenig, maar Ons Vaderland sê die N.P. sal nie van sy program van beginsels afwyk nie, „en sonder ŉ eerlike omhelsing van die program en ŉ waaragtige voorneme om die beginsels te handhaaf, kan daar nie sprake wees van ŉ hereniging nie."
Senator Munnik sê verder dat die welvaart van Suid-Afrika in sy geheel eerste behoort te kom, maar volgens die hoofartikel is dit ook een van die Nasionale Party se beginsels „en als genl. Botha en sy party eerlik meen dat die welvaart net deur die politiek reggestel kan word, dan kan hy as eerlike man hom ook nie verenig met die N.P. nie en dit is ook andersom ... Die N.P. sê S.A. eerste ... Botha sê die Empire eerste."

Ons Vaderland beveel ook 'n vereniging aan, „maar dan sonder die minste afwyking van party-beginsels en dan met manne aan die roer wat deur die volk ten volle vertrou sal word."

Dié hoofartikel is 'n duidelike bewys van die rigting wat Ons Vaderland gevolg het ten opsigte van die politiek en die feit dat genl. Botha Britsgesind was.

Genl. Botha is ook tot voordeel van die Nasionale Party uitgekryt omdat hy sy mede-Afrikaners haat (Ons Vaderland, 21 Maart 1916:2). Op dié hoofartikelblad, onder die opskrif Hertzog slaan raak, sê Ons Vaderland dat genl. Hertzog raak-houe geslaan het in 'n toespraak in die Volksraad aangesien hy gepleit het vir die hoogste belange van die volk.

Volgens die artikel was genl. Botha se antwoord op die toespraak: „Hoekom sit hy in die Volksraad met so min volgelinge as hy dan praat namens die volk?"

Ons Vaderland sê verder genl. Botha praat so graag oor liefde, eendrag en versoening tussen alle lede van die Suid-Afrikaanse bevolking, „maar hij doen niks nie, als een deel sonder redding oorgelewer word aan hulle vervolgers. Waarom moet genl. Botha en min. De Wet juis hulle eie mede-Afrikaners so haat? Genl. Hertzog het hard geslaan en raak geslaan. Laat ons net hoop dat die Ministers, uit wrok oor sy tugtiging, nie nog harder en gevoelloser word nie."

Oor genls. Botha en Smuts se beheptheid met Engeland (Ons Vaderland, 21 Maart 1916:3), skryf I.J. Bosman van Silverton dat genoemde generaals die rug op die Suid-Afrikaanse volk gedraai het en 'n vreemde volk aanhang ... „geen wonder dus dat deze Regering behept is geworden met de zeden en gewoonten van dat vreemde volk en zo langzamerhand de eervolle beginselen en tradities van haar eigen volk is begonnen los te laten."

Die briefskrywer vra ook of genl. Botha nie voel dat sy regering vir altyd vir die volk verlore is nie. „Of verwacht u, dat het zo diep geschokte vertrouwen in haar weer hersteld zal kunnen worden? Zo ja, dan wacht u een bittere teleurstelling."

Genl. Botha word verder afgetakel in 'n hoofartikel (Ons Vaderland, 23 Junie 1916:2), onder die opskrif Skole en Politiek na aanleiding van 'n toespraak wat die generaal by 'n skool gehou het.

Ons Vaderland is vas daarvan oortuig dat genl. Botha die volgende gedagte koester: „As genl. Botha se portret in 'n skool opgehang word, is dit net 'n geval van opleiding van die jeug tot tug en lojaliteit. As genl. Hertzog se portret in die skole opgehang word, is dit 'n verderflike politieke invloed wat van die skool uitgaan."

Een van die talle briewe wat Ons Vaderland (3 Oktober 1916:3) gepubliseer het om die publiek se menings te help vorm of te beïnvloed ten opsigte van genl. Botha se imperiale gesindheid, kom van Karel Rood sr. van die distrik Ermelo.

Mnr. Rood sê Ons Vaderland behoort bedank te word vir die waarskuwing teen genl. Botha se nuwe imperiale planne, naamlik om Afrikaners onder die grond te help in Vlaandere en Frankryk „en om plaatsen klaar te houden op die grond voor gewonde soldaten en immigranten die hij verwacht na die oorlog."

Uit dankbaarheid teenoor Engeland wil genl. Botha, soos dit uit die brief blyk, voorbereidings tref vir immigrante na Suid-Afrika ná die oorlog. „Intussen werkt hij met zijn hand-langers ervoor jonge Afrikaners naar bijna gewisse dood naar Europa te zenden ... Botha beschouwde hen goed kanonnevlees."

Mnr. Rood sê ook genl. Botha hou daarvan om kommissies aan te stel, en hy stel voor dat 'n kommissie aangestel word om 'n lys op te stel van al die Europese setlaars wat „nu met kaffermeiden samen wonen en 'n baster bevolking te voorschijn brengen die later als gekleurde mensen die

blanke kieser sou uitstem."

Mnr. Rood doen toe verder 'n beroep op die volk om vir die N.P. te stem sodat die imperialistiese politiek teengewerk kan word.

Ons Vaderland (31 Oktober 1916:2) vind dit eienaardig dat genl. Botha tydig en ontydig praat van „mijn Party is een moderne partij," en „ons wil die blanke rasse verenig," aangesien hy in 'n toespraak op Ermelo gesê het: „... als Engelsman hier in die land nie met ons wil saamwerk, kan ons hom bij die nek vat en uitsmijt. Ja, zonder verhoor en dit, mijn vriende, is meer als wat ons kon doen in die ou Republiek."

Ons Vaderland beveel toe aan dat genl. Botha 'n ruskansie moet neem, want dit sal hóm en die aansien van die Afrikaners wat hy verteenwoordig, baie goed doen ... „en heel Z.A. zou er door tot rust raken." (Dié bespreking het op die hoofartikelblad verskyn onder die opskrif Raad aan genl. Botha.

Oor die strewe na vryheid (Ons Vaderland, 3 November 1916:2) is die hoofartikel van mening dat genl. Botha nie weet wat vryheid beteken nie ... „ons wil net aan genl. Botha sê dat dit die hoogste vrijheid is om agter die Empire rondgesleep te word soos 'n lege blikkie, aan 'n kat se stert vasgemaak."

Dít is gesê na aanleiding van die toespraak op Ermelo deur genl. Botha wat gesê het: „Ons is hier so vrij dat, als Engelsman hier nie met ons wil saamwerk nie, ons hom bij die nek kan vat en uitsmijt sonder verhoor."

In 'n verdere hoofartikel oor vryheid sê Ons Vaderland (28 November 1916:2) daar is niks vir 'n volk méér sieldodend as die behoefte aan 'n vryheidsbewussyn nie: „Ons wil weer manne met oop oë en 'n ontembare onafhanklikheidslus word. En ons wil langs wettige weg strij vir die belangrikste aardse bestaan - 't bezit van een vrijheid die God boven zich erkent en niemand anders."

Ons Vaderland (26 Junie 1917:2) pleit op die hoofartikelblad vir nasionale onafhanklikheid:

„Het is onkunde, dwaasheid, om van de Nasionale onafhankelikheid te denken en te spreken als van iets stoffeliks. Zij is 'n zielstoestand en heeft met de stoffelike omgeving niets te maken."

„En daarom, omdat de nationale vrijheid en onafhankelikheid uit de ziel geboren wordt, omdat zij in haar worden en bestaan 'n idee is, daarom is altijd in de geschiedenis zalig geweest 't volk dat in de zaak van nationale onafhankelikheid en vrijheid, onbewogen door enige materiele konsideratie, zijn brood op de wateren wierp."

Op die hoofartikelblad van Ons Vaderland (7 Mei 1918:2) verskyn 'n tipiese pleidooi ten opsigte van vryheid en onafhanklikheid en word die publiek gevra om te woel, sodat die andersgesindes oortuig kan word dat vryheid Suid-Afrika gelukkig kan maak.

Volgens Ons Vaderland sal die N.P. alleen moet stry omdat die hele wêreld se oë op die ontwikkeling van die party gerig is, „vooral omdat de enige toekomst van ons Zuid-Afrika ligt in de vrijheid van Z.A., zullen we winnen."

Ons Vaderland (16 Augustus 1918:2) pleit weer op sy hoofartikelblad vir onafhanklikheid en sê wat ook al die uitslag van die wêreldworsteling gaan wees, „wij zullen Nationalisten, d.i. Republikeinen blijven, en wij zullen strijden tot we ons doel bereikt hebben."

As propaganda vir die Nasionale Party sê die hoofartikel in Ons Vaderland (27 Augustus 1918:2) dat die N.P. in alles nasionaal sal wees, „want Nasionalisme is nie maar net 'n party-politieke oortuiging nie, dis 'n gevoel wat tot in ons murg sit; wat die ruggraat van ons ganse bestaan vorm."

Op die hoofartikelblad van Ons Vaderland (15 Oktober 1919:2) verskyn die volgende hoopvolle paragraaf oor die vryheid van die volk: „De tijd zal steeds sterker leren, dat de Afrikaners standvastig zijn in hun onaf-

hankelikheidsbeginsel; trouw aan hun republikeinse kleuren, en krachtig in de overtuiging, dat de dag onzer vrijheid nabij is," en in Ons Vaderland (25 Februarie 1919:4) word ook op die hoofartikelblad gesê: „Als ons eendag werkelijk vrij is, 'n ander vrijheid geniet als wat die britse vlag ons aanbied, sal dit beter gaan. Maar solank ons 'n imperiale knegskap handhaaf, sal ons altijd vinniger afdraend glij."

Uit die hoofartikel in Ons Vaderland (13 Mei 1919:2) blyk dit dat verkiesingsveldtogte stadig, maar seker vorm begin aanneem. (Skynbaar vir die verkiesing van Maart 1920 (Kennis 1978:2843)).

Ons Vaderland sê in die hoofartikel dat toe die Nasionale beweging ongeveer sewe jaar gelede begin het, „was dadelik al de vernaamste karaktertrek ervan, dat ze zich op beginsels bewoog. Het persoonlike element, dat tot die tijd alles in de politiek had overheerst, werd vervangen door de kracht van 't prinsiepe.

„Ons advies aan de Hollandssprekende Afrikaner was altijd: laat staan die persoonlike dingetjies, vraag niet in de eerste plaas wat ordert genl. Botha of wat zegt genl. Hertzog, maar denk voor Uzelf en richt Uw politiek en nationaal leven overeenkomstig Uw eigen overtuiging in."

Ná die verkiesing (die N.P. het 44 setels verower, die S.A.P. 41, die Unioniste 25 en die Arbeidersparty 21 (Kennis 1978:2843)) het die volgende nabetragting op die hoofartikelblad verskyn (Ons Vaderland, 16 Maart 1920:4): Ons Vaderland sê die onafhanklikheidsaak het 'n groot oorwinning behaal en die Nasionaliste sal nou vinniger as ooit vermeerder - „en die gebed van Mozes is ook die Nasionaliste senne: Bevestig Gij het werk onzer handen over ons. Ja, het werk onzer handen bevestig dat."

In Ons Vaderland (9 April 1920:7) word 'n beroep op die publiek gedoen om gereed te maak vir die volgende verkiesing wat in Februarie 1921 sou plaasvind (Kennis 1978:2843) en in die hoofartikel van Ons Vaderland

(5 November 1920:6) word gesê dat 'n politieke liggaam slegs gesond is as hy opgebou is uit die beginsels en aspirasies van die volk.

Ons Vaderland gaan verder deur te sê dat só 'n liggaam ook deur die ideale van 'n volk geïnspireer word ... „aan dié vereisten voldoet de Nationale Partij - die heeft niet nodig om met leugen en bedenksels de mensen schrik op't lijf te jagen, want sij staat vast en groeit in die liefde van en voor het volk."

Ons Vaderland sê ook die Sappe dreig met vernietiging, maar die Nasionale Party streef na herstel, opbou, vooruitgang en onafhanklikheid - „dit is't waarnaar die N.P. met al haar krachten en met geheel haar hart streeft."

Ná die amptelike mededeling dat die S.A.P. en Unioniste verenig het (Ons Vaderland, 26 November 1920:4), skryf Tielman Roos, die Transvaalse leier van die Nasionale Party, uit Lichtenburg (Ons Vaderland, 18 Januarie 1920:5) dat hy weer op die gevoel van die Nasionaliste wil speel, aangesien die verkiesing op hande is.

Mnr. Roos skryf: „Ons moet 'n groot slag slaan teen die magte van die kapitalisme en imperialisme wat nou saamgespan het in die nuwe Suid-Afrikaanse Party."

In Ons Vaderland (1 Februarie 1921:2) verskyn 'n brief van Flip van Middelburg wat myns insiens geplaas is om ander lesers ten gunste van die N.P. te beïnvloed.

Flip is van mening dat daar drie soort „Sappe" is, naamlik „baantjiesoekers wat ter wille van eer en geld al hulle volksideale en tradisies vertrap, en hulle volk verguis. Hulle wil ons nie van praat nie."

In die tweede plek sê Flip is daar „Sappe" wat oortuig is dat hulle politiek die regte is, maar wat tog hulle volksideale hoog wil hou en trots is op hulle Afrikanerskap. „Vir hulle het die Nasionalis respek. Hulle getal is baie klein. Hulle dwaal net."

In die derde plek is daar die „Sappe" wat "Sap" is deur Engelse beïnvloeding en onkunde. „Hulle vorm die groot gros van Sappe."

Ná die verkiesing wat deur die nuwe S.A.P. gewen is, 79 setels, onderwyl die N.P. 45 setels verower het (Kennis 1978:2843), sê Ons Vaderland (15 Februarie 1921:4) op die hoofartikelblad:

„Die slotsom is, dat met dié verkiesing meer as ooit duidelik geword is, dat die toekoms in die hand van die Nasionale Partij is. Ons uiteindelike oorwinning is gewis."

Van 1922 af het byna elke uitgawe van Ons Vaderland briewe van lesers publiseer wat as lede van die S.A.P. bedank het om by die Nasionale Party aan te sluit.

Briewe van dié aard is myns insiens gebruik om die Nasionale Party onder soveel as moontlik mense se aandag te bring en ter selfdertyd die S.A.P. se foute uit te wys.

Tipiese voorbeelde hiervan verskyn in Ons Vaderland (6 Januarie 1922: 2) - briefies deur J.F. Joubert van Kafferfontein, in die distrik Amersfoort, en H.C.M.J. van Rensburg van Wakkerstroom. Eersgenoemde het by die N.P. aangesluit omdat „die S.A.P. ons land verderf toe bring," en laasgenoemde is oortuig daarvan dat die „ware belang van ons Afrikaners alleen in die Nasionale Party lê".

Nog 'n brief wat daarop uit is om genl. Smuts en die S.A.P. af te takel ten gunste van die N.P. met sy onafhanklikheidsgedagte, kom van Randiet (Ons Vaderland, 10 November 1922:8).

Randiet skryf aan Ons Vaderland dat daar iets verkeerd is, want „Smuts en sy Ministers gaan rond soos 'n lot honde, wat rond geja word met hulle sterte tussen hulle bene, en hulle blaf net so hard as hulle kan, teen die Nasionaliste en Arbeiders."

Randiet sê ook gewoonlik gaan 'n hond so te kere as hy 'n pak gekry het ... „daar is iets verkeerd, mogelik 'n algemene eleksie."

In die brief word ook 'n beroep op die leiers van die N.P. gedoen om vir die volgende verkiesing te organiseer, sodat hard teruggeslaan kan word. (Die volgende verkiesing sou in Junie 1924 gehou word (Kennis 1978:2843)).

Ons Vaderland het ook aandag gegee aan tussenverkiesings en dié se uitslae.

Oor die tussenverkiesing op Uitgenhage skryf J.J.S. aan Ons Vaderland (3 Julie 1923:13) dat die S.A.P. gedoem is tot ondergang omdat hy slegs 58 stemme verwerf het - „dus gesak van 500 tot 58!"

Die briefskrywer sê die S.A.P. wag net op die genadeslag, die slag wat die N.P. hulle sal gee na 'n lang lewe van bloedvergieting deurspek, met so af en toe 'n goeie daad.

„Maar die genadeslag kan ons alleen toedien as iedere Nasionalis geregistreer is. Die Uitenhagers het mooi georganiseer, maar dit is vir ons om dit nog mooier te doen.

„Nasionaliste, onthou dit altyd: julle het in genl. Smuts 'n slim en hardnekkige teenstander en agter hom sy vrindjies, die kapitaliste."

Dié brief is ook 'n goeie voorbeeld van Ons Vaderland se verset teen genl. Smuts se Suid-Afrikaanse Party.

Ons Vaderland (16 November 1923:4) sê op die hoofartikelblad dat daar 'n einde moet kom aan die rampsalige politiek wat van Suid-Afrika 'n swartmansland gaan maak - „alleen 'n Nasionale Regering waarborg vir ons volk 'n Blank Suid-Afrika."

Met die oog op die naderende verkiesing doen Ons Vaderland (25 April 1924:4) op die hoofartikelblad 'n beroep op die publiek om Nasionaal te stem: „Wil u Suid-Afrika se toekoms verbeter? Stem dan Nasionaal of Arbeider. Wil u die huidige toestand nie alleen bestendig nie, maar altyd verslegter, soos dit in die laaste jare aangegaan het - staan dan by die S.A.P."

Ons Vaderland (10 Junie 1924:4) berig op die hoofartikelblad: „Maar hou

net dit voor oë: - die redding van Suid-Afrika kan alleen bereik word deur aan die S.A.P.-kandidaat die neerlaag te besorg."

Ons Vaderland (20 Junie 1924:4) kondig op die hoofartikelblad aan dat die Nasionale Party die algemene verkiesing gewen het en dat die Smuts-regering op 23 Junie 1924 sal bedank.

J.D. van Loggerenberg van 'n onbekende adres (Ons Vaderland, 8 Julie 1924:1) wens genl. Hertzog deur middel van 'n brief geluk met sy oorwinning: „Regeer die volk nou na Gods wil en land en volk sal geseën wees. Ons hart juig van vreugde."

Volgens Ons Vaderland (15 Desember 1925:5) sê genl. Smuts dat Suid-Afrika nooit van die Britse Ryk sal afskei nie.

Ons Vaderland berig ook dat Die Volkstem die vorige dag geskryf het: „Die S.A.P. vertolk die Suid-Afrikaanse belang liewer in die rigting van 'n voortgesette ekonomiese, diplomatieke en so nodig militêre saamwerking met die ander Britse State," maar Ons Vaderland sê by genl. Smuts en Die Volkstem is die „Empaaier" bo.

Ons Vaderland (4 Januarie 1927:4) is as mondstuk van die N.P. vol hoop vir die toekoms: „Ons land en onsself gaan die nuwe jaar in onder omstandighede wat in g'n jare nog so rooskleurig gelyk het as wat dit ons vandag toelag. Ons is geseën met 'n Regering wat ons belange voorop stel in alles wat hulle aanvang. Suid-Afrika eerste, is die toets vir ál wat hulle doen."

Die Nasionale Party sal bly voortbestaan en toeneem in krag as die enigste lewende en groeiende politieke party in Suid-Afrika. Dít is die mening van Ons Vaderland (8 November 1927:6) by wyse van 'n hoofartikel en „dit bly vir die Nasionale Party oor om die teoretiese onafhanklikheid 'n praktiese daadwerklikheid te maak. Om dit te bewerkstellig, sal jare van onophoudelike strewe vereis."

In 1929 is weer 'n algemene verkiesing gehou (Kennis 1978:2886) waarty-

dens die Nasionale Party 78 setels verower het en die S.A.P. 61. Oor dié verkiesing sê Ons Vaderland (8 Junie 1928:4) op die hoofartikelblad dat daar nie nou tyd is om oor die vereniging van partye te praat nie, aangesien „ons nou aan die vooraand van 'n algemene eleksie staan. Dit is oorlogstyd; die gees van die verkiesing is reeds vaardig geword oor die mensheid."

Ons Vaderland sê verder die hereniging kan slegs aangehelp of bewerkstellig word „deur te help dat die Nasionale Party 'n verpletterende oorwinning by die stembus behaal."

In Ons Vaderland (19 Oktober 1928:8) word die sogenaamde welgesinde Nasionaliste vir die soveelste keer op die hoofartikelblad gewaarsku om toe te sien dat hulle name op die kieserslyste verskyn.

In Ons Vaderland (19 April 1929:15) word genl. Hertzog se „plan van aksie vir die verkiesing" voorgelê.

Volgens die plan sal die voortsetting van die landbou-ontwikkeling aandag geniet asook die bestendiging van die land se boerdery en die handhawing en verdere ontwikkeling van die nasionale politiek ter beskerming van nywerhede.

Genl. Hertzog beloof ook die handhawing van die beginsels van beskaafde arbeid in staatsondernemings. Dit is ook sy plan om die opbrengste van die staat se diamantdelwerye aan te wend vir besproeiingskemas op plase en navorsing gaan ook gedoen word vir die ontwikkeling van krag uit steenkool.

Die bou van paaie geniet ook genl. Hertzog se aandag en hy beloof om toe te sien dat Suid-Afrika 'n witmansland sal bly. Hy verwerp ook die beleid van die Suid-Afrikaanse Party wat daarop uit is om Suid-Afrika by die Britse „naturelle-geweste van Oos- en Noord-Oos-Afrika" ingelyf te kry. Hy beveel ook 'n politieke en „territoriale afskeiding" aan ten einde die swartvraagstuk te probeer oplos.

'n Finale oproep tot die publiek om op 12 Junie (Ons Vaderland, 31 Mei 1929:8) te gaan stem, verskyn op die hoofartikelblad:

'n Groot oorwinning is nodig om die N.P. op eie bene te laat staan. Daar moet ook onthou word „ons beveg 'n politieke party wat beskik oor baie meer geldmiddele as ons, en oor 'n pers wat iedere Engelslesende kieser in die land bereik. Ons beveg 'n party met kapitaalkragtige maatskappye en mynmagnate, wat reken op die krag van die geld, terwyl ons ons verlaat slegs op die besieling van ons ideaal, die geesdrif van ons goeie smaak. Ons sou derhalwe verkeerd doen met ons politieke vyand te lig te ag. Laat ons motto in hierdie verband wees: liewer te hard geblaas as ons mond gebrand!"

Ons Vaderland (14 Junie 1929:3) se hoofartikel sê (ná die verkiesingsuitslae bekend geword het en wat ook gereeld en volledig in Ons Vaderland gepubliseer is) die publiek het vir 'n witmansland gestem, maar hoewel die verkiesing iets van die verlede is, is die stryd nog nie verby nie.

Op die hoofartikelblad (Ons Vaderland, 25 Junie 1929:8) word gesê: „Die beginsels van die Nasionale Party het geseëvier. 'n Witmansland, Suid-Afrika Eerste en Durf en Doen, - dit is die dinge wat 't gewin het by die kieserspubliek, teen die politiek van niksdoen, gelykstelling, gelyke regte en staatsondersteunde immigrasie met politieke bybedoelings."

Die stryd om vryheid vir die Suid-Afrikaanse volk het voortgeduur, want Ons Vaderland (13 Januarie 1931:4) sê op die hoofartikelblad dat genl. Hertzog „konsekwent reg-deur-see, padlangs gestry het die afgelope agtien jaar, vir vryheid en onafhanklikheid."

Ons Vaderland gaan voort deur te sê genl. Hertzog het smaad en hoon verduur in sy stryd om vryheid en het gemak en welvaart daarvoor opgeoffer. Genl. Hertzog het ook die afskeiding van die Britse Ryk bepleit, maar genl. Smuts het „verlede jaar opgestaan en verklaar dat ons nie die reg van afskeiding besit nie.

„Genl. Hertzog is weer naar die Rykskonferensie gegaan, en die allereerste ding wat hy daar gedaan het, was om te verklaar, dat hy die Deklarasie van 1926 só verstaan, dat Suid-Afrika vry is om te enige tyd af te skei van die Britse Ryk as sy inwoners dit begeer. Die Rykskonferensie het eenpariglik met hom ingestem, en dit staan vandag genotuleer in hulle verrigtinge."

Teen die einde van die hoofartikel van byna drie kolomme sê Ons Vaderland genl. Hertzog praat nie van 'n nuwe party of hereniging nie - „hy sê maar alleen: ons het oor die vryheid nou klaar gebaklei, hier is my hand; laat ons nou saamwerk, om die groot vraagstukke van ons land op te los!"

In 'n hoofartikel in Ons Vaderland (16 Januarie 1931:4) is die mening gelug dat die S.A.P.-vriende doodbenoud is oor genl. Hertzog se gulle vriendskap en die opposisie is dit ook eens dat genl. Hertzog 'n Republiek in die gedagte het, maar „ons sê dat hy hom nooit vir 'n Republiek verklaar het nie, en dat dit ook nie in die party-konstitusie staan of ooit gestaan het nie."

Ons Vaderland gaan voort deur te sê genl. Hertzog baan nou die weg tot samewerking en „ons stry nie meer oor status nie. Ons het verkry wat ons verlang het. Ons is tevrede daarmee. En die man wat dit gedaan het, reik sy tegenstanders die hand van samewerking. Baie het dit aangegryp."

In dié verband moet in aanmerking geneem word dat genl. Hertzog (Kennis 1978:2886) in 1924 die Arbeidersparty beloof het om voorlopig die afskeiding van die Britse Ryk op die agtergrond te skuif - toe die Arbeidersparty en die N.P. besluit het om saam te smelt, maar ten spyte van sy belofte het genl. Hertzog amptelike erkenning van Brittanje gesoek vir die soewereine onafhanklikheid van die Unie binne die Britse Statebond. Dit is verkry met die Balfourverklaring van 1926, wat in 1931 uitgeloop het op die Statuut van Westminster (Kennis 1978:2886).

Volgens Kennis (1978:781) het die Statuut van Westminster bepaal dat Suid-Afrika, én van die ander lande wat nog nie volkome vry van die Britse Ryk was nie, onafhanklik sou word en gelyke status met Brittanje sou hê in die Britse Statebond - vandaar die „ons stry nie meer oor status nie. Ons het verkry wat ons verlang het" (Ons Vaderland, 16 Januarie 1931:4).

Ons Vaderland sou nog sowat 'n jaar voortbestaan (tot in Maart 1932) en die volgende verkiesing, wat in Mei 1933 (Kennis 1978:2886) gehou sou word, sou reeds deur 'n koalisieregering gewen word.

Met dié verkiesing (Kennis 1978:2886) sou die N.P. 75 setels verower en die S.A.P. 61, maar dit is saam beskou as 'n oorwinning vir die koalisieregering.

Genl. Hertzog het dus nie vergeefs gestry nie en hy het ook nie sonder doel die hand van vriendskap gereik nie - die Unie het deur sy toedoen teen dié tyd 'n mate van vryheid geniet, hoewel, soos reeds gestel, 'n goewerneur-generaal nog as staatshoof opgetree het.

Gemeet aan die geskiedkundige resultate wat reeds in dié hoofstuk genoem is, soos dit geblyk het uit die politieke beriggewing ten opsigte van die soeke na vryheid en propaganda vir die Nasionale Party, het Ons Vaderland hom ook goed van sy taak gekwyt as mondstuk van die Nasionale Party.

## 3.2 „KAFFER-" EN „KOELIE-"KWESSIES

### 3.2.1 DIE SWARTVRAAGSTUK

Volgens Van As (Bylae:VI) het Ons Vaderland as mondstuk van die Nasionale Party apartheid bepleit en „ons het sterk geveg teen integrasie. Apartheid moes ook nie deur wetgewing toegepas word nie - die publiek moes beïnvloed word om die persoonlik toe te pas."

Erasmus (1970:133) sê dan ook genl. Hertzog se naturellewetgewing het nie na wense gevorder nie omdat genl. Smuts sy volgelinge se steun weerhou het aan 'n tweederde-meerderheid wat van aparte ontwikkeling 'n werklikheid sou maak.

In 'n toespraak deur genl. Hertzog op Smithfield (3 Julie 1911) oor die swartvraagstuk (Hertzog deel 2, 1977:174) het dit duidelik geblyk dat die politiek van die afgelope 30 jaar veroorsaak het dat die swartman nie respek vir die blankes het nie. Die politiek waarvan genl. Hertzog praat, is „om de ‚kaffers' de gelijken van de blanken te maken."
Selfs 'n briefskrywer aan Ons Vaderland (21 Maart 1916:3), I.J. Bosman van Silverton, het teen die sogenaamde gelykstelling uitgevaar: „Wie had ooit kunnen denken, dat de Botha-Smuts Regering tot zulk een peil zou kunnen zakken, dat zij weigeren zou, bij haar wetgeving, een ‚kaffer als een ‚kaffer' en een kleurling als een kleurling voor te stellen ..."
Op 26 Augustus 1920 (Hertzog deel 2, 1977:248) sê genl. Hertzog op Pietersburg die politiek moet die voortbestaan van die blanke verseker en die regte van die swartman moet eerbiedig word. „Ten tweede moet de scheiding tussen de twee rassen op maatschappelik gebied, die altijd zo diep werd gevoeld in Vrijstaat en Transvaal, gehandhaafd worden."
Genl. Hertzog (Hertzog deel 2, 1977:248) is ook van mening dat gelykstelling 'n vrees by die blanke sal laat ontstaan oor hulle toekoms. „Die scheiding moet blijven voortbestaan ... die gelijkstelling geldt toch net bij de laagste klas van de witmensen en de gevolgen zijn allertreurigst ... op de blanken rust 'n grote plicht jegens de naturellen, die de minderen zijn."
Op 20 Januarie 1913 (Hertzog deel 2, 1977:308) het genl. Hertzog in Pretoria gesê die ekonomiese lewe van die swartman hou 'n gevaar in vir die ongekwalifiseerde blanke arbeider - „men moest zulke wetten maken, dat het ekonomies leven van de naturel en dat van de blanken beide beschermd zouden worden. Men behoorde het grondgebied van de Unie in twee afscheiden kampen te veredelen, het kamp der blanken en dat der naturellen."

Op 13 November 1925 (Hertzog deel 5, 1977:26) sê genl. Hertzog op Smithfield dat die Naturelle-Administrasie sal moet toesien dat die swartes binne hulle eie gebiede opgelei en aangemoedig word om sover moontlik op eie krag te steun ... „om dit vir homself daar so aantreklik moontlik te maak, en ook om sigself daar te bestuur deur eie naturelle kragte ... die doel moet wees om die naturel op te bou en op te lei om binne 'n naturelle gebied sy huishouding self waar te neem."

Genl. Hertzog (Hertzog deel 5, 1977:76) sê ook in Mei 1926 op Malmesbury dat as gevolg van die oneweredigheid in getal (van swartes en blankes), die verskil in volksaard, ontwikkeling en beskawing, met die gevolglike verskil in belange en behoefte, sal elke ras „soveel moontlik as apartstaande eenheid behandel word."

Bostaande kan beskou word as die beleid wat genl. Hertzog ten opsigte van die swartman graag wou volg. Ons Vaderland het hom ook hierin gesteun, soos sal blyk uit 'n paar voorbeelde uit die koerant.

### 3.2.2 ONS VADERLAND EN DIE SWARTES

Ons Vaderland het sy hande vol gehad om die S.A.P. en die Unioniste se beheptheid met die swartman en anderskleuriges teen te werk.

Volgens Ons Vaderland (14 April 1916:2) se hoofartikel is die Kaapse kieswet, wat bepaal dat 'n swarte wat sy naam kan teken, in 'n huis woon en oor 'n sekere inkomste beskik, stemreg het, die oorsaak dat geen verskil gemaak word tussen 'n blanke en 'n anderskleurige nie.

Die hoofartikel berig dat daar op dié tydstip sowat 20 000 gekleurde kiesers in die Kaap was wat die S.A.P.-Unionisteverbond gesteun het. In die praktyk was dít 'n steen des aanstoots, aangesien die S.A.P. en Unioniste in die Volksraad gesê het dat dit 'n belediging vir die swartes en kleurlinge is as die N.P. daarop aandring dat daar nie op treine deurmekaar gereis mag word nie.

Hoewel Ons Vaderland saam met die N.P. gestry het vir afsonderlike ontwikkeling, moes goeie betrekkinge ook bewerkstellig word.
Ons Vaderland (5 September 1916:2) deel in sy hoofartikel mee dat die S.A.V.F. wil hê dat swartes uit poste gesit moet word sodat dit deur blankes gevul kan word.
Hierteen het Ons Vaderland geskop, want volgens hom bevorder dit nie goeie betrekkinge nie.
Verontwaardiging oor die sogenaamde integrasie was ook aan die orde van die dag aan die kant van Ons Vaderland, want 'n brief van 'n onbekende persoon aan Ons Vaderland (9 Januarie 1920:10) wat handel oor 'n swart Griekwa wat in Frankryk met 'n blanke meisie getrou het, word gepubliseer: „Hij was een van die sogenaamde galant boys. Hij is nu terug in Kokstad, maar zijn Ega sal die jaar na hem uitkom met haar zoontjie. Hij is 'n swarte Grikwa."
Dié soort briewe is ook deur Ons Vaderland gebruik om die publiek te beïnvloed teen integrasie.
'n Voorbeeld (Ons Vaderland, 2 Maart 1920:2) van hoe die N.P. aan bewind probeer kom het deur die oorsaak van die swartvraagstuk onder die publiek se aandag te bring, word op die hoofartikelblad aangetref.
Na aanleiding van stakings en misdade deur die swartes sê Ons Vaderland dat die N.P. die middel besit om die „zeer ernstig gevaar te keren." Die koerant is van mening dat die swartes ontevrede is - „Zuid-Afrika is in groot gevaar. T' is droevig. Maak er dus 'n eind aan op 10 Maart." (Dit is geskryf kort voor die verkiesing wat in Maart 1920 (Kennis 1978:2843) gehou is.)
Ons Vaderland (6 Mei 1921:4) spreek hom in die hoofartikel uit teen 'n veelrassige onthaal van die Arbeidersparty in Port Elizabeth waartydens „almal saam gedans het - fijn, tengerige Engelse ladies en diklip Xosas en Makatese; gestewelde en gespoorde Sons of the Empire en

geurige kroeskop Masadis! - Net 'n rij palms dwars deur die saal het hul geskei, maar, solank as sulke verspotte idees van gelijkheid en broederskap in die ‚kaffer' se half-barbaarse siel geprent word, is die hoop op 'n betere testand van sake ijdel, en blij die eer van die witvrou in Suid-Afrika in gevaar."

Bostaande voorbeeld is ook een van die vele berigte of kommentaar wat in Ons Vaderland verskyn het oor die ongewenste gelykheid tussen swart en wit. Dat die ry palmbome of -takke vermeld word, al is dit 'n brief deur 'n korrespondent, is ook 'n duidelike stem vir apartheid.

Aangesien swartes blanke arbeid mag verrig, skryf F.C. van den Berg van Benoni aan Ons Vaderland (4 April 1922:3) dat 'n slagoffer van die opheffing van die „kleurlyn", 'n mynwerker, met 'n vrou en drie klein kindertjies „wie se plek op die myn nou word ingeneem deur 'n ‚kaffer', homself aanbied om op 'n plaas te werk net vir kos vir sy famielie."

Die briefie kon die koerant gehaal het oor die nood waarin die mynwerker verkeer het of dit kon geplaas gewees het om die treurige gevolge van die Smutsregering se gelykstellingsbeleid onder die publiek se aandag te bring.

In die hoofartikel van Ons Vaderland (6 April 1923:4) word gesê dat dit onvergeeflik is dat „in die Afrikaanse Parlement oor swart stemreg gepraat word, in plaas dat segregasie oombliklik en ernstig bespreek word."

In Ons Vaderland (5 Februarie 1926:7) word berig dat genl. Smuts die swartes opsweep omdat hy teen segregasie is. Ons Vaderland sê genl. Smuts is van mening dat dit „hoogst onbillik en vreesaanjagend vir die ‚kaffers' is."

Ons Vaderland (27 Februarie 1925:4) sê op die hoofartikelblad oor gelyke regte: „... die Jingo's en papbroeke moet verstaan ons het vandag 'n Nasionale Regering wat die Wet sal handhaaf" en in Ons Vaderland (9 Februarie 1926:4) lui die hoofartikel: „... genl. Smuts eksploiteer

rassehaat tussen wit en swart. Genl. Smuts is as politikus die grootste gevaar wat ons vandag in hierdie land het. Hy gaan, as dit nie hoër of laer kan nie, die ‚kaffers' aan sy kant probeer kry."

Selfs toe die N.P. aan die bewind gekom het, moes genl. Hertzog die swartvraagstuk streng hanteer, want soos dit blyk uit genoemde twee voorbeelde, het genl. Smuts hard gestry om gelykstelling tussen swart en wit.

Hoewel Ons Vaderland die swartvraagstuk ernstig benader het, is die volgende voorbeeld (Ons Vaderland, 4 Januarie 1928:6) op die hoofartikelblad as nuwejaarsartikel 'n duidelike bewys dat nugterheid ook 'n rol gespeel het: Daar word gesê dat die heersende droogte die vernaamste kwelling is wat opgelos moet word - „dit is 'n kwessie van lewe en dood. Daarby vergeleke is die ‚Kaffer-'kwessie van minder belang, want die bestaan van beide blankes en ‚kaffers' is in die eerste instansie van water afhankelik."

Dat die N.P. die swartvraagstuk werklik wou oplos, blyk uit 'n brief van M.J. Taljaard wat in Ons Vaderland (1 Maart 1929:4) verskyn. Die skrywer sê hy het uit die S.A.P. bedank „omdat ik sien dat die Nasionale Party die naturelle-kwessie wil oplos op 'n goeie, vir die witman bestaanbare, manier, en dat die arme blanke kwessie ook goed aangepak word, deur dat die Regering arme witmense werk gee op die spoorwege en elders, in die plek van ‚kaffers', wat my ou Party aangehou het."

Die swartvraagstuk skyn byna opgelos te wees as die inhoud van 'n hoofartikel teen die middel van 1930 (Ons Vaderland, 13 Mei 1930:4) noukeurig gelees word.

In die hoofartikel word gesê daar het 'n kentering gekom in die houding van die Parlement teenoor dié vraagstuk. „Die meerderheid is daarvoor om segregasie nou een maal deur te sien. Dit is één kentering wat heeltemal gunstig is."

Die ander kentering waarvan gepraat word, is „'n sterk aanwassende gevoel in Transvaal dat daar nou 'n end moet kom aan die Sapstories, dat die N.P. daarvoor is om die naturelle-kiesreg naar Transvaal uit te brei."

Ons Vaderland is egter bevrees dat, hoewel daar 'n kentering gekom het, die saak nog lank sal sloer, ... „en die publiek sien met besorgdheid hoe daar nou naar alle waarskynlikheid weer 'n jaar oorheen sal gaan ..."

Oor die swartvraagstuk sou Ons Vaderland nooit uitsluitsel kon gee nie, aangesien dit in Maart 1932 ondergegaan het.

3.2.3 DIE INDIëRS

Volgens Van As (Bylae:VI) wou die staat die Indiër betaal om hom landuit te kry.

Dít kan verstaan word, want Ons Vaderland (23 Mei 1919:6) berig oor die Indiërvraagstuk dat die Regering gevra gaan word dat geen Indiër meer in Suid-Afrika toegelaat moet word nie en dat dié wat nog in die land woon, „zo spoedig mogelik gerepatrieerd zullen worden."

Dié wetsontwerp gaan ingedien word, „bedoelende zekere onwettige voordelen, die door de Aziaten in de laatste jaren op de Rand behaald zijn, van hen weg te nemen." Die voordele waarvan gepraat word, is onder meer die reg om handelslisensies te verkry en vaste eiendom te besit.

Ons Vaderland sê verder die betekenis van die Indiër as inwoner van die land is „namelik dat hij 'n grote schadepost is in de boeken van onze samenleving." Dit is ook die Indiër se uitsluitlike doel om soveel moontlik geld bymekaar te maak, „ten einde zijn familie in't gezegde britse Indië te kunnen bijstaan of wel om zoveel bijmekaar te schrapen, dat hij in zijn geboorteland 'n lekker leven kan leiden."

Ons Vaderland sluit af deur te sê dat die Transvaalse publiek nou sal kan insien dat die werklike belange van 'n permanente bevolking veilig sal wees in die hande van die N.P.

In die hoofartikel van Ons Vaderland (26 September 1919:4) word gesê die nuwe eerste minister, genl. Smuts, het aan sy „koelieboeties" gesê almal behoort aan een en dieselfde familie - „ons behoort tot die empaaier," het genl. Smuts gesê.

Ons Vaderland doen hierop 'n beroep op die publiek om in dié geval in die komende verkiesing Nasionaal te stem, „want van al die partye is dit net ons wat in ons program aksie het: die ‚koelie' moet die land uit."

Ook in 1920 pleit Ons Vaderland (20 Februarie 1920:4) op die hoofartikelblad dat die Indiërs uit die land gesit moet word mét skadevergoeding en in Ons Vaderland (11 Oktober 1921:4) word berig van 'n vergadering wat op Ixopo gehou is om te protesteer teen die feit dat Indiërs so maklik handelslisensies kan uitneem.

Mnr. C.E. Hancock het by geleentheid van die vergadering gesê as daar nie streng teen die Indiërgevaar opgetree word nie, sal dit nie meer nodig wees om vir die blanke kinders skole te bou nie. Hy reken dat Natal moet aanhou stry teen die gevaar. „Hierdie land wat vir ons deur die Voortrekkers en die vroeë britse pioniers verower is, gaan vinnig oor in die hande van die ‚Koelies', wat niks bygedra het om die barbaarsheid wat eens hier geheers het, te onderdruk nie. Die ‚koelies' vermeerder hulle vatkans op die platteland en dryf baie Europese boere van die gronde af."

Pogings is ook aangewend om die Indiër te boikot, want hoewel daar persone is wat die Indiër uit die land wil hê, is daar baie „wat die ‚koelie' ondersteun tot hulle eie nadeel en tot nadeel vir die hele land en die publiek. Ons moet die winkeliers van Europese afkoms ondersteun of ons moet die ‚koelie' ondersteun tot ondergang van ons volk en opkoms van Mohammedanisme" (Ons Vaderland, 20 Februarie 1925:5).

R.J.M. Kruger skryf aan Ons Vaderland (1 Maart 1927:2) dat die In-

diër nie ongewens is nie, „want hy geniet hartelike ondersteuning by van die Afrikaners en is vandag ver bokant die witman in besigheid."
Die skrywer sê verder die Regering is magteloos teenoor die Indiër, „en het nie die reg om die ‚koelie' die reg te ontneem wat die Afrikaner hom gegee het nie en die ‚koelie' weet dit goed."
Na aanleiding van Regeringsbesluite om die Indiër in Suid-Afrika te laat aanbly (Ons Vaderland, 18 Maart 1927:10), sê die koerant as die Indiërs wat nie in die land gebore is nie, teruggestuur moet word Indië toe, sal 'n driekwart die land verlaat wat ook nie te sê is dat Indië hulle sal aanvaar nie.
Die Regering se hoofdoel is en bly egter om die Asiate-element uit die Unie te verwyder, „en as ons die doel kon bereik langs vreedsame weg, deur repatriasie maklik of selfs aantreklik te maak, dan lê dit voor die hand dat onse owerheid dit liewer moet doen as om ander maatreëls te besig. Wat vooruit bestem is om te misluk."
In Ons Vaderland (8 April 1927:15) word berig dat die „Asiate Boikot Organisasie" die Regering wil help om ontslae te raak van die Indiërs deur hulle te boikot, aangesien daar besluit is om hulle op vreedsame wyse die land uit te kry en sowat 'n jaar later (Ons Vaderland, 6 Maart 1928:6) word in die hoofartikel vermeld dat dit lyk of die Indiërvraagstuk deur middel van vrywillige landverlating as gevolg van swygende boikotte deur die Afrikaners 'n sukses is.
In die hoofartikel word ook verklaar dat 2 061 Indiërs die land in 1926 verlaat het en 2 896 in 1927. „Daar is egter nie rekening gehou met die natuurlike aanwas binne die Unie nie. In 1926 het 3 570 Indiërs die land binnegekom en 6 558 is hier gebore terwyl 2 371 gesterf het."
Wanneer na dié pasgenoemde gegewens gekyk word, kom 'n mens tot die gevolgtrekking dat die Indiërs na Suid-Afrika gekom het om te bly.

## 3.3 DIE ONDERWYS

### PRIVAATSKOLE, PLAASSKOLE EN SENTRALISASIE

Volgens die Eeufeespublikasie van die Transvaalse Onderwysdepartement (1976:44) het die sametrekking van vroue en kinders tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) die ontstaan van 16 konsentrasiekampe in Transvaal meegebring. Hierbenewens was daar ook kampe buite Transvaal waarheen die vroue en kinders van die twee republieke gestuur is en was die stigting van privaatskole in die kampe 'n algemene gesig, aangesien 20 000 van die sowat 30 000 kinders in die kampe van skoolgaande ouderdom was.

Hoewel dié soort privaatskole (Transvaalse Onderwysdepartement, 1976: 46) 'n tydelike instelling was, het hulle nie verdwyn nie, aangesien hulle plaasskole geword het.

Die sentralisasie van onderwys in Transvaal was ook 'n struikelblok in sekere gevalle (Barnard, Coetsee, 1975:202,203), hoewel die eerste departementele kommissie wat 'n deurtastende ondersoek na die plattelandse onderwystoestande moes instel, hom in 1913 ten gunste van sentralisasie uitgespreek het.

Van dié struikelblokke was dat probleme ondervind is om 'n bevredigende sentrale plek vir die oprigting van 'n skool te vind en dit sou in die meeste gevalle ver van ouerhuise af opgerig moes word, wat ook vervoerprobleme veroorsaak het. Ongunstige weersomstandighede moes ook in aanmerking geneem word weens die afstande wat tussen die skool en die huis afgelê moes word en die oorgrote meerderheid ouers was moeilik oortuigbaar dat die sentralisasiebeleid meer voordele ingehou het as dié van klein plaasskooltjies.

Volgens Barnard en Coetsee (1975:202,203) sou groot sentrale skole die skoolgaande kind beter en meer doeltreffende onderwysgeriewe en toerusting kon bied, minder personeelwisselings sou plaasvind, meer vakke kon aangebied word, kultuurverenigings kon gestig word en die al-

gemene skoolorganisasie ten opsigte van die klassifisering van die leerlinge in afsonderlike standerds was ook 'n voordeel van sentrale skole.

SIR JOHN E. ADAMSON

Volgens sir John E. Adamson (Transvaalse Onderwysdepartement, 1976:56), wat 19 jaar lank die onderwyshoof in Transvaal was (1905-1924) (Transvaalse Onderwysdepartement, 1976:52)), kon daar geen doelmatige onderwys wees tensy onderwysers voldoende gekwalifiseer was nie en wou hy as hoof van die Pretoriase Onderwyskollege geen student sonder 'n matrieksertifikaat by die kollege toelaat nie. Hy het ook toegesien dat eenmanskooltjies gesentraliseer word sodat die onderwyspersoneel voordeliger benut kon word.

Adamson (Transvaalse Onderwysdepartement, 1976:58) het ook verpligte onderwys tot standerd vier en later tot standerd ses ingevoer. Hy was verder van plan om verpligte skoolbesoek uit te brei tot en met standerd agt. Hy het dit ook beklemtoon dat kulturele en algemene onderwys tot sy reg moes kom en dat die sogenaamde differensiasie (tegnies, handel en akademies) nie tot spesialisering moes lei nie.

Sir John het ook probeer om gelyke onderwysmoontlikhede vir die meer en minder bevoorregtes daar te stel - 'n beginsel wat destyds nie baie aanvaarbaar was nie (Transvaalse Onderwysdepartement, 1976:58).

Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement (1976:62) het mnr. H.S. Scott sir John in 1924 as die Transvaalse onderwyshoof opgevolg, waarna dr. N.M. Hoogenhout in 1928 aan die beurt gekom en die pos in 1932 aan mnr. F.S. Malan afgestaan het.

GENL. SMUTS

Toe genl. J.C. Smuts (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:59) in 1907 minister van onderwys geword het, het hy dadelik 'n veldtog op tou gesit om die onderwysvraagstuk op te los deur 'n nasionale stelsel wat die Engels- en Afrikaanssprekendes tevrede sou stel.

Die voorgestelde nasionale stelsel het byval gevind (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:59,60) en kort voor lank het die C.N.O.-beweging ontbind. Ouers is ook verplig om hulle kinders tot ten minste die ouderdom van 14 jaar te laat skoolgaan waar hulle tot in standerd drie in hulle moedertaal onderrig sou word.

Genl. Smuts het ook bepaal (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:61) dat Engels as taal in alle skole aangeleer sou word en dat dit selfs 'n voorwaarde vir bevordering sou wees. Engels sou geleidelik as medium in Hollandsmediumskole ingevoer word en, tensy ouers daarteen beswaar maak, sou Hollands as taal aan alle kinders onderrig word.

Volgens die Onderwyskollege van Pretoria (1955:62) sou skoolkommissies en -rade na die belange van die onderwys in hulle gebied omsien, beherende rade is vir hoër skole in die lewe geroep en alle uitgawes by skole sou deur die sentrale administrasie betaal word. Voorsiening is ook gemaak vir die deelname van die algemene publiek in onderwyssake deur die instelling van 'n onderwysraad.

Volgens Barnard en Coetsee (1975:151,152) is die onderwys in genl. Smuts se tyd onder staatsbeheer geplaas en is die beleid van desentralisasie van die onderwys deur hom afgeskaf. Die Britse beginsel van openbare onderwys is gehandhaaf, en die C.N.O.-beginsel wat die ouers die reg verleen om die gees en rigting van die skool te bepaal en om onderwysers vir hulle kinders aan te wys, is ook verwerp.

Dit was ook genl. Smuts se doel om met die staatskoolstelsel die Afrikanerkind voor te berei om deel van die magtige Britse Ryk te word (Barnard, Coetsee, 1975:145).

GENL. HERTZOG

Toe genl. Hertzog (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:75) in 1908 sy onderwyswet in die Vrystaat ingestel het, was dit sy strewe om uitvoering te gee aan die vredesooreenkoms ten opsigte van die taalregte. Hy het deur die beskerming van Hollands as onderwysmedium op gelyke

vlak met Engels die pad vir Afrikaans as skooltaal oopgehou. Die moedertaal was vir hom die uitdrukkingsmiddel vir die volksgedagte en die draer van behoorlike, karaktervormende opvoeding vir die kind.

Die Nasionale Party, met genl. Hertzog as leier, en Ons Vaderland se beleid ten opsigte van die onderwys in Transvaal, sal verder blyk uit 'n paar voorbeelde uit die koerant self.

DIE ONDERWYSMEDIUM

Oor die onderwysmedium sê Barnard en Coetsee (1975:198) Hollands en Engels moes kragtens die Suid-Afrikawet van 1909, artikel 137, gelyke beregtiging geniet. Die Smutswet moes dienooreenkomstig gewysig word. Volgens die Rissik-ordonnansie van 1911 moes onderwys van 1912 af deur medium van die moedertaal tot die einde van standerd vier gegee word, waarna die leerling die voertaal kon kies.

In 1914 het Afrikaans Hollands as voertaal in die primêre skole vervang en in 1919 is Afrikaans in die sekondêre skole ingevoer. In 1924 is die moedertaal ook tot standerd ses ingevoer en kon die ouers self die voertaal kies. Engels is dan as huistaal aangegee met die hoop dat leerlinge ná skoolverlating 'n beter betrekking sou kon vind (Barnard, Coetsee, 1975:198,199).

3.3.1 ONS VADERLAND EN DIE ONDERWYS

Hoewel die onderwys nie soveel aandag gekry het soos die politiek nie, is eksamenuitslae van 'n paar opvoedinginstansies gereeld en volledig in Ons Vaderland geplaas (soos byvoorbeeld taaleksamens wat afgelê is) en was algemene klagte oor die ongerief of armoede van plaasskole deur middel van briewe aan die koerant algemeen. Sporadiese klagte oor die taal wat in skole gebruik word, en onderwysers wat kwansuis nie hulle pligte nakom nie of wat nie gekwalifiseer is nie, is ook ontvang.

Oor „eige skole en eige handelshuise" sê Alfa onder die opskrif Hou

jou bek (Ons Vaderland, 4 Januarie 1916:3): „Denk julle nie dat dit hoog nodig is dat ons weer begin om ons eige skole op te rig, waarin ons kinders weer die suiwere geskiedenis en tradisies van ons volk sal leer nie?"

Dit is waarskynlik gesê as gevolg van die feit dat die onderwys onder staatsbeheer geplaas is (Barnard, Coetsee, 1975:150) toe genl. Smuts in 1907 (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:59) minister van onderwys geword het en die C.N.O.-beleid verwerp is.

Die volgende kon ook gesê word omdat die C.N.O.-skole waarin die ouers die reg verleen is om die gees en die rigting te bepaal (Barnard, Coetsee, 1975:151), nie meer bestaan het nie: Noudat die onderwysers die swye opgelê is, „is hulle nie veel beter dan een klomp stompe hout. En wat sal die kinders wees wat die stompe vandaag moet leer? Meneer Leser, hulle sal net een boel ou meide wees, wat betref die tradisies van hulle land en volk, een boel wat baing van Engeland en die Empaaier sal weet, maar totaal onkundig omtrent sake betreffende ons eige geskiedenis" (Ons Vaderland, 4 Januarie 1916:3).

Dr. N.M. Hoogenhout het by geleentheid van 'n onderwyskongres (Ons Vaderland, 7 April 1916:2) oor volksopvoeding gesê daar word baie gekla oor die onderwys en die skole.

Hierop antwoord Ons Vaderland: „Die vernaamste vraagstuk is: Wat is die doel van ons onderwysstelsel, waarvoor voed ons die kinders op, wat moet hulle later in die lewe word? Die regeerders van die land moet dié vraag oplos."

Ons Vaderland sê ook die onderwysstelsel moet nasionaal wees in die „hoogste en ruimste sin van die woord. Dit moet nie kan gesê word nie, wat 'n engelse staatsman eenkeer van die onderwysstelsel van Engeland gesê het: Ons het 'n groot en pragtige stelsel van nasionale opvoeding; net jammer dat dit twee gebreke het: dit is nie nasionaal nie en dit is nie 'n stelsel nie."

Onder die opskrif 'T CNO Herleeft! sê Ons Vaderland (5 Januarie 1917:2) op die hoofartikelblad dat, toe prof. Jan Kamp jare gelede 'n boekie geskryf het oor vrye skole met staatsubsidies, het prof. J. Lion Cachet in sy voorwoord daarin gesê „dat ook deze poging om Christelik Nationaal Onderwijs te bevorderen tevergeefs zal zijn."

Ons Vaderland sê prof. Cachet het rede tot kommer gehad, want so gou as volksleiers ministers geword het, het die vriendskap teenoor die C.N.O.-skole afgewater, „want die CNO werd helemaal onder die voet getreden en een onderwijswet doorgedrukt, die juist een tegenovergestelde grondslag had." Die reg van die ouers wat die kern gevorm het van die C.N.O.-skole, is totaal vervreem en die staat voorop gestel. Die onderwysers wat die ouers gehelp het met die opvoeding van die kinders, het knegte geword van genl. Smuts, is aangevoer.

Vogens die artikel het dit finansiëel beter gegaan met die onderwyser, maar hulle is in 'n sekere sin gedwing om hulle siel te verkoop. Hulle het masjiene geword, „die door de Direkteur Adamson met imperiale kool werd gestookt."

Vrye skole met staatsubsidies het eindelik baas gespeel. Die beginsel van vrye skole was wel groot, aangesien dit „uit de wortelen van's mensen geestelike vrijheidzin schiet."

Ons Vaderland sê verder die voorwaarde van subsidies is dat skole nie op winsbejag ingestel moet wees nie, dat finansiële verslae gereeld aan die direkteur van onderwys gestuur moet word, asook die leerplan, en dat skole deur gemagtigdes geïnspekteer kon word. Inspekteurs moes ook verslag doen van hulle besoeke aan skole. Sou die verslag onbevredigend wees, sou subsidies verminder kon word.

In die hoofartikel word verder gesê dat daar dus opgeoffer moet word vir die beginsel van die saak. „Pligsgevoel is vatbaar onder die volk."

Die koerant is verder van mening dat kerklike inmenging nie by skole geduld moet word nie, „waarmee we natuurlik geenzins willen zeggen

dat we aan't CNO de C willen ontnemen!"
Uit dié hoofartikel blyk dit duidelik dat die staat tot groot hoogte seggenskap oor die onderwysstelsel gehad het, aangesien dit gesentraliseer was, want in 'n gesentraliseerde onderwysstelsel (Barnard, Coetsee, 1975:162) oefen die minister van onderwys regstreeks beheer uit oor feitlik al die aspekte van die onderwys terwyl 'n gedesentraliseerde stelsel op die beheer van die plaaslike gemeenskap berus.
Oor die inmenging deur die kerk sê Van As (Bylae:VI) dat die koerant dit beklemtoon het dat die kerk se invloed nie verloor mag word nie, maar aangesien die kerk nie vir die onderwys kan betaal nie, en aangesien die Afrikaner persoonlik ook nie kan betaal nie, moes die staat tot groot hoogte betrokke wees.
Oor die staat en die kerk sê ds. J.A. du Plessis (Ons Vaderland, 26 Maart 1918:4) dat dié twee magtige faktore in die onderwysstryd in botsing gekom het. Hy sê samewerking tussen dié twee magte het goeie vrugte afgewerp, „maar met die skeiding is ook die strijd ontstaan." Ds. Du Plessis sê verder dat die Staat nou oorgeneem het op die gebied van die onderwys, maar hy gaan van die veronderstelling uit dat nòg die staat nòg die kerk die monopolie mag besit om dié rede dat albei daarby belang het en dat die skoolpligtiges die eiendom is van die staat sowel as van die kerk.
Volgens ds. Du Plessis sal die kerk, staat en maatskappy tot niet gaan as die huisgesin nie meer bestaan nie en „is hierdie uitgangspunt juis, dan moet die konklusie, dat die onderwijs in die eerste plek die belange is van die huisgesin, ook juis wees." Hy kom tot die slotsom dat die skool slegs aan die huisgesin behoort en deur die huisgesinne aan die maatskappy, kerk en staat.
Eers in 1923 het die winde van verandering begin waai, want Ons Vaderland (24 September 1923:4) sê in sy hoofartikel dat die N.P. eenparig besluit het om die onderwyswet só te verander soos onlangs deur die

Provinsiale Raad voorgestel.

Die voorgestelde verandering het bepaal dat ouers op die onderwysgebied geregtig is op dít wat hulle kragtens natuurlike, godsdienstige en maatskaplike wette toekom sodat hulle nie meer om gunste en gawes hoef op te sien na die onderwysdepartement nie.

Daar is ook voorgestel dat die onderwysers beskerm word en meer bestaan-sekerheid sowel as groter vryhede toegeken moet word - onder meer deur die vorming van 'n raad waarin hulle hul eie verteenwoordigers kon kies.

Daar is ook berig dat die onderwys meer aangepas sal word by die land se behoeftes.

In die hoofartikel is die mening uitgespreek dat die aanneming van die voorgestelde wette aanmerklike besuiniging op onderwysgebied sal meebring, „wat ook allesins begeerlik is in hierdie tye van oorbelasting en armoed."

Ons Vaderland sê verder die huidige onderwysstelsel is net gerig op voorbereiding vir eksamens en nie vir die lewe nie - „dit is 'n drilstelsel wat toegepas word, wat van die kinders moontlik harsenlose militêre en geduldige winkelklerke kan maak, maar nie die nuttige, selfstandige burgers van ons land soos wat hulle vaders gewees het nie."

In Ons Vaderland (16 Oktober 1923:8) sê die Nasionale Party dat hy hom sal beywer vir die ouerregte ten opsigte van die onderwys en die nodige geriewe vir die „laer en middelbaar onderwys vir die blanke bevolking van Transvaal sal nie alleen behou word nie, maar ook uitgebrei word, veral met die oog op die industriële, tegniese en landbouonderwys. Laasbedoelde in die gees van die besluit van die Transvaalse Landbou-unie se kongres."

L.J. Erasmus skryf aan Ons Vaderland (21 Mei 1929:20) dat hy ontevrede is oor die swak toestande waarin onderwys op die platteland gegee moet word. Hy skryf dit toe aan die feit dat Afrikaans gewoonlik daar as

voertaal gebruik word.

Volgens mnr. Erasmus voel die Engelse dat hulle taal in die buiteskole dood is omdat daar afgewyk is van die gebruik wat in swang was van 1901 af tot 1908 toe Engels oral as medium van onderrig gebruik is.

Hy skryf ook dat dié toestand te wyte is (volgens Engelse meningsvormers) aan skoolrade wat die beheer oor onderwys onder dwang van die plaaslike politikus moet uitoefen, wat op sý beurt weer moet vry na die guns van die onkundiges wat die meerderheid is. Daar word ook gemeen dat dit verkeerd is dat Engels net as taal onderrig word in skole wat die onvergeeflike flater begaan het om Afrikaans as medium in te voer.

Mnr. Erasmus sê ook daar is te veel onderwysers met derdeklassertifikate - 'n groep van skadelike wesens wat deur die bank „underworked and underpaid" is. Daar is ook te veel klein skooltjies in plaas van groter sentrale skole.

Verder word daar gepleit dat Afrikaans as 'n taal aanvaar moet word en word as oplossing aanbeveel die instelling van kommissies wat onder meer met die aanstelling van onderwysers belas moet wees. Plattelandse inspekteurs kan ook meer gereeld „spioenwerk" gaan doen en die direkteur van onderwys moet meer mag kry.

Hy beveel ook aan dat inspeksie by kleiner skole meer intensief gedoen moet word en dat sentralisasie belangrik is.

Mnr. Erasmus sê verder daar moet op gelet word dat 'n skool se eerste doel nie is om Engels aan die kinders te leer nie, maar die skool „staan vir baie groter dinge - kennis van ander nodige sake moet aangebreng word en wel langs die weg wat die maksimum resultaat in die minimum tyd sal oplewer."

Hy vra ook dat die saak onbevooroordeeld aangepak moet word. „Laat elke kind onderrig ontvang deur middel van dié voertaal wat hy die beste kan verstaan, en laat ons bo-al aan ons skole hoger eise stel."

Daar moet ook gedink word aan die duisende onderwysers wat graag in

vrede hulle roeping wil vervul.

Dié brief bevat van die mees algemene klagte waaroor briefskrywers in Ons Vaderland gekla het - taal, plaasskole en die onderwysers.

Oor plaasskole sê J.P. van der Walt van Rietspruit (Ons Vaderland, 25 Februarie 1930:9) dat dit nie die broeiplek of oorsprong van armblankes is nie. Hy sê hóé klein en hóé afgeleë die skool ook al is, word daar baie vir die kind gedoen, want „die kind verlaat die skool op 'n baie hoger trap van ontwikkeling as wat die geval sou gewees het sonder skoolonderwys, en hulle besit dan alreeds die goeie hoedanighede (tug, ens.), wat die staat van sy onderdane eis."

Hy gaan voort deur te sê die armoede begin eers as die kind die skool verlaat het en nie soos hulle meer bevoorregte maats verder kan studeer nie. „Sentralisasie sal die eerste stap wees om hierdie ongelukkige toestand die nekslag toe te dien."

Volgens die skrywer sal daar dan ook 'n einde kom aan eenmanskole waar die onderwyser te veel werk het en sekere klasse dan afgeskeep word. Die skole sal ook beter en meer gereeld besoek word.

Nog 'n tipiese brief wat in Ons Vaderland (2 Mei 1930:26) verskyn oor algemene klagte te opsigte van die onderwysstelsel, kom van B.J. Dreyer van Mabaalstad wat die tydelike aanstellings van onderwysers kritiseer.

Hy noem dit die „sluipmoordenaar sisteem" en in baie gevalle „kan die skoolkommissie beslis sê wie die vakante pos sal kry voor daar nog applikasies vir die pos ontvang is."

Mnr. Dreyer sê 'n mens kan nie verwag dat die tydelike onderwyser met lus sy werk sal doen as hy elke kwartaal verplaas word nie - „hulle sien nie die vrugte van hulle arbeid nie."

Daar word verder 'n beroep op die Transvaalse Onderwysdepartement gedoen dat onderwysers vir ten minste ses maande op 'n plek aangestel moet word.

Woelinge in die onderwys tydens die bestaansjare van Ons Vaderland was nie vergeefs nie. Die jare het verbeterings en veranderings aan die onderwysstelsel meegebring en selfs die C.N.O.-ideaal (Barnard, Coetsee, 1975:153) het by die Afrikaner bly voortleef - só dat dit in ietwat gewysigde vorm in Wet 39 van 1967 opgeneem is.

Volgens Barnard en Coetsee (1975:161) het die Smutswet ook baie jare die geldende onderwyswet in Transvaal gebly, hoewel dit egter aangevul en gewysig is om by die ontwikkeling van die mensdom te pas.

Ook ten opsigte van sekere grondbeginsels met betrekking tot die sentrale en plaaslike beheer van die onderwys, finansiering, nie-dogmatiese godsdiensonderwys, tweetaligheidsgedagte en verpligte gratis onderwys is selfs Wet 39 van 1967 op die Smutswet geskoei.

## 3.4 TAAL EN KULTUUR

„Die verengelsing moes bestry word, want dit sou lei tot die onteiening van die Afrikaner se taalregte en identiteit ... Ons Vaderland het ook aandag gegee aan debatsbyeenkomste en daar is altyd 'n poging aangewend om die Engelsman te laat voel dat die Afrikanerhouding net pro-Afrikaans is en nie anti-Engels nie ..." (Van As Bylae:V).

### GENL. HERTZOG EN DIE TAAL

Wat genl. Hertzog in 1910 gegrief het (Hertzog deel 2, 1977:148, 149), was die feit „dat men goed onderwijs in het Engels op de scholen had gegeven, doch dat de taal van een groot deel van het volk zo verwaarloosd was geworden, dat wij nu civiele ambtenaren met hollandse namen aantrof, die probeerden om Hollands te spreken, doch zwaar moesten worstelen met de uitspraak van hun eigen taal."

Op 1 April 1911 (Hertzog deel 2, 1977:161) het genl. Hertzog op Stellenbosch gesê die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika het daartoe gelei dat gelyke regte ten opsigte van die taal geëis kon word en ook volgens Barnard en Coetsee (1975:198) moes Hollands en Engels kragtens die Suid-Afrikawet van 1909 gelyke beregting geniet.

In dié toespraak het genl. Hertzog (Hertzog deel 2, 1977:161) ook gesê die tyd is verby dat Hollandssprekendes op ongelyke vlak met die Engelse op die gebied van eksamens moes meeding, „omdat wij van onze moedertaal niet mochten gebruik maken, doordat men meende, niet altijd stilzwijgend, maar soms heel uitdrukkelik, dat het verstand niet zonder de engelse taal kan ontwikkeld worden."
In Julie 1911 (Hertzog deel 2, 1977:184,185) sê genl. Hertzog op Burgersdorp oor die gelykberegting van Hollands en Engels dat die twee onderskeie volke moet saamstaan en dat die een groep nie die ander moet probeer oorwin op die gebied van die taal en tradisie nie ... „wij zullen de Engelsman met zijn taal en tradities als één van ons beschouwen ... zijn helden zullen wij eren en de onzen zal hij eren."
Eergevoel verplig 'n volk om sy taal te handhaaf en „daarom zal men volhouden tot 't uiterste." Só het genl. Hertzog (Hertzog deel 2, 1977:264) in Oktober 1912 op Nylstroom gesê en later bygevoeg (Hertzog deel 2, 1977:265) dat die Hollandse volk op gelyke vlak met die Engelse verkeer en dat die Hollander die reg het om te sê hy staan geen tree agteruit nie.
Op Willowmore (22 Junie 1915) het genl. Hertzog (Hertzog deel 3, 1977: 232) gesê dat mens deur die jare kon voel dat die taal 'n bindende faktor was en dat die taal van Suid-Afrika veilig in die hande van jong Suid-Afrika lê.
In 'n toespraak in die distrik Middelburg (Hertzog deel 3, 1977:264), het genl. Hertzog op 16 Desember 1915 gesê dat die Afrikaanse taal sowat sewe jaar gelede as 'n kombuistaal beskou is, maar „gelukkig is daar verbetering in gekomen en 't is nu bewezen dat de afrikaanse taal, wat rijkheid aangaat, voor geen taal in de wereld behoeft terug te staan."
Genl. Hertzog het ook gesê dat die Afrikaner dikwels sy eie ondergang bewerkstellig deur onnodig Engels te praat - „door Afrikaans te spreken tegen de staats-ambtenaren en uwe taalrechten daar te handhaven,

maakt gij plaats voor 'n Afrikaner in Staatsdienst; door te eisen dat uw kind op school Afrikaans geleerd wordt, maakt gij plaats voor 'n Afrikaanse onderwijzer."

Volgens genl. Hertzog (Hertzog deel 3, 1977:305) wil genl. Botha, net soos hyself, een groot volk in Suid-Afrika hê, „maar nie net groot in getalsterkte of rijkdom nie; ons wil een volk met karakter en aspirasies krij ..." (2 Julie 1917, op Piet Retief).

Dít het genl. Hertzog gesê na aanleiding van die feit dat (Hertzog deel 3, 1977:305) dit lyk asof die Nasionale Party en nasionalisme deur 'n hele aantal persone net as name beskou word. „Die rede vir die stigting van die Nasionale Party was nie om af te breek, maar omdat ons gevoel het dat die S.A.P. nie meer uiting gee aan die nasionale gevoel van Suid-Afrika nie. Ons taal, geskiedenis en ons land werd behandel en word behandel as iets wat men maar kon wegwerp."

Volgens die Onderwyskollege van Pretoria (1955:75) het C.M. van den Heever in 'n biografie oor genl. Hertzog gesê die moedertaal was vir die generaal die uitingsvorm waardeur 'n volk sy kultuurafsonderlikheid en selfstandigheidsdrang kon handhaaf en uitbou.

DIE SKOOL, KERK EN STAAT

Volgens Barnard en Coetsee (1975:198) moes onderwys van 1912 af deur medium van die moedertaal tot die einde van die vierde standerd gegee word en het Afrikaans Hollands in 1914 as voertaal in primêre skole vervang, waarna Afrikaans ook in 1919 in die sekondêre skole ingevoer is.

In 1924 is die huistaal ook tot voertaal verklaar tot en met standerd ses en van 1927 af moes die ouer die huistaal op 'n voorgeskrewe vorm aandui, waarna die skoolhoof en klasonderwyser in 1932 self die huistaal moes bepaal sodra 'n kind by 'n skool ingeskryf word (Barnard, Coetsee, 1975:198,199).

Volgens die Onderwyskollege van Pretoria (1955:78) het die leerlingtal

van 1918 af tot 1919, wat Hollands as voertaal gebruik het, met 6 000 gedaal, 2 866 méér leerlinge het Engels as voertaal gekies en dié met Afrikaans as voertaal het met 20 854 vermeerder. Die jaar 1922 kon ook beskou word as dié tyd dat Afrikaans die plek van Hollands in die Transvaalse onderwysstelsel ingeneem het, al is dit reeds in 1914 as plaasvervanger erken.

Hoewel Afrikaans as kultuurtaal in 1914 al ver gevorder het, was die kerk nog lank daarna daarteen gekant. Toe die getwis oor Afrikaans egter bedaar en daar bewyse gelewer kon word dat Afrikaans gekom het om te bly, het al die Hollandse Kerke Afrikaans binne vier jaar as amptelike taal erken (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:80).

Volgens die Onderwyskollege van Pretoria (1955:82) moes Afrikaans eers in die volksmond, skool en kerk erken word voordat die staat gevolg het, want voor dit daar tot amptelike taal verhef kon word, moes dit eers die volksiel verower.

In 1918 het die Volksraad bepaal dat met die wetgewing oor die gebruik van Hollands in die staatsdiens ook Afrikaans verstaan sou word en op 8 Mei 1925 het die Volksraad en Senaat besluit dat die woord Hollands in artikel 137 van die Suid-Afrikawet van 1909, en elders in die wet, ook Afrikaans sou insluit. Hiermee is Afrikaans toe op gelyke voet met Hollands en Engels as amptelike tale van Suid-Afrika verklaar (Onderwyskollege van Pretoria, 1955:82,83).

### 3.4.1 ONS VADERLAND EN DIE TAALSTRYD WAARVAN DIE KULTUUR DEEL WAS

Aangesien 'n groot persentasie uitgawes van Ons Vaderland berigte, kennisgewings, artikels of briewe oor die taalstryd bevat, sal gepoog word om van die mees tiperende voorbeelde aan te haal.

'n Hele aantal gediggies deur verskillende persone is ook in Ons Vaderland opgeneem met die waarskynlike doel om Afrikaans bekend te stel en te wys wat die gewone man met die taal kon doen.

Kennisgewings oor konserte wat gehou gaan word, nuwe tydskrifte of boeke wat vrygestel is, debatte wat gereël word en verslae daaroor, het ook gereeld verskyn ten einde 'n kultuurbewustheid onder die Afrikaner te kweek.

Volksraads- en Senaatsbesluite ten opsigte van Afrikaans het ook deel uitgemaak van die taalstryd wat Ons Vaderland saam met die Nasionale Party gevoer het.

Een van die mees algemene taalklagte waaroor Ons Vaderland (16 Julie 1916:5) berig het, gaan in dié geval oor 'n predikant wat 'n kabelgram van Pretoria af Holland toe wou stuur - in Hollands.

Die telefoonbeampte met wie die predikant Engels moes praat, het die predikant meegedeel dat telegramme slegs in Engels of Frans weggestuur mog word. „Daar de zaak dringend was, moest hij dus een engels bericht sturen" en, hoewel Hollands net soos Engels die amptelike taal in Suid-Afrika was, is Hollandse kabels geweier ten gunste van selfs Frans.

Onder die opskrif Johannesburg word Afrikaans, berig Ons Vaderland (9 November 1920:4) dat Johannesburg Nasionaal word, „want Afrikaans (of Afrikaanssprekend) en Nasionaal is twee woorde wat sinoniem is wat die randse goudvelde, en trouens alle stede betref."

Dít is gesê na aanleiding van die groeiende getal Afrikaanssprekendes wat in komitees van skole en stadsrade verkies word.

Ter kultuurbevordering word 'n Afrikaanse kunswedstryd deur die Witwaters randse Dingaansfeeskommissie in berigvorm geadverteer (Ons Vaderland, 2 September 1924:2) - „Ons het dit vanjaar vir die eerste keer gewaag om 'n afdeling vir handearbeid in te rig en ons almal sal met belangstelling hierdie poging van die Afrikaners op die Rand gadeslaan, en vertrou dat dit met groot sukses bekroon sal word."

Die hou van Afrikanerdae is ook gereeld geadverteer (Ons Vaderland, 5 September 1924:5). Dit skyn byeenkomste te wees waartydens blanke Afrikaners, en veral Nasionaliste, mekaar ontmoet om algemene ge-

dagtes te wissel.

Aankondigings oor toneelopvoerings was ook aan die orde van die dag en kort verslae oor byvoorbeeld konserte wat gehou is, het ook gereeld verskyn.

Mej. J.J. Bodenstein skryf byvoorbeeld aan die koerant 'n baie tipiese briefie: „Gemsbokfontein Toneel Vereniging het hul eerste konsert gehad. Ons vereniging bestaan uit 22 lede, waarvan almal nog jong kinders is ..." (Ons Vaderland, 30 September 1924:1).

Dié briefie, soos talle soortgelykes, het gereeld in Ons Vaderland verskyn en het van byna alle uithoeke in Transvaal gekom. Dit wil ook voorkom asof die aard en gehalte van dié soort „kultuurberiggies" nie in aanmerking geneem is nie, solank daar net aangekondig kon word dat 'n kultuurbyeenkoms gehou gaan word of gehou is.

In Ons Vaderland (3 Oktober 1924:1) berig Margaret Geyser in 'n briefie dat die New Denmark Debatsvereniging op 20 September 1924 'n vergadering gehou het. Sy sê die debat het gegaan oor om te trou vir liefde en te werk vir geld. Sy noem ook die kunstenaars wat by geleentheid van die vergadering opgetree het en dat die Stem teen die einde gesing is.

Op die hoofartikelblad van Ons Vaderland (5 Mei 1925:4) sê die koerant onder die opskrif Ons eie Kultuur dat die opvoering Lenie en Die Heks in Pretoria se operahuis die vorige Saterdag 'n „gebeurtenis" was.

Ons Vaderland sê: „Dit het duidelik laat sien oor watter kragte ons beskik. Die Johannesburgers en Pretoriane het gespeel soos beroepspelers hul nie sal verbeter nie. Daar moet nog meer gedoen word - ons moet 'n eie Skouburg hê."

I.M. Lombard van Johannesburg (Ons Vaderland, 22 November 1929:9) adverteer 'n byeenkoms op 18 en 19 Desember 1929 in Bloemfontein deur Afrikaners ter bevordering van taal en kultuur. Hy sê daar moet oorlog verklaar word teen die verwaarlosing en verbastering van die geestelike erfgoedere van die voorvaders. Die taal moet nou suiwer gehandhaaf en

die kunste in alle opsigte bevorder word.

Nog 'n tipiese verslag wat in Ons Vaderland (20 Desember 1929:15) verskyn het, handel oor die Taal- en Kultuurkonferensie wat deur 300 verteenwoordigers uit alle oorde van die land bygewoon is.

Volgens die verslag deur 'n spesiale verteenwoordiger beskou dr. N.J. van der Merwe die konferensie as die derde taalbeweging waar trekkrag, besieling en inspirasie gekry word.

Jan F.E. Cilliers het by geleentheid van die konferensie in sy toespraak oor die geskiedkundige en sielkundige oorsake van die verwaarlosing van Afrikaans deur Afrikaners gesê Afrikaans „moet put uit Nederlands."

Hy het ook gesê die platteland is die hefboom van Afrikaans, al skryf en doen die plattelanders niks. „Die Bybel het soveel gedoen vir Afrikaans en hoeveel meer sal die oorvloed van Hollandse letterkunde nie kan dóen nie? Hy sê ook vreemde letterkunde leer ons die betekenis van ons eie en daarom moet die liefde vir Hollands in die eerste plek aangemoedig word."

Volgens die verteenwoordiger het dr. E.C. Pienaar ook 'n toespraak gehou en wel oor taalhandhawing. Hy het gepleit dat dit oral gepraat moet word.

Dr. A.J.R. van Rhyn het gesê Afrikaans kan gehandhaaf word deur dit meer te praat en minder te skryf en te lees - „boeke en tydskrifte in Afrikaans moet egter 'n ere-plek inneem in ons huise, want 'n volk en 'n taal sonder kuns en kultuur is 'n gedrog."

Dr. D.F. Malan het ook 'n bemoedigende woord gespreek en gesê „die regering wil tegemoet kom waar daar leemtes bestaan in die uitoefening van die taalregte. Ons volk is 'n eenheid, met één siel, waarvan die taal die vertolker is van die geestelike goedere."

Ons Vaderland (29 April 1930:1) adverteer 'n F.A.K.-vergadering waarin die Federasie sê dat hy die handhawing van Afrikaans in alledaagse gesprekke wil nastreef asook in die besigheidsbedryf of by Regerings-

instansies. Daar sal ook gepoog word om Afrikaanse kuns te bevorder en die toneel, tentoonstellings, nasionale feeste en die tydskrifbedryf aan te wakker. Die onderwys sal ook aandag geniet.

Oor die onkunde oor Hollands in die howe het ook verskeie beriggies in Ons Vaderland verskyn.

Oor Ons Taal en ons Regspraak publiseer Ons Vaderland (11 April 1919: 6) briefwisseling oor 'n hofsaak tussen mnr. Frank Durr, 'n bekende Nasionalis, en dr. Bok, Sekretaris van Justisie.

Durr sê hy het in Benoni in die hof verskyn omdat hy nie 'n melkpermit gehad het nie. „Die stadsraad kon my nie 'n permit in Hollands gee nie."

Durr gaan voort deur te sê dat hy skuldig bevind is „deurdat die Magistraat geen Hollands verstaan nie en die tolk onbekwaam was om te vertaal, is ik oortuig dat die Magistraat geen begrip van die saak had."

Die beskuldigde wil van dr. Bok weet van wanneer af moet die Afrikaners wat graag sy taal wil praat, tevrede wees met dié soort onkunde.

Dr. Bok antwoord dat die betrokke magistraat wel nie Hollands magtig is nie, maar die Departement van Justisie streef daarna om slegs tweetalige personeel in diens te neem en „ik is blij om U te sê dat omtrent 80 persent van die ambtenare reeds tweetalig is."

Durr het toe aan dr. Bok geskryf dat hy graag die briewe wat oor en weer geskryf is, wil laat publiseer, „sodat mijn mede-Afrikaners kan sien, wat hem oorkom, wanneer hij voor sommige van die Engelse Magistrate moet verskijn en van sijn taal wil gebruik maak."

'n Tipiese briefie oor Afrikaans self kom van 'n persoon uit Muldersdrift (Ons Vaderland, 11 Oktober 1927:11) wat sê baie mense praat van „brille" as die enkelvoud bedoel word.

„Hulle kan dan maar net so goed praat van skêre en knyptange wanneer hulle die enkelvoud bedoel." Die beste wat die briefskrywer egter nog gehoor het, is: „Sy vat agter haar ma" vir „She takes after her mother."

Hy sê dit sal die kinders geen kwaad doen om nog Hollands ook op skool te leer nie.

Nog 'n brief wat in Ons Vaderland (14 Junie 1929:16) verskyn het om die leserspubliek waarskynlik ten gunste van Afrikaans te beïnvloed, kom van O.J. Botha van Koster wat vra dat Afrikaans dag en nag gebruik moet word - op die plaas sowel as in die groot sake-ondernemings.

Hy vra ook dat onreg teen Afrikaanssprekendes geregtelik behandel moet word en ouers moet hulle kinders leer dat Afrikaans in Suid-Afrika meer reg op bestaan het as enige ander taal en dat dit 'n eer is om die taal te praat en 'n skande om dit nie te doen nie. Hy vra ook dat onderwysers 'n liefde vir Afrikaans by die leerlinge moet aankweek.

Mnr. Botha pleit vir dié taalregte na aanleiding daarvan dat slegs Engels in openbare plekke gebruik is ná die Driejarige Oorlog. In daardie tyd is Afrikaanssprekendes ook baie onvriendelik behandel.

Mnr. Botha pleit ook vir Afrikaans omdat daar 'n tyd was dat Engels as statussimbool gebruik is en dat Afrikaanssprekendes te veel agting het vir die Engelse vriende. „As daar een of twee Engelse in 'n geselskap is, dan moet ons juis hulle taal gebruik om nie hul gevoelens seer te maak nie."

Die briefskrywer meen ook daar heers 'n liefdeloosheid teenoor Afrikaans. Daar word op te veel plekke Engels gepraat deur Afrikaanssprekendes. „Is dit reg dat ons ter wille van die veel gepredikte 'om vredeswille' moet stilbly?"

Nog 'n brierskrywer wat kla oor Afrikaans wat so min geag word, is Piet Vaalpens van Morgenzon (Ons Vaderland, 12 Julie 1929:12) wat sê Afrikaans sal nooit staande bly nie tensy dié volk 'n end maak aan die gehegtheid aan Engels bó Afrikaans „net omdat Engels as iets hoërs en meer behoorlik skyn te wees."

Ons Vaderland (2 Julie 1920:7) is bekommerd oor sy korrespondente se taalkennis en doen weer 'n beroep op hulle om die regte spelling te gebruik, want „treurig genoeg, het 'n groot getal daar blijkbaar geen ag op gegee nie. Dit blij maar nog: zal, school, Nationaal, congres,

sociaal ens. in Afrikaanse briewe."

Ons Vaderland sê die jeukende sug om 'n koerantskrywer te wees, is heeltemal verskoonbaar. Die ontwakende leeslus van die volk moet immers lei tot geleidelik tredhoudende skryflus.

Die koerant sê verder die brief- en nuusskrywers moet geduldig wees - hulle artikels sal mettertyd geplaas word aangesien dit Ons Vaderland se beleid is om eers die kort, saaklike en foutlose berigte te gebruik en uiteindelik dié wat „ons die meeste aan moet dokter."

Ons Vaderland (20 Julie 1920:2) raak ongeduldig oor die korrespondente se spelfoute - „Kijk, ons is nou net so ongeduldig as kome kan. Hoeveel maal moet ons nog duidelik maak, dat ons nie ‚z' in Afrikaans gebruik nie, maar ‚s'?"

Ons Vaderland is ook ergerlik oor die gebruik van ‚ch' in plaas van ‚g' en ‚t' in plaas van ‚s' in nationaal in plaas van nasionaal. „Dit is ook nie konnectie nie, maar konneksie."

Die verdere beroep wat op die skrywers gedoen word, is om te sê ‚die man wat so praat' en nie ‚die man die so praat' nie.

„Bespaar ons tog die moeite om weer daarop te moet wijs dat die onbepaalde lidwoordjie ‚'n' geskrijf word en nie ‚een' nie!

„Dit is ook verkeerd en baie lelik om te sê: ‚Ek sal nie kom', want die regte manier is: ‚Ek sal nie kom nie'. En verder, skrijf soos u praat! Nie ‚door' nie, maar ‚deur'."

In Ons Vaderland (10 Augustus 1920:2) bedank Gawie van Pretoria die koerant in 'n brief vir die inligting oor hoe Afrikaans geskryf moet word. Hy sê dit lyk regtig of „ons ou nasie" begin besef dat Afrikaans net so 'n geskikte middel is om uiting te gee aan 'n mens se gewaarwordinge as watter taal ter wêreld ook.

„Die dae is amper verbij dat ons jonkmans naar die meester toe loop, om 'n mooi brief in Nederlands vir ons op te stel as ons 'n bietjie wil vlerksleep langs 'n nooi. Nee wat! Elkeen perbeer nou skrijf net soos

hij praat. Maar hier lê juis die moeilikheid: daar is 'n leidraad nodig, anders kom daar groot verwarring."

Die skrywer vra dat die koerantmense die spoor met nuttige wenke moet aanwys „of selfs met 'n bietjie sarkasme, as dit nie al te skerp is nie." Hy sê ook die lesers van Ons Vaderland is dankbaar vir die tyd en moeite wat aan die saak bestee word.

Op die hoofartikelblad (Ons Vaderland, 20 Augustus 1920:4) sê die koerant dit het onder sy aandag gekom dat 'n sekere plaaslike firma Afrikaanssprekende bediendes ontslaan en vervang met ingevoerde meisies uit Engeland.

„Dit verwonder ons glad nie en ons kan heeltemal verstaan hoe 'n handelaarsfirma - met die mondjievol Afrikaans wat deur ons mense in winkels gepraat word - dit maklik klaarspeel om net een meisie aan te hou wat Afrikaans verstaan en haar dan eenkeer in 'n skrikkeljaar uit die agterste hoek laat roep, wanneer een of ander bediende deur 'n verdwaalde witkraai met Afrikaans lastig geval word.

„Ons oordrijf nou, maar dis om ons eie mense se agtelosigheid sterk te laat uitkom. Ons wil hulle graag een Afrikaanssprekende sien aanhou waar daar bij tien toonbanke tegelijk in Afrikaans gekoop word! Ag toe tog!"

Nog 'n verteenwoordigende artikel wat in Ons Vaderland (2 Januarie 1925: 3) verskyn het (deur Ou Wagter), lui: „Afrikaners! As jul denk aan die toekoms van jul kinders, as jul die amptenare wat tweetalig is, wil steun, praat Afrikaans nie alleen nie, maar eis dat jul taal moet gebruik word in elke dokument wat moet opgetrek word.

„Weet julle wat dit sal beteken? Dit: dat die dokumente sal in die hoofkantore moet nagesien word deur tweetalige amptenare wat hierdeur 'n kans kry vir bevordering."

Ons Vaderland (19 Augustus 1930:3) publiseer 'n rubriek, Na die Dagskof, deur Voorslag waarin die taaloorlog bespreek word wat Johannesburg se

Afrikaners teen nie-Afrikaanse sakemanne verklaar het.

„Kommando-leiers, generaals, veldkornette en kapteins sal op 'n groot vergadering gekies word, en die veldtog sal in alle erns begin. Die voorgenome veldtog sal nie alleen in Johannesburg plaasvind nie, maar dit moet 'n landwye organisasie word."

Voorslag sê ondersteuners van die veldtog wil terselfdertyd rassehaat uit die weg ruim, want meer as 90 persent Afrikaanssprekendes toon belangstelling in Engels deur dit aan te leer. „Aan die ander kant het die Engelse geen belangstelling in Afrikaans getoon nie, en is derhalwe nie in staat om dit te verstaan nie."

Ons Vaderland (29 Junie 1928:8) sê die Afrikaner word te maklik gerusgestel op politieke sowel as taalgebied, want „dit is asof daar 'n verslappende gees geleidelik onder ons geledere ingesluip het wat die voortbestaan van ons Moedertaal met gewisse ondergang bedreig."

Die koerant sê verder die geleidelike verwaarlosing van Afrikaans is tot nog toe toegelaat, maar dit is tyd om op te tree. „'n Volk wat sy taal verbaster, sal nooit 'n waardige plek onder andere volkere inneem nie, omdat dit die táál is wat 'n volk kenmerk as 'n afsonderlike lid in die Stategemeenskap. Geen volk, wat sy taal handhaaf, sal sy nasionaliteit verloor nie."

Die koerant verwelkom ook die stigting van Afrikaanse verenigings wie se doel dit is om Afrikaans en algemene taalregte te handhaaf.

Gediggies uit alle oorde van die land en deur enige persoon wat graag in Afrikaans wou skryf, is gereeld gepubliseer.

Ons Vaderland (11 Januarie 1916:3) het onder meer die volgende gedig deur Thijs Uijs van Kromellenboog, Utrecht, gebruik:

Jopie Fourie
Roem die naam,
Vergeet die blaam,
        van Rebel!

Hij het geval,
Hij gaf zij al,
Vir Land en Volk en Taal.

Ons denk aan jou,
Als slegs getrouw an Transvaal!
Toe jij nog jonk jou lewe schenk,
Vir Land en Volk en Taal.

Hoe menig een,
In't graf verdween,
    Harte van staal!
Deur ko'els geweld,
Op Afrika's veld,
Vir Land en Volk en Taal.

Ons kindertjies sal weet,
Ons sal nie vergeet,
Van die wat rus,
't Was hulle lus,
Te sterwe vir Volk en Taal.

Die krete van nood,
Die roemrijke dood,
En vreugde behaal.
Eindlose ruim,
Plig nie versuim,
Vir hul Land en Volk en Taal.

Oge gesluit,
Geen verwijt,
    Nooit gedwaal!

Jopie had alles prijs
Zij volk te wijs,
Hoe te sterwe vir Land en Volk en Taal.

Op die hoofartikelblad (Ons Vaderland, 24 November 1922:4) het Krag-in-Skoonheid deur Jan F.E. Cilliers verskyn:

Krag-in-skoonheid,
ongesiene,
nogtans meer en magtiger
as mens se drywe -
waar huis jy?

Geweldenaar - o, kyk, as hy
'n kind se handjie voel
wat syne raak,
hoe kyk hy eenkant toe
met oog wat si dat hy
in eie boesem speur.

Veroweraar,
op strydros fier en sterk,
met oog na voor gerig
op grootste doel,
oor dakke heen wat brand -
hy trek die teuel
van sy perd opsy
vir 'n voëltjie in die pad,
uit nessies bo geval.
Voor, by die draai,
steek 'n onthuisde vrou
haar hand uit vir 'n aalmoes,

en die huisverbrander
voel in sy sak.

'n Blind vereerdster
van roem en naam
treed voorwaarts -
in haar hand, as glorieloon,
nie 'n vertrapte koringaar nie,
maar ... 'n blom.

Krag-in-skoonheid,
ongesiene,
en tog gesien.

In Ons Vaderland (8 Augustus 1924:4) verskyn die volgende: „Skrywe weer, ou seun, dis mooi!"

Dit is gesê nadat Ons Vaderland 'n gediggie oor 'n ou moeder, deur die skoolseun George J. Diamond, ontvang het.

Een van sy vele gediggies wat in Ons Vaderland publiseer is, heet onder meer 'n Windbroek (Ons Vaderland, 21 Augustus 1925:7):

O, rasende aap
en kletsende swaap,
jy snotter en snater
en sketter en skater,
jy bulder en babbel
en donder en kabbel ...

O, kyk tog na 'n leë blik
en sien dat jy jouself bedrieg,
want jy dink jy is vol
en almal dink
net andersom!

3.5 CHRISTELIK-NASIONAAL

Ons Vaderland het ook 'n poging aangewend om sy leserspubliek meer in te lig oor die godsdienstige sy van die lewe. Artikels, berigte of verklarings met 'n godsdienstige strekking was dus ook deel van die koerant, hoewel in die minderheid.

So vroeg as 1916 (Ons Vaderland, 4 Januarie 1916:4) verskyn 'n hoofartikel met die opskrif Volks-Rentmeesterschap wat lui:

„God heeft ons Afrikaner volk gebruik om't Evangelie te brengen in dit zwart-heidense werelddeel van Tafelbaai tot Zambesi. Wat het ons al gedoen?

„Daar is alle oorzaak voor ernstig verwijt en protest tegen onze Regeerders van vandaag - maar als de vraag van nationale verantwoording en rekenschap aan de orde komt, dan staan wij, als een volk, voor de waarheid: Over veel zijn wij gezet, en voor de vraag: Over hoeveel zijn wij getrouw geweest?

„Daarom de hand in eigen boezem.

„Niet om te blijven staan, klagend en jammerend over eigen tekort, maar veeleer om - ook als een volk - bij't licht van Gods Woord onze voet naar betere en wizere pade te leiden."

Nog 'n verteenwoordigende artikel wat in Ons Vaderland (2 Oktober 1928:9) verskyn, is deur dr. H.J. Steyn geskryf. Hy sê dat Christelike Nasionalisme nie beteken dat die kerk en die staat geskei moet word nie.

Dr. Steyn gee verder 'n geskiedkundige oorsig oor die stelling en sê dat staatsbemoeiing om die geloof uit te brei en suiwer te hou, reg is, aangesien alles in die stryd gewerp kan word ter ere van God.

Hy brei verder uit deur te sê dat daar nogtans vryheid moet wees in die godsdiensbeoefening van die mens.

'n Tipiese beriggie oor 'n algemene misstap verskyn in Ons Vaderland van 14 Augustus 1923 op bladsy twee:

In die beriggie word gesê dat 'n sekere predikant, dr. H.D. van Broek-

huizen, in 'n preek die vraagstuk oor staats- en munisipale lotery behandel het. Dr. Van Broekhuizen het dit afgekeur, „omdat dit blyk dat 'n lotery die mens van die eerlike, harde arbeid afhou."

Die prediker het verder gesê die mens moet in die sweet van sy aangesig sy brood verdien, „en as iemand deur 'n sogenaamde gelukkie probeer ryk word, werk dit demoraliserend op sy karakter."

Ons Vaderland se kommentaar hierop was: „En ons beaam dit ten volle."

In nog 'n beriggie word berig dat mnr. Tielman Roos hom by geleentheid van 'n kongres van die Vroue Nasionale Party op Standerton teen staatslotery uitgespreek het.

Mnr. Roos sê dit is nie goed om die dobbelgees aan te moedig nie. „Sal die geldmanne in die buiteland nie afgeskrik word as ons deur lotery ons binnelandse geldelike sake wil opbou nie?"

Mnr. Roos doen verder 'n beroep op die vroue om die dobbelgees wat deur die N.P.-manne gesteun word, te onderdruk.

Die Standertonse vroue doen dan ook in dieselfde beriggie 'n beroep op die Regering om 'n plaasvervanger te soek vir die loterye, „wat voldoening sal gee aan die volksbehoefte of volksbegeerte, en waardeur tog die geld in die land sal bly."

Oor christelikheid en die koerante skryf Verkijker van Middelburg, Transvaal, in Ons Vaderland (4 Januarie 1916:4):

„Ons het werklik in die laaste tijd pragtige vordering gemaak op die gebied van die pers.

„Wat mij die meeste verblijd, is dat ons pers kristelik nationaal is.

„Om nationaal te wees, kos niks, maar om kristelik nationaal te wees, daarvoor is iets meer nodig, dan om by die N.P. aan te sluit. Daarvoor is nodig: 'n geestelike geopende oog, wat God en Sijn woord voor oge hou en raadpleeg en na Gods wil en wet begeer te handel.

„Die Editeur van Ons Vaderland skryf Christelik-Nationaal. Ons politiek moet meer na die Bybel se kant toe kom, en die krantmanne moet ons daarin help, daarin voorgaan."

Ons Vaderland se christelik-nasionale grondslag blyk duidelik uit die hoofartikel van 4 Januarie 1916. Dit het op bladsy vier verskyn

# Ons Vaderland.

PRETORIA, 4 JAN. 1916.

## Volks-Rentmeesterschap.

„Doe verantwoording, geef rekenschap,"—dat is het gebod 't welk bij de overgang naar het nieuwe jaar ons weer overal tegen klinkt. Ons maatschappelik leven is vòl van die roep, en stilletjens klinkt hij door tot in het binnenste van iederman's conscientie. Maar ook komt die roepstem als een gebod tot de volken, tot ieder volk iedere natie in 't biezonder.

„Geef rekenschap van uw rentmeesterschap als een volk"— zó komt die stem ook tot ons.

Daar is heel wat aan ons rentmeesterschap toevertrouwd.

Maakt niet de uitgestrektheid lands, ons ter woon gegeven, een aanmerkelik deel uit van de gehele aarde-oppervlakte? En is 't niet onze taak als rentmeesters om, jaar uit jaar in, de barre velden van dat uitgestrekt gebied in te krimpen en de akkers en weilanden uit te breiden voor ons steeds aangroeiend volksgetal? Want, zo niet, dan zien wij immers voor onze ogen, hoe ieder jaar een groter deel van ons vlees en bloed in armoedige knechtelikheid ten onder gaat?

Wat doen wij? Kunnen wij ons verantwoorden over dit ons rentmeesterschap? Ook als 't verwijt ons wordt voorgehouden: „vreemden verteren uw akkers"?

Dan zijn daar die andere schatten, door Gods scheppende hand van eeuwen her weggelegd in onze Afrikaanse aarde-schoot. Vervullen wij a l s e e n v o l k ons rentmeesterschap, wanneer wij die schatten—voor ons en ons nageslacht weggelegd—door de vreemdeling laten uitslepen om schatten op te hopen aan de overzij der zee; of dat we die schatten in vreemdeling's handen laten, om ons daarmee nog verder weg te dringen uit 't overblijfsel van ons volks-erfdeel?

Is dat mannelike vervulling van een rentmeesterschap v o o r e e n v o l k?

En al de gaven die God zo mildelik aan ons Afrikaanse volk heeft toebedeeld: gaven van verstand, van geest, hart en hand? Hoeveel Bezaleëls en Aholiabs zijn er niet onder ons en hoeveel duizenden van geniaal-vaardige handen om nuttige, mooie, bewondering-wekkende dingen te vervaardigen: „werkmeesters en vernuftige kunstenaars", zoals ze in de Bijbeltaal genoemd worden?

Maken wij a l s e e n v o l k 't tot onze taak en plicht om hen de weg te helpen banen, dat hun gaven en krachten tot volle ontplooiing komen en dat ze kunnen bijdragen tot de welstand van ons volk, ook op maatschappelik gebied?

Niemand achte deze stoffelike dingen gering. 't Zijn alle gaven door God in onze handen gelegd om ze te gebruiken. Om ze zó te gebruiken, dat ze onze volks-welvaart helpen opbouwen, en die stoffelike welvaart wordt dan weer een prikkel tot hogere geestelike en verstandelike volks-ontwikkeling. Zó ziet men 't gebeuren bij alle volken.

En niemand zegge, dat alles, hier opgesomd, de taak van onze Regering is en dat z ij verantwoording doen moet van h a a r rentmeesterschap.

Dit laatste is waar, en wij zouden niet gaarne in de schoenen van deze regeerders staan om verantwoording te doen van z o'n rentmeesterschap! Maar dit alles verandert niets van de eis, die tot ons komt, om de hand in eigen boezem te steken.

Want: wie hebben deze Regeerders op 't kussen gebracht? Ze hebben zich beijverd om ons Afrikaans-nationaal bestaan op te lossen in 't Engelse ras. Schande! Maar zijn ze van den beginne aan niet openlik opgetreden met dat politiek program van é é n n a t i e? En is 't bij de Schoolwet-Smuts niet reeds gebleken, klaar als de dag, dat die éne natie E n g e l s zijn moest.

En is niet minstens 9/10 van ons volk toch nog jarenlang blijven voortgaan met hen na te volgen en hun politiek te blijven aanhangen en verdedigen?

En is niet ons tans opgroeiend geslacht daar het slachtoffer van geworden: onze kinderen, de grootste en rijkste schat a l s e e n v o l k ons gegeven, en waarvan ons o p 't s c h e r p s t rekenschap en verantwoording zal worden afgevorderd?

Daar is méér.

God heeft ons Afrikaanse volk gebruikt om 't Evangelie te brengen in dit zwart-heidense werelddeel van Tafelbaai tot Zambesi. En wat zullen wij antwoorden als de vraag tot ons komt: Wat is dat Woord Gods tans nog voor u zelf als een volk? Hebt gij gezocht naar Regeerders en Wetgevers, die eerst en meest vragen wat God van u wil in uw staats-leven als een christen-natie? Of hebt ge in onmannelike halfhartigheid u tevreden gesteld, als dat Woord maar net z'n plaats behouden kon in uw huis en in uw kerk en in uw lagere k i n d e r s c h o l e n?

Daar is alle oorzaak voor ernstig verwijt en protest tegen onze Regeerders van vandaag—maar als de vraag van nationale verantwoording en rekenschap aan de orde komt, dan staan w ij als een volk, voor de waarheid: „O v e r v e e l z ij n w ij g e z e t", en voor de vraag: „O v e r h o e v e e l z ij n w ij g e t r o u w g e w e e s t"?

Daarom de hand in eigen boezem.

Niet om te blijven staan, klagende en jammerend over eigen tekort maar veeleer om—ook als een volk—bij 't licht van Gods Woord onze voet naar betere en wijzere paden te richten.

Dr. A.M. Möll vaar in 'n brief (Ons Vaderland, 12 September 1922:2) uit teen die oorlogswaansin as iets wat in stryd is met christelikheid: „M.i. is oorlog die vader van al die doodsondes. Die huidige posiesie van Europa sal ook die beste bewyse daarvan lewer."

Dr. Möll is bly dat die Hollandse kerke teen oorloë is. „Hulle het nie probeer om die hondsdolheid tot 'n deug te maak nie. Die vloek van militêrisme het hulle nie aangekweek nie."

Skrifverklarings en artikels oor byvoorbeeld hoekom 'n Dingaansfees bygewoon of gehou moet word, het ook van tyd tot tyd in Ons Vaderland verskyn en nie sonder resultate nie, want briefies wat genoemde geplaaste aspekte beaam of verwerp, het ook van tyd tot tyd verskyn.

3.6 <u>DIE VLAGKWESSIE</u>

Volgens Kennis (1978:2395) het daar in 1924 'n beweging in die Unie ontstaan wat ontslae wou raak van die koloniale kentekens op die land se vlag en met dié doel voor oë het dr. D.F. Malan, destyds die Minister van Binnelandse Sake, 'n wetsontwerp wat die Goewerneur-Generaal sou magtig om 'n nuwe vlag deur 'n proklamasie in die Staatskoerant in te stel, ingedien.

Die idee van 'n nuwe landsvlag het die Unie se verbeelding aangegryp en koerante het honderde vlagontwerpe ontvang as resultaat van wedstryde wat uitgeskryf is om 'n geskikte vlagontwerp vir die land te vind (Kennis 1978:2395).

In 1926 is daar toe 'n amptelike komitee aangestel om die vlagontwerpe te keur, maar die taak is bemoeilik deurdat een deel van die volk 'n suiwer vlag wou hê, terwyl die ander 'n vlag met die Union Jack daarop wou hê (Kennis 1978:2395).

Volgens Kennis (1978:2395) is daar uiteindelik teruggekeer na die oranje, wit en blou van die ou Van Riebeeckvlag waarop 'n binnestuk geplaas is, bestaande uit die vlaggies van die twee voormalike Boererepublieke asook die Union Jack wat die voormalige Britse kolonies sou ver-

teenwoordig.

Dié vlag (Kennis 1978:2395) is in die Vlagwet van 1927 omskryf en op Uniedag 1928 die eerste keer amptelik gehys.

3.6.1 ONS VADERLAND EN DIE VLAG

Ons Vaderland het 'n hele aantal briewe van lesers publiseer wat wenke oor 'n nuwe landsvlag bevat het, en briewe wat kommentaar gelewer het oor 'n suiwer landsvlag of een met die Union Jack daarop was ook algemeen.

Ons Vaderland het self ook die vlagstryd hoog laat brand as daar na 'n paar hoofartikels gekyk word:

Ons Vaderland (22 Mei 1925:4) vra op die hoofartikelblad 'n vlag vir Suid-Afrika „en niks meer nie." Daar word ook gehoop dat die Regering dit slegs vir regeringsgeboue en militêre vertonings sal gebruik, „en in kort op elke gebied, sonder dat daar sprake sal wees van 'n ander vlag."

In nog 'n hoofartikel (Ons Vaderland, 16 Junie 1925:4) word 'n beroep op die eerste minister gedoen „om die Huis nie te verdaag nie alvorens die Vlag en Nasionaliteitswet gepasseer is, want die opsy skuif van hierdie wet sal die bitterste teleurstelling teweeg bring in die harte van die Nasionaliste."

In Ons Vaderland (24 Julie 1925:4), sê die hoofartikel daar word nie meer oor die vlagwetsontwerp gepraat nie, „want die is dood. Die bespreking is teruggetrek en ons is van mening dat die Regering 'n fout gemaak het.

„As ons alleen met Afrikaners te doen had, sou ons seker die stap toegejuig het, ons vlag mag nie 'n politieke-partyvlag wees nie, maar beslis 'n nasionale vlag, waarvoor sowel Nat. - as Sap. - en Arbeiderspartyman met eerbied sy hoed kan afhaal.

„Maar dis juis die punt."

Onder die opskrif, Waarin ons Saamstem, sê Ons Vaderland (7 Augustus

posiesie-orgaan insake die nuwe Suid-Afrikaans Vlag dieselfde standpunt inneem as ons, n.l. da op die nuwe vlag niks moet voorkom nie w herinner aan die verlede, niks wat vir een va die twee seksies van die blanke bevolking van Suid-Afrika hinderlik kan wees nie.

Dis 'n rede va baie groot blydskap.

As die drie grootste politieke Partye, die Nat.-, Sap.- en Arbeidersparty hierin saamwerk sal ons in waarheid 'n Nasionale Vlag verkry. Ons herhaal wat ons in verband hiermee vroeër gesê het, met die Unioniste, wat op ons vlag die Union Jack wil gesimboliseer sien, met hulle kan ons nie rekening hou nie.

Dieselfde saamwerk moet verkry word insake die Nasionaliteitswet.

Burger te wees van 'n seker land sluit die moontlikheid uit in dieselfde tyd burger te wees van 'n ander land. 'n Burger te wees van die Unie van Suid-Afrika behoor dus ook die moontlikheid uit te sluit burger te wees van welk ander land dan ook, al is daar burgers van Suid-Afrika wat in 'n ander land gebore is.

Sal die Boere-Sappe ook hierin met ons saamstem?

Of sal grootpraat of mooipraat van die Unioniste vir hulle leiers te sterk wees?

Ons kan dit nie aanneem nie.

Ons glo—en hoop dat dit sekerheid sal blyk te wees—dat ons Boere-Sappe (en hulle leiers) ook hierin met ons sal saamgaan.

Laat ons—ondanks politieke verskille soos oor ekonomiese, industriële, maatskappelike en ander vraagstukke—mekaar as Afrikaners die hand reik, en 'n groot Nasie opbou.

Moontlik sal dan blyk dat hierdie politieke verskille niks anderste is as Unioniste gedoente. Is die belange van 'n Sap.-Boer nie dieselfde nie as die van 'n Nat.-Boer?

Ons het lang genoeg, veels te lank al, gesoek na wat ons kan verdeel, laat ons nou werk in die rigting wat ons kan verenig.

Maar goed verstaan: die Unioniste bly een kant!

Dan is daar die kwessie met die Senaat.

Watter politieke Party mens ook toegedaan is iedere man met 'n gesonde verstand sal erken da die Regering wat 'n meerderheid het in die Volksraad, 'n meerderheid moet hê in die Senaat.

Deur 'n eienaardige loop van omstandighede is dit nie so nie.

Die Grondwet moet hersien word om wat i hierdie aangeleentheid verkeerd is reg te maak

Teenwerk kan ook hier net skade wees vi land en volk.

Afrikaners, werk saam en kom tot ooreenstemming.

Dis nie nodig dat al die bewoners van die lan tot een politieke Party behoor nie.

Laat die Unioniste bly waar hulle vroeër altyd gewees het.

Laat al wat waarlik Afrikaners is saamkom.

Daar is twee magte wat ons in die lewe om ring: die Goed en die Kwaad.

Die Kwaad het ook sy werk om te doen.

Die Kwaad is 'n prikkel wat altyd lok en vl wat ons moet aanspoor om die Goede te doen.

So het die Unioniste—'n mag wat altyd di Kwaad gewil en gedoen het—sy werk te doen n.l. ons Afrikaners, wys wat verkeerd is, en on sodoende behoed vir afval van ons land, volk e tradiesies.

Ons Afrikaners, is van dieselfde vlees en bloe ons het—ondanks verdeeldheid—baie waarin on ooreenstem.

Laat ons die punte van ooreenkoms opsoek.

Afrikaners reik mekaar die Broederhand.

Maar laat die Unioniste, die politieke Satanskinders, uit Judasburg, wat gevoed word deu die Bose Gees wat opstyg uit leeggehaalde myn putte, eenkant staan.

Dis die broeders uit dieselfde huis, wat byme kaar behoor.

Dié hoofartikel het op Vrydag, 7 Augustus 1925 in Ons Vaderland op bladsy vier verskyn. Dit handel oor die vlagkwessie onder die opskrif Waarin ons Saamstem

1925:4) op die hoofartikelblad dit lyk asof die opposisiepers 'n vlag wil hê met niks daarop wat aan die verlede herinner nie en as die politieke partye hieroor saamstem, sal 'n Nasionale vlag die lig kan sien. „Ons kan nie rekening hou met die Unioniste, wat op ons vlag die Union Jack wil gesimboliseer sien nie."

Ons Vaderland sê verder: „Laat ons die punte van ooreenkoms opsoek. Afrikaners reik mekaar die Broederhand. Maar laat die Unioniste, die politieke Satanskinders, uit Judasburg, wat gevoed word deur die Bose Gees wat opstyg uit leeggehaalde mynputte, eenkant staan. Dis die broeders uit dieselfde huis, wat bymekaar behoor."

Ons Vaderland (15 September 1925:5) berig dat minister D.F. Malan landsvlagontwerpe van die lesers vra - „ontwerpe wat die name en adresse van die insenders moet dra en wat vergesel mag gaan deur korte verklarende aantekenings, kan ingestuur word."

Van toe af het verskeie briewe in Ons Vaderland verskyn wat die vlagkwessie behandel, en in Ons Vaderland (15 Junie 1926:2) sê Lenie Boshoff van Heidelberg:

„Hoeveel is tog nie al gesê en geskryf oor die vlagkwessie nie! Is dit nie vreeslik dat 'n begeerte na 'n eie vlag 'n volkskwessie afgegee het nie, en dat dit tot a.s. jaar uitgestel is nie?"

Mnr. J.H. Joubert van Paardekop skryf in Ons Vaderland (3 Augustus 1926:6) dat dit tyd geword het om 'n vlag vir Suid-Afrika te kies wat die land sal verenig en die inwoners gelukkig sal maak, „'n vlag waarna almal met liefde en respek sal opsien. Enigeen wat aandring op die Union Jack of Vierkleur is daarop uit om die twee rasse verdeeld te hou."

Ons Vaderland (10 Augustus 1926:4) sê in sy hoofartikel daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen die „ongestadigde najaarsweer en die openbare gevoel oor die vlagvraagstuk.

„Die vernaamste doel waarvoor baie van ons 'n eie vlag verlang, is om

die kinders by ontvangste van die Eerste Minister of ander staatsaangeleenthede, en op hul feeste, 'n eie speelding in die hande te gee, wat hom origens ook as doek kan leen tot dekor van hul turn-sale en ander bymekaarkomplekke."

Ons Vaderland is egter van mening dat genl. Smuts die vlag nodig het as hulp by die stembus. „Daar kan dit goeie dienste bewys, soos hy en ons albei weet. Vandaar ook 'n diepgaande en bittere verskil oor die stembus-waarde van verskillende vlae."

Die vlagkwessie het ook die volgende probleem opgelewer:

Volgens Ons Vaderland (3 September 1926:4) beweer genl. Smuts dat die vlagvraagstuk rassehaat bewerkstellig en dat dit slegs 'n ander vorm van „sesessie" is.

Ons Vaderland sê genl. Smuts het sy eie party ongeveer sewe jaar gelede ook 'n eie nasionale vlag beloof. „Was dit toe ook rassehaat? Buitendien is dit vandag volstrek nie 'n kwessie van die één ras teen die ander nie, of van Boer teen Brit nie, terwyl die Arbeiders, wat meesal Engelse is, onder leiding van Kol. Creswell net so 'n sterke houding inneem daarvoor as wie ook in die Nasionale Party. Wat is dit dan ook anders as 'n leuen, om te praat van rassehaat?"

Die twis rondom 'n eie landsvlag duur voort, want op 'n hoofartikelblad sê Ons Vaderland (9 November 1926:6):

„Ons het die vlagkwessie nou amper 'n jaarlang van alle kante betrag en gewik en geweeg, en tog is daar nog één aspek van rusie, die gevolge waarvan, na ons vrees, nie voldoende duidelik gemaak werd nie."

Daar is ook na verskeie vlagvoorbeelde gekyk, die voordele van 'n eie vlag is bespreek en breedvoerige debatte is gehou, maar alles was tevergeefs, aangesien genl. Smuts nie meer die vlagvraagstuk steun soos toe hy Suid-Afrika se leier was nie. „Hy het die leier geword van 'n agitasie wat lynreg ingaan teen al sy eie bewerings van nog maar 'n paar jaar gelede. Hy wil net die Union Jack op die vlag hê."

Dr. Th. Wassenaar skryf aan Ons Vaderland (21 Desember 1926:8): „Sou dit nie moontlik wees om in die vlagstryd, tussen die twee partye, waarvan die een sê, ons wil 'n neutrale vlag hê wat nie aan die verlede herinner nie, en die ander wat sê, ons wil 'n kombinasievlag hê uit die vlae van die verlede, 'n middelweg kies nie?"

Hy sê verder hy stel hom 'n kombinasievlag só voor dat geen van die ou vlae (Republikeinse en Union Jack) in hulle geheel herkenbaar sal wees nie.

Onder die opskrif Vlagkonferensie op dooie punt berig Ons Vaderland (8 April 1927:7) dat die Regering alles in sy vermoë doen om die Vlagkonferensie tot 'n ooreenkoms te laat geraak oor die keuse van 'n vlag. „Die konferensie het vanmore vir die derde maal vergader onder omstandighede wat as 'n dooipunt beskou kan word. - Die ses lede van die Vlagkommissie en die ses lede van die Waaksaamheidskomitees verskil op sekere belangrike punte."

In Ons Vaderland (19 April 1927:6) word gesê die vernaamste punt van ooreenkoms wat pas deur die vlagkonferensie bereik is, is dat 'n nasionale vlag moet berüs op die ooreenstemming van die twee elemente van die bevolking „en dat 't nie net 'n afspieëling van die ou vlae kan wees nie."

In Ons Vaderland van Dinsdag, 18 Junie 1927, kon op bladsy sewe aangekondig word dat die vlagkomitee wat deur die vlagkonferensie aangestel is, besluit het dat die nuwe vlag „oranje, blanje, bleu van Van Riebeeck" moet wees en „op die witte baan, in die middel van die vlag moet 'n skild wees waarop die drie ou vlae geheg sal word, met die suiderkruis op 'n blouveld in die vierde vierkant."

Genl. Hertzog verklaar in Ons Vaderland (8 Julie 1927:5) „dat daar nie die minste rede bestaan waarom die voorgestelde vlagontwerp nie voldoening sal skenk aan alle redelike persone in Suid-Afrika nie, Engels- sowel as Afrikaanssprekend."

Hoe die vlag uiteindelik gelyk en hoe Ons Vaderland daaroor gevoel het, blyk duidelik uit die volgende beriggie:

Ons Vaderland (1 November 1927:7) berig dat die nasionale vlag op Sondag, 30 Oktober 1927 vir die eerste keer gehys is en wel by geleentheid van ŉ dankdiens op die kerkplein in Pretoria.

„Wat dadelik opvallend was van die vlag, is die skone vertoning wat dit maak. Die Oranje, Wit en Blou vorm ŉ sag-harmoniserende geheel teen die blou hemel, wat met die eerste oogopslag die oog streel. Die strikkie in die middel is glad nie storend nie, aangesien die kruisie wat die drie vlaggies vorm, baie klein is in verhouding met die agtergrond; inderdaad kleiner as wat die drie vlaggies op die skild sou gewees het."

Mnr. A.S. van Hees, voorsitter van die Nasionale Party in Transvaal, sê in Ons Vaderland (17 April 1928:7) dat Suid-Afrika se nuwe vlag op 31 Mei gehys sal word - „ŉ vlag wat ons almal geleidelik sal leer liefkry, eerbiedig en verdedig, wat die vrede afsluit om ŉ nuwe begin te maak, en tog die geskiedenis van die verledene in sig omdra."

Hy sê 31 Mei 1928 sal ŉ groot dag wees, aangesien die vrede van Vereniging 26 jaar gelede op 31 Mei gesluit is. Sestien jaar gelede het die Unie tot stand gekom en op 31 Mei 1902 is daar vrede gemaak, „op 31 Mei 1910 het ons ons verenig en op 31 Mei 1928, ontplooi ons in ons heldere lug die sinnebeeld van ons vrye volksbestaan!"

Laasgenoemde twee voorbeelde spreek duidelik oor hoe intens Ons Vaderland die vraagstuk hanteer het.

3.7 <u>DIE ARMBLANKE-VRAAGSTUK</u>

Op die hoofartikelblad (Ons Vaderland, 1 Februarie 1916:4) onder die opskrif De toestand in ons land verskyn die volgende:

„Ons land verarm en versink. Die droogte in gedeeltes van die Kaap dra hiertoe by.

„Die oorlog put ons ook uit. Duisende ponde word in die oorlogfondse

gestort. Die walglike ‚little bit' wat ons tot die oorlogfonds moet bydra, raak te veel en Suid-Afrika raak dieper in die skuld.
„'n Allertreurigste toekoms begroet ons en ons staan op die hartjie van die ekonomiese afgrond.
„Bespaar waar moontlik. Ons moet so hard werk as moontlik - oral."
Dié hoofartikel spreek boekdele. Die droogte in die Kaap dra onder meer by tot die verarming van die Unie, maar die oorlog met sy oorlogfondse skyn die grootste oorsaak tot armoede en skuld te wees.
Dié toedrag van sake het Ons Vaderland na aan die hart gelê, want in die laaste paragraaf word daar 'n beroep op die publiek gedoen om „te bespaar waar moontlik" en hard te werk.
Ook in 'n artikel deur Domkrag (Ons Vaderland, 4 Februarie 1916:3), onder die opskrif Waar ons behoefte aan het, word 'n beroep op die jeug gedoen om hard te werk, want „die stryd om die bestaan maak tijd kosbaar, maak die oë oop vir selfs die kleinste kansie waar daar 'n pennie of 'n sjieling te verdien is ... ná die oorlog sal duisende Europese ambagsmanne hier werk kry - leer dus 'n ambag."
Die oorlog waarvan hier gepraat word, is die Eerste Wêreldoorlog (Kennis 1978:1433) wat van 28 Julie 1914 tot 11 November 1918 geduur het en wat tussen die sogenaamde Sentrale Magte (Duitsland, Oostenryk-Hongarye en later Turkye en Bulgarye) en die Geallieerdes (Brittanje en die Britse Ryk, waartoe Suid-Afrika ook behoort het, Frankryk, Rusland, België, Serwië en, later Italië, Roemenië en die Verenigde State van Amerika) gevoer is.
Volgens Kennis (1978:2842) het genls. De la Rey, De Wet en Beyers hulle verset teen die Unie se voorgenome deelname aan die oorlog en het dit uitgeloop op openlike rebellie teen die Unie-regering. Genl. Hertzog wou ook dat die Unie neutraal bly ten opsigte van die oorlog, behalwe as hy aangeval sou word (Kennis 1978:2610), maar genls. Botha en Smuts (Kennis 1978:2611) was só ten gunste daarvan dat ná die verowering van

Suidwes-Afrika deur die Unie, Suid-Afrikaanse vrywilligers Brittanje ook aan ander oorlogsfronte gaan help het.

Die armblanke-vraagstuk was egter lank vóór die Eerste Wêreldoorlog 'n probleem, want volgens Joubert (1974:205) het die aantal armes onder die Blankes in die Unie teen die einde van die 19e eeu só toegeneem dat dit nie meer as normaal beskou kon word nie.

Verskeie kommissies het die armblanke-vraagstuk ondersoek en selfs tot so laat is in 1916 (Joubert 1974:205) het die N.G. Kerk 'n kongres in Cradock oor dié aangeleentheid belê en ook weer in 1923 in Bloemfontein, aangesien die armblanke-vraagstuk 'n nasionale probleem geword het - in so 'n mate dat die regering, toe die na-oorlogse ekonomiese oplewing in 1921 tot 'n einde gekom het, ook aandag daaraan moes skenk.

In 1930 het die kerk en staat in Pretoria saam beraadslaag teen die armblanke-vraagstuk en met behulp van die geldelike steun deur die Carnegie-Korporasie van New York is 'n omvattende verslag oor dié vraagstuk in 1932 voltooi (Joubert 1974:205).

Volgens Joubert (1974:205) is die aantal armblankes in 1916 op 106 000 beraam en in 1921 op 120 000.

Ons Vaderland het die volk ook teen die sogenaamde immigrantegevaar gewaarsku (Ons Vaderland, 22 Februarie 1916:2), aangesien die toestand in Europa daartoe kon bydra dat soldate byvoorbeeld ná die oorlog in Suid-Afrika sou kom werk soek - „ons moenie Setlaars invoer nie - ons armes word armer en die immigrante word ryk."

Onder die opskrif, Die oorlog en daarna (Ons Vaderland, 3 Maart 1916:2), spreek die hoofartikel verder sy bekommernis uit:

In die artikel word gesê dat die oorlog reeds 18 maande aan die gang is en dit gaan baie dinge verander - onder meer die ekonomie. Handelsverbintenisse gaan ook verdwyn en die onderlinge verhoudings tussen die staat en sy onderdane en wergewers en werknemers gaan ook verander - „sal daar genoeg werk wees? Hieroor behoort Suid-Afrika vroegtydig

ernstige studie te doen en aandag moet daaraan gewy word. Ons moet gedagtes wissel."

In die hoofartikel van Ons Vaderland, Dinsdag, 22 Maart 1917, op bladsy twee sê die koerant die kerk het nie genoeg geld om die armes te help versorg nie, maar in samewerking met die staat kan die armblanke-vraagstuk verlig word.

Ons Vaderland sê verder daar is 70 000 wit skoolpligtige kinders wat nie skoolonderrig ontvang nie en „hier kan die Kerk sy invloed laat gelde, deur die regering altoos weer op sij plig opmerksaam te maak, altijd weer met sorgvuldige, goeie voorstelle aan te kom. So kan Staat en Kerk in hierdie belangrijkste vraagstuk van Suid-Afrika, en vernaam van die hollandssprekende Afrikaners, op heilsame manier saamwerk."

Die koerant is verder van mening dat, as die skole gereeld besoek word, die armblankes deur die jare sal verminder.

Die armblanke-vraagstuk het voortgeduur en in 1923 (Ons Vaderland, 23 Februarie 1923:6) skryf Jong Afrikaner in die koerant dat die S.A.P.-regering die land in so 'n toestand gedompel het dat die boere en ander werksmense wat reeds gewerk het, en al op eie bene staan, dit nog moeilik vind om 'n bestaan te voer - „as hulle al so swaar kry, hoe is dit dan moontlik dat ons, jong Afrikaners wat nou op die punt staan om ons eie bestaan te gaan maak, dit sal regkry?"

Droogtetoestande het die armoede 'n verdere knou gegee, want uit Standerton (Ons Vaderland, 26 Februarie 1928:10) word berig dat die toestand uiters kritiek is:

„Die mielies staan kaal en yl op die lande, pragtige lappe tef lê op die grond en die gras is so droog dat dit kan brand. Baie boere sal moet vlug as die weer, wat nou mooi dreig, sonder reën verbygaan. As dit moet gebeur, sal hierdie distrik in die grootste ellende verkeer."

Volgens Kennis (1978:2886) is die wêreldwye depressie wat in 1929 begin het, ook in Suid-Afrika gevoel en vererger deur die droogte van 1932-1933 wat die boere geruïneer het.

Die getal bankrotskappe (Kennis 1978:2886) in die land het vinnig gestyg en die werkloses het al hoe meer geword, terwyl 'n skerp daling in die prys van boerderyprodukte die boerebevolking kwaai geknou het. Geld het ook op groot skaal die land uitgevloei en daar is gemeen dat Suid-Afrika, net soos Brittanje en baie ander lande, van die sogenaamde goudstandaard vir sy geldeenheid sou moes afstap om die ekonomie te red. Volgens Kennis (1978:2886) is die goudstandaard gehandhaaf waarna 'n groot deel van die volk die regering regstreeks vir die land se ekonomiese moeilikhede verantwoordelik gehou het.

In 'n verslag oor die derde sitting van die sesde Unieparlement (Ons Vaderland, 3 Februarie 1931:1) word gesê dat die ernstige depressie wat nagenoeg wêreldwyd in die handel en nywerheid ondervind word, ook onvermydelik ernstige gevolge uitoefen op die Unie se welvaart.

Die berig lui verder dat die boer swaar deur die depressie getref word en daarby is die weerstoestande ook nie na wense nie.

Die mynbedryf word ook geraak deur „die groot inkrimping in die diamantmark en die daling in die prys van onedele metale." Die mynbedryf sien egter lig omdat die uitvoer van goud voortduur.

Uit die volgende hoofartikel (Ons Vaderland, 6 Mei 1931:4) blyk dit dat die Regering alles in sy vermoë doen om die armblanke-vraagstuk op te los.

Ons Vaderland sê die fabrieke wat opgerig word om werkloosheid te verlig, is te danke aan die verstandige industriële beleid van die Regering.

„Só sal ons die ganse ‚kwessie' geleidelik oplos. Nie op ander wyse nie. En ons mag wel almal wens dat die oplossing mogelik gemaak word deur aan die roer van sake te hou 'n man soos genl. Hertzog, wat verstaan."

In 'n hoofartikel (Ons Vaderland, 7 Augustus 1931:4) word gesê die N.P. het sedert 1924 oneindig meer gedoen ten opsigte van die armblanke-

vraagstuk as die vorige regering: „Die Regering het dadelik 'n beleid van meer intensiewe landsnedersetting gevolg, en die Regering is gelukkig gewees deur dit toe te vertrou in die hande van Minister Piet Grobler, wat enige maande gelede nog weer verder gegaan het daarmee as wat iemand ooit gemeen het dat enige Regering sou doen."

Ons Vaderland sê verder daar word baie gedoen aan regstreekse werkverskaffing en daar word aan duisende onregstreeks 'n uitkoms gebied deur die beskermingsbeleid van die Regering en fabrieke wat opgerig word.

Die armoede wat in 1924 geheers het, word ook geskets en daar word gesê dat werkverskaffing die enigste oplossing is. „Só is daar nog steeds 'n aansienlike aantal mense wat nie voldoende kos en klere, onderdak en opvoeding ontvang nie."

Die koerant doen aan die hand dat die behoeftiges gevestig moet word op geskikte grond, „en daar opgepas moet word totdat hulle 'n sekere mate van onafhanklikheid bereik.

„Die ander oplossing lê in meerdere industriële ontwikkeling."

Oor die goudstandaard (Ons Vaderland, 9 Oktober 1931:1) word berig dat prof. A.J. Norval, van die Handelsfakulteit van die Universiteit van Pretoria, sê dat handelsbanke en groot industrieë van voorneme is om „'n magtige drang uit te oefen op die Regering om Engeland se voorbeeld te volg, en die goudstandaard los te laat. Versaking daarvan sou egter niks minder beteken dan 'n nasionale ramp."

Prof. Norval vra of die Unie die Suid-Afrikaanse Pond 'n satelliet gaan maak van die Pond Sterling, „of gaan ons die Suid-Afrikaanse Pond 'n geleentheid gee om selfstandig 'n koers te baan deur die finansiële sterreryk?"

Prof. Norval is ook van mening dat die Regering slegs met die uiterste kraginspanning by die goudstandaard sal kan hou, „want die druk wat op die Regering van verskeie kante uitgeoefen word, is so geweldig, dat dit alleen met die uiterste bowenatuurlike kraginspanning sal kan weerstaan word."

In Ons Vaderland van Dinsdag, 13 Oktober 1931, word die goudstandaard op bladsy een deur dr. E.H.D. Arndt, professor in Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, verduidelik:

„Die goudstandaard bestaan daaruit dat 'n vaste gewig goud as waarde-eenheid verklaar word, m.a.w. die goue munt is niks anders as 'n klompie goud wat 'n regeringstempel dra dat dit 'n sekere gewig en kwaliteit van goud is om die waardes van dinge te vergelyk met die waarde van daardie gewig goud. Die goue munte is wetlike betaalmiddele, d.w.s. dit kan nie geweier word in die vereffening van skulde behalwe as die kontrak iets anders eis nie.

„Onder die vooroorlogse stelsel het elkeen die reg gehad om goud na die munt te neem en dit om te laat set in goudstukke. Alle banknote en tjeks was wisselbaar in goud. Goue munte kon opgesmelt word om in industrieë te gebruik. Goud kon ook vry in- en uitgevoer word."

In die hoofartikel (Ons Vaderland, 20 Oktober 1931:4) word gesê die wêreldtoestand is so onheilspellend soos nog nooit, „want daar was geen wêreldwye depressie nie" en in 'n ander hoofartikel (Ons Vaderland, 23 Oktober 1931:4) word gesê die Unie verkeer in 'n toestand van volslae chaos.

„Hoër lone is die algemene roep. Die daling in die waarde van die pond sterling het ellende, kommer en sorg gebreng in iedere arme woning van ons land. Nooit tevore het ons so duidelik ingesien hoe seer Suid-Afrika afhankelik is van ingevoerde kos en klere." Pryse van lewensmiddele het ook sowat 50 persent gestyg.

„Die pond daal nog steeds. Die enigste redding - so roep die mense dag en nag - is om die pond te stabiliseer, of vas te stel op 10 s. in goudwaarde."

Oplossings vir die benarde posisie waarin die land verkeer, was algemeen en in Ons Vaderland (1 Desember 1931:4) lui die hoofartikel:

„Ons tegenstanders is nou daarop uit om ons nie alleen die voorbeeld

van Britse sterling te laat volg nie, maar ons moet ook, soos Engeland, 'n ,nasionale' Regering vorm, d.w.s. 'n koalisie-regering, uit die twee partye! Sir Abe Bailey het dit aan die hand gegee, toe hy die vorige Maandag uit Engeland te Kaapstad aan wal gestap het."

Volgens Kennis (1978:2886) het die Hertzogregering besluit om van die goudstandaard af te stap (op 27 Desember 1932 (Joubert 1974:204)) toe adv. Tielman Roos tot die politiek teruggekeer het (op 16 Desember 1932 (Joubert 1974:204)) om 'n koalisieregering op die been te bring en self eerste minister te word - in sy eerste toespraak het adv. Roos sy planne duidelik laat blyk en gerugte het die ronde gedoen dat hy heelwat steun onder Nasionale Volksraadslede geniet en met genl. Smuts onderhandel oor die vorming van 'n koalisie.

Nadat van die goudstandaard afgestap is (Kennis 1978:2886), het die goudprys byna onmiddellik begin styg en het geld uit die buiteland na Suid-Afrika begin terugvloei.

Die koalisie-ooreenkoms tussen genls. Hertzog en Smuts (Kennis 1978: 2886) is op 15 Februarie 1933 gesluit - byna 'n jaar nadat Ons Vaderland ondergegaan het.

Hoewel daar ná die ondergang van Ons Vaderland van die goudstandaard afgestap is, die groot droogte in 1932 en 1933 geheers het en die wêreldwye depressie in 1929 begin het, het die koerant tog deel gehad aan die armoed en ellende van die volk soos uit genoemde voorbeelde blyk.

In sy eerste bestaansjare het Ons Vaderland met die Eerste Wêreldoorlog, die immigrantegevaar, werkloosheid en die feit dat skole nie voldoende besoek is nie, te doen gehad.

Algemene armoede (soos onder die boerebevolking) het ook dwarsdeur die koerant se bestaansjare geduur en werkloosheidsyfers was ook 'n probleem wat mettertyd verlig is deur die oprigting van fabrieke.

Teen die einde van Ons Vaderland se bestaansjare het die goudstandaard,

die groot droogte en die wêreldwye depressie ter sprake gekom waaraan die koerant ook aandag gegee het deur die publiek daaroor in te lig en van raad te bedien soos byvoorbeeld „bespaar waar moontlik" (Ons Vaderland, 1 Februarie 1916:4), „ná die oorlog sal duisende Europese ambagsmanne hier werk kry - leer dus 'n ambag" (Ons Vaderland, 4 Februarie 1916:3), „ons moenie Setlaars invoer nie - ons armes word armer en die immigrante word ryk" (Ons Vaderland, 22 Februarie 1916:2), en „... die kerk het nie genoeg geld om die armes te help versorg nie, maar in samewerking met die staat kan die armblanke-vraagstuk verlig word" (Ons Vaderland, 3 Maart 1916:2). Die goudstandaard is ook onder meer verduidelik (Ons Vaderland, 13 Oktober 1931:1).

## 3.8 GEVOLGTREKKING

Wanneer die voorbeelde oor die soeke na vryheid, die taal en onderwys, die christelik-nasionale rigting wat die koerant in die gedagte gehad het en die algemene vraagstukke wat voortdurend aandag geniet het, bestudeer word, is die gevolgtrekking dat Ons Vaderland daarin geslaag het om die algemene publiek oor die sake van belang in te lig, dit te verduidelik en oplossings waar moontlik aan die hand te doen.

Hoewel Ons Vaderland die publiek ingelig het (oor die politiek en algemene ander toestande in die land), het die publiek ook betrokke geraak by die landsake deurdat briewe deur lesers gereeld in die koerant verskyn het. Die openbare mening onder die Ons Vaderlandlesers het ook hierby gebaat en omdat die Nasionale Party gereeld gepropageer is (in die briewe van lesers asook in hoofartikels), kon dit nie anders as dat 'n groot deel van die volk ten gunste van genl. Hertzog of byvoorbeeld ten gunste van 'n fonds vir armes beïnvloed is nie.

Ook volgens Erasmus (1970:69) het Ons Vaderland 'n oop oor vir die menings van sy lesers gehad, aangesien hulle briewe gereeld geplaas is. Preke is ook gereeld geplaas, buite- en binnelandse nuus moes as voorligting dien en kommentaar daarop moes help dat 'n gesonde oordeel gevel

word. Markberigte was die boere tot hulp en die beriggewing oor toneelgeselskappe, musiekaande, feesvierings en die doen en late van vroue-organisasies het ook onder meer tot 'n gevoel van eenheid onder die Afrikanervolk bygedra.

Dat Ons Vaderland ook byna 17 jaar lank staande gebly het deur die droogte wat van tyd tot tyd toegeslaan het, die armoede wat om verskeie redes die volk afgetakel het, en wat vererger is deur ander vraagstukke, is toe te skryf aan die erns waarmee die redaksie die feit dat die koerant 'n mondstuk van die Nasionale Party was, benader het soos onder meer uit die hoofartikels geblyk het.

Dat materiële gewin 'n ondergeskikte rol gespeel het, is 'n voldonge feit, want volgens Van As (Bylae:VII) is daar nooit oor salarisse gepraat nie. „Jy is aangestel op 'n sekere skaal en as jy dit elke maand gekry het, was jy gelukkig en as jy soms net die helfte van jou maandelikse salaris gekry het om jou vir die maand deur te sien, moes jy dankbaar wees."

Volgens Van As (Bylae:VII) was dit 'n bewys in watter gees die Afrikaanse joernalis baie maal moes werk en, hoewel die werkure ook vasgestel was, is daarvan afgewyk ten gunste van die koerant - „jy moes op 'n vasgestelde tyd daar wees, maar wanneer jy moes gaan, kon jy nie gaan nie."

## HOOFSTUK 4

## DIE ONDERGANG VAN ONS VADERLAND

### 4.1 SIGBARE TEKENS

Hoewel Ons Vaderland deur die jare onopsigtelik kop bo water probeer hou het deur van tyd tot tyd intekenvorms in die koerant te publiseer vir voornemende intekenaars, beroepe op reeds ingetekendes gedoen het om hulle intekengeld betyds aan te stuur, aandele verkoop het en briewe van lesers geplaas het wat die koerant besing (kyk eerste voorbeeld in hoofstuk twee), is die volgende voorbeeld vanselfsprekend:
Ons Vaderland (28 April 1931:10) deel sy intekenaars mee dat dele een en twee van Die Grobler Moord, 'n boek deur dr. Gustav Preller, gratis beskikbaar is - „... die Bestuur van Ons Vaderland bied elke Intekenaar wat voor 30 April 1931, ons minstens £1 op intekening afbetaal, 'n gratis eksemplaar aan van die eerste deel van Dr. Gustav Preller se Grobler Moord. Wie £2 intekening betaal, kry albei die boekdele present. Intekenare wat net £1 agterstallig is en dié betaal, kan deel II van die boekie teen 1/6 i.p.v. teen 3/- kry."
Dié noodkreet is in die uitgawe van Vrydag, 17 Julie 1931 op bladsye ses en agt herhaal asook op bladsy vyf van Vrydag, 24 Julie, op bladsye vyf en ses van Vrydag, 31 Julie, op bladsye ses en sewe van Dinsdag, 4 Augustus, en verskeie kere daarna.
Dat Ons Vaderland dringend geld nodig gehad het, spreek duidelik uit bogenoemde voorbeeld en dat die koerant binne die volgende sewe maande sou ondergaan, kon waarskynlik net oor bespiegel word.
Op Dinsdag, 8 Desember 1931, stel die hoofartikel op bladsy vier aangename en minder aangename veranderinge ten opsigte van die koerant as N.P.-mondstuk in die vooruitsig:
„Deur die moeilike tye waarin ons leef, deur agtien maande lang 'n dagblad uit te gee en deur ander bykomende omstandighede, het die ou maatskappy ondergegaan."

Die ou maatskappy waarna hier verwys word, is die Noordelike Drukpersmaatskappy Beperk (Erasmus 1970:43), wat in 1932 (Erasmus 1970:137) deur die Afrikaanse Pers Beperk vervang sou word om die publikasie van die blad, maar onder die naam Die Vaderland, voort te sit.

Volgens Erasmus (1970:137) is die nuwe maatskappy op 17 Desember 1931 gestig, hoewel dit eers as sodanig in Maart 1932 in werking sou tree. (Die oprigters van die Afrikaanse Pers Beperk sou genl. J.B.M. Hertzog, sen. W.J.C. Brebner, mnre. N.C. Havenga, P.G.W. Grobler, adv. E.G. Jansen en genl. J.C.C. Kemp wees).

Om terug te keer na die artikel wat die ondergang van die ou maatskappy aankondig, en wat reeds in hoofstuk twee behandel is, (Ons Vaderland, 8 Desember 1931:4):

In die artikel word gesê Transvaal mag nie sonder 'n eie koerant wees nie, gesien veral „hoe onse provinsie die grootste aantal Nasionaliste naar die Volksraad toe afvaardig.

„Genl. Hertzog e.a. Afrikaners het dit ingesien en daarvoor gesorg dat 'n nuwe maatskappy, met nuwe kapitaal, opgerig word. Hierdie maatskappy sal die hoofdorgaan van die Party uitgee, as 't só gereël kan word onder dieselfde naam, so nie dan onder 'n ander."

Die hoofartikel lui verder dat waar die ou blad (Ons Vaderland) „in die verlede gesorg het vir duisende, word dit nou tienduisende wat geestelike voorligting sal ontvang.

„Daar breek 'n nuwe dag aan vir ons Land en Volk. Ons gewaar die eerste wit lemier in die Ooste. En ons vóél dat dit vir ons Volk 'n mooier en skoner dag word as wat ons nog beleef het. Maar dit is nie óns wat dit die eerste gewaar het nie! Dit is Generaal Hertzog, die man wat nog altoos sy oor op die Afrikaner-hart en sy hand op die Afrikanerpols het."

Ons Vaderland sê dr. Preller bly die hoofredakteur van die nuwe blad. „En hy is daarin geslaag om aan die redaksie te verbind vier van die

knapste en bekwaamste jonge Afrikaner-joernaliste, namelik die here W. van Heerden, tot hiertoe Pretoriase verteenwoordiger van Die Burger, Tjaart van der Walt, wat sy spore eweneens aan die Nasionale Perskoerante verdien het, Steve Hofmeyer, ook 'n lid van die redaksie van Die Burger, en A.M. van Schoor, tot hiertoe lid van die redaksie van Die Burger.

„Onder die ou strydleuse uit die dae van die Republiek, ‚Waarheid, Vryheid, Reg', wil ons met die Nuwe Jaar met 'n koerant tevoorskyn kom wat dit vir die Afrikaanse huisgesin oorbodig sal maak om 'n tweede daarop na te hou."

Uit dié artikel kan afgelei word dat slegs die tekort aan geld tot die ondergang van Ons Vaderland gelei het en dat die gedagte van 'n mondstuk vir die Nasionale Party hoogty gevier het.

Volgens Erasmus (1970:137) was dit die sogenaamde nuwe blad se doel „om die belange van die Afrikanerdom te dien en om as 'n blad die werk van genl. Hertzog vir die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner voort te sit tot in lengte van dae."

In die hoofartikel van Dinsdag, 9 Februarie 1932, sê Ons Vaderland op bladsy vier onder die opskrif Die Vaderland, dat Afrikaanse koerante tot dusver uit sekere bewegings en strominge in die volksbewussyn gebore was.

Soos verskeie sieninge deur die jare tot stand gekom het, het „ons mekaar bitter beveg, maar so tussen die stryd deur het die bewussyn gegroei van die groter eenheid van die Afrikaanssprekende volksdeel, naas die eenheid van die Engelssprekende volksdeel.

„In die proses van eenheidsbewuswording en taalhandhawing het daar, op natuurlike wyse, bewegings en strominge in die gedagterigting van die volk ontstaan, en daardie bewegings het na organe gesoek en organe in die lewe geroep.

„Met hierdie paar inleidende gedagtes wil ons aankondig dat Ons Vader-

land nou definitief oorgeneem is deur 'n nuwe maatskappy, die Afrikaanse Pers Bpk., en dat die eerste uitgawe van die nuwe blad, Die Vaderland op 19 Maart a.s. verwag kan word. Tot daardie tyd sal die huidige koerant bly verskyn."

Die Vaderland het op Saterdag, 19 Maart 1932, vir die eerste keer verskyn en in dié uitgawe sê die nuwe koerant in sy hoofartikel op bladsy vier oor die ou Ons Vaderland:

„Die koerant het op die goeie oomblik gekom, in 'n tyd waarin hy nodig was. Gedurende sewentien jaar het hy onder verskeie manne leiding gegee aan die politiek, en 'n boodskap van hoop gebring in die verste Transvaalse boerewoning. En gedurende agtien maande het dit selfs meegepraat en meegetel in die raadsale van ons land as toonaangewende nasionale dagblad."

Die Vaderland sê verder sy verlede lê reguit, skoon en eerlik agter die volk. „Op dáárdie hegte fondament wil ons voortbou. Dit is ons kulturele agtergrond, waarop vir die toekoms gebou moet word, 'n nog grootser ideaal. Hede en toekoms stel ander eise, wat voorheen nie bestaan het nie; en ons moet ook verder vooruitstreef, 'n skitterende, verénigde nasionale dag tegemoet."

Hieruit kan ook afgelei word dat Ons Vaderland nie vergeefs geleef en gestreef het soos hy wel gedoen het nie - hy het leiding gegee, boodskappe gebring, meegepraat en gesorg vir 'n reguit, skoon en eerlike verlede met 'n stewige fondament.

## 4.2 <u>AANLEIDING TOT DIE ONDERGANG VAN ONS VADERLAND EN SY MAATSKAPPY</u>

Soos reeds gesê, was die gebrek aan geld dié faktor wat tot die ondergang van Ons Vaderland gelei het en kon dit regstreeks en onregstreeks veroorsaak gewees het.

Die belangrikste faktor wat tot die kapitaaltekort gelei het, was skynbaar die feit dat intekenaars nie hulle plig ten opsigte van inteken-

geld kon nakom nie. By die plasing van advertensies kon dieselfde gebeur het en, hoewel daar nie bewyse voor is nie, kon advertensietariewe vir die hele 17 jaar onveranderd gebly het om 'n mate van inkomste te handhaaf ten spyte daarvan dat drukkoste byvoorbeeld gestyg het en papier baie duur geword het (Ons Vaderland, 13 April 1920:6).
Regstreekse oorsake van die geldprobleme kan ook gesoek word in die algemene toestand waarin Suid-Afrika in daardie stadium verkeer het.

DEPRESSIE EN DROOGTE

Hoewel die volk van die vroegste tye af arm was en in baie gevalle gesukkel het om 'n eie bestaan te voer, was die binnelandse ekonomiese toestande (Kennis 1978:2886) benard weens die wêreldwye depressie wat in 1929 begin het en vererger is deur 'n droogte wat teen 1932-1933 'n hoogtepunt bereik het.
Volgens Kennis (1978:2886) het die toestand eers verbeter toe daar van die goudstandaard afgestap is.

KOALISIEREGERING

Die feit dat daar ook intussen (Kennis 1978:2886) oor 'n Nasionale Regering op nie-partypolitieke grondslag bespiegel is (net soos in Brittanje in daardie stadium) om Suid-Afrika deur die moeilikste tye te loods, kan nie as 'n rede tot ondergang beskou word nie.
Ongeveer nege maande ná Ons Vaderland ondergegaan het, is sake (Kennis 1978:2886) eers tot 'n spits gedryf toe adv. Tielman Roos tot die politiek teruggekeer het met die doel om 'n koalisieregering op die been te bring, waarna die koalisie-ooreenkoms eers op 15 Februarie 1933 geteken is - byna 'n jaar ná die ondergang van die koerant.
Dit is dus ook nie moontlik dat Ons Vaderland doodgeloop het omdat die N.P. en S.A.P. sou saamsmelt en dan net een koerant nodig sou gehad het nie, want, soos reeds gemeld, is daar voortgegaan met die uitgee van die blad, hoewel onder 'n ander naam en met behulp van 'n nuwe maatskappy.

Ons Vaderland het 'n natuurlike dood gesterf as die algemene armoede, die depressie en die droogte in aanmerking geneem word.
Die sogenaamde ondergang van die blad kan ook beskou word as slegs 'n verwisseling van naam en uitgewer. Weens die toestand in die land moes daar 'n ander plan gemaak word om die gedagte van 'n N.P.-orgaan voort te laat leef in ander gedaante met grondliggend dieselfde, maar nuwe voornemens en bykomende redaksielede.

## 4.3 PLEK EN ROL VAN ONS VADERLAND IN DIE DESTYDSE JOERNALISTIEKE OPSET

### 4.3.1 ONS VADERLAND EN SY DESTYDSE JOERNALISTIEKE SITUASIE

#### 4.3.1.1 ONS VADERLAND, SY VOORGANGERS EN VOLGELING

Die feit dat die koerante, Die Week, Het Volk, Ons Vaderland en Die Vaderland in een asem genoem kan word as gevolg van onder meer hulle politieke oogmerke en ander basiese doelstellinge en die feit dat Ons Vaderland se bestaan in 1932 voortgesit is met behulp van 'n nuwe maatskappy, maar onder die naam, Die Vaderland, is 'n duidelike teken van die plek en rol wat Ons Vaderland in die destydse joernalistieke opset ingeneem en gespeel het.
Volgens Erasmus (1970:20) was Die Week die eerste selfstandige joernalistieke onderneming om die Hertzogrigting te steun en te verduidelik en is „dit blad uit zijn aard een blad van nationale karakter, en wij aarzelen niet te verklaren dat bij ons't ideale boven het stoffelike gaat ... Beslist Christelik-nationale beginselen zullen door ons worden voorgestaan ..." (aldus Harm Oost, redakteur van Die Week, in sy eerste hoofartikel).
Die Week het op 23 Februarie 1912 vir die eerste keer in Pretoria verskyn en doodgeloop in September 1913 (Erasmus 1970:18,34) waarna Harm Oost (Erasmus 1970:39) Het Volk, 'n nuwe weekblad begin uitgee het.
Het Volk, wat in Oktober 1914 met behulp van krygwet in die ban gedoen is (Erasmus 1970:41), het daarna gestreef om die waarheid aan die

publiek te openbaar (Erasmus 1970:35) en dit was ook die eerste koerant wat as orgaan vir die Nasionale Party ingespan is (Erasmus 1970: 39).

Dit was ook Ons Vaderland (Erasmus 1970:45) se doel om onder meer deur betroubare beriggewing die publiek op die hoogte van sake te hou, die christelik-nasionale beginsels, Afrikaanse taal, geskiedenis en tradisies van die Hollandse Afrikaner in ere te hou en dié se lewensbelange 'n regmatige plek te laat inneem en te laat behou in die algemene samelewing.

Die Vaderland het in 1932 (Erasmus 1970:137) sy voorgangers se oogmerke verder nagestreef, want „om as 'n blad die werk van genl. Hertzog vir die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner voort te sit tot in lengte van dae," het deel uitgemaak van die bewoording in die Akte van Oprigting van die nuwe maatskappy, Afrikaanse Pers Beperk.

#### 4.3.1.2 ONS VADERLAND EN SY TYDGENOTE

Soos reeds in hoofstuk een gestel, moes Ons Vaderland te midde van reeds gevestigde koerante op die been gebring word, naamlik De Volkstem (Augustus, 1973), The Star (Januarie, 1871), Pretoria News (Junie, 1898), Rand Daily Mail (September, 1902) en Sunday Times (Februarie, 1906).

Teen die stigting van Ons Vaderland in 1915 was genoemde vyf koerante reeds só Britsgesind dat die nuwe koerant alles in sy vermoë moes doen om die volk in te lig oor genl. Hertzog en die Nasionale Party, want die verengelsing moes onder meer bestry word, aangesien dit sou lei tot die onteiening van die Afrikaner se taalregte en identiteit (Bylae: V). Die stryd teen dít wat die opposisiepers verkondig het, blyk deur die jare verder uit byna elke uitgawe van Ons Vaderland.

Die plek wat Ons Vaderland tussen sy tydgenote in die Noorde van die land ingeneem het, was volwaardig as in aanmerking geneem word dat die blad byna 17 jaar lank staande gebly het en die grondslag en doelstel-

linge ná die ondergang daarvan weens die ekonomiese situasie in Die Vaderland voortgesit is.

Hoe Ons Vaderland verder deur middel van sy beriggewing oor die politiek, armblankes, Indiërs, swartes, die onderwys, taal en kultuur en in kleiner mate oor sosiale byeenkomste en ander aangeleenthede geleef en gestreef het (kyk hoofstukke twee en drie vir voorbeelde oor die verskillende soorte berigte), kan ook ter stawing aangevoer word van die plek wat die koerant in die destydse joernalistieke situasie ingeneem het.

Briewe van lesers moet ook as 'n faktor wat deel bygedra het tot die plek en rol van die koerant, beskou word. Om sy saak te stel, het Ons Vaderland gereeld dié soort briewe geplaas om die publiek te beïnvloed en „... selfs briewe wat oor die mishandeling van Afrikaans gehandel het, is nooit uitgelaat nie" (Bylae:V).

#### 4.3.1.3 DIE ROL WAT ONS VADERLAND GESPEEL HET

Erasmus (1970:39) is van mening dat die politieke party se teenstanders reeds van die vroegste jare af die steun van die magtige Engelse pers geniet het en dat ook De Volkstem, die eerste Hollandse dagblad in Suid-Afrika, met sy prestige en leserstal, as lyfblad van genl. Botha hom van meet af aan teen genl. Hertzog gestel het.

As dít in aanmerking geneem word „dan kan 'n mens nie anders as om die grootste waardering te hê vir die werk wat deur Die Week en Het Volk gedoen is om die Afrikanerdom vir sover as wat hulle hom kon bereik, in te lig oor die houding, opvatting en politiek van genl. Hertzog, wat in alle ander groter koerante telkens op die allergruwelikste wyse verdraai en vals voorgestel is, maar wat voorbestem was om aan die loop van dinge in Suid-Afrika 'n heeltemal ander rigting te gee as wat dit onder die Botha-Smutsleiding sou geneem het" (Erasmus 1970:39).

Dít kan ook van Ons Vaderland gesê word, want as die versamelde eksem-

plare met aandag deurgelees word, sal die rol wat die koerant in die samelewing en tussen die tydgenote gespeel het, duidelik na vore kom uit veral die hoofartikels en briewe van lesers. Die rol wat die koerant verder gespeel het, blyk ook duidelik uit die soeke na vryheid, die ander algemene politieke beriggewing, die strewe na taalregte en die hantering van ander gemeenskapsvraagstukke en die kommentaar hieroor in onder meer hoofartikels en briewe van lesers.

## LITERATUURLYS


| | |
|---|---|
| BARNARD, S.S. en COETSEE, A.G. 1975 | Onderwys aan blankes in Transvaal, Pro Rege-Pers, Potchefstroom |
| BYLAE 1979 | Onderhoude gevoer met mnre. Otto E. Schwellnus en Jurie H.J. van As, oud-personeellede van Ons Vaderland, oor die basiese agtergrond van die koerant |
| DIE VADERLAND | Uitgawe van 19 Maart 1932, toe in Pretoria deur die Afrikaanse Pers Beperk uitgegee |
| ERASMUS, L.J. 1970 | 'n Volk staan op uit sy as (Verhaal van die Afrikaanse Pers (1962) Beperk), T.W. Hayne Beperk (Hayne en Gibson), Johannesburg |
| JOUBERT, C.J. 1974 | Geskiedenis vir st. 10, Perskor, Johannesburg |
| KANNEMEYER, J.C. 1974 | Die Afrikaanse bewegings, Academica, Pretoria en Kaapstad |
| KENNIS 1978 | Die eerste Afrikaanse ensiklopedie in kleur, die tweede en hersiene druk, Kennisuitgewers, Kaapstad en Pretoria |
| KRÜGER, D.W. 1958 | The age of the generals, Hayne en Gibson, Johannesburg |
| MUNNIK, G.G. 1945 | Memoirs of senator the hon. G.G. Munnik, Maskew Miller Beperk, Kaapstad |

NASOU 1973 — Standard Encyclopedia of South Africa, Volumes 9 en 10, Nasou Beperk, Kaapstad

ONDERWYSKOLLEGE VAN PRETORIA 1955 — 'n Eeu van Onderwys in Pretoria 1855-1955, 'n historiese oorsig. Saamgestel deur seniorstudente in samewerking met die Departement Histories-Teoretiese Opvoedkunde van die Onderwyskollege van Pretoria, Pretoria

ONS VADERLAND 1916-1932 — Versamelde uitgawes van die tweeweeklikse blad, Ons Vaderland. Dit is te kry in die Johannesburgse munisipale biblioteek en is destyds deur die Noordelike Drukpers Maatskappy, Beperk, in Pretoria uitgegee
Uitgawes waaruit aangehaal is, is:

1916

4 en 11 Januarie
1, 4 en 22 Februarie
3 en 21 Maart
7 en 14 April
23 Junie
16 Julie
5 September
3 en 31 Oktober
3 en 28 November

1917

5 Januarie
22 Maart

17 April

6 Mei

26 Junie

2 Oktober

<u>1918</u>

4, 8 en 18 Januarie

1 en 19 Februarie

26 en 28 Maart

9 en 12 April

7 en 28 Mei

16 en 27 Augustus

<u>1919</u>

17 Januarie

25 Februarie

14 Maart

11 en 22 April

13, 16 en 23 Mei

26 September

15 Oktober

7 en 25 November

<u>1920</u>

9 en 18 Januarie

20 Februarie

2 en 16 Maart

9 en 13 April

7 en 18 Mei

2 en 20 Julie

6, 10 en 20 Augustus

12 Oktober

5, 9 en 26 November

1921

4 Januarie

1 en 15 Februarie

15 en 22 Maart

6 Mei

7 en 21 Junie

26 Augustus

13 September

11, 18 en 21 Oktober

1922

6 en 10 Januarie

14 Februarie

4 April

16 Mei

2, 6 en 16 Junie

1 en 25 Augustus

12 September

24 Oktober

10 en 24 November

1923

16 en 26 Januarie

16 en 23 Februarie

13 Maart

6 en 20 April

12 Junie

3 en 31 Julie

14 Augustus

25 September

16 Oktober

16 November

1924

29 Januarie

22 en 29 Februarie

21 Maart

8, 17 en 25 April

10 en 20 Junie

8 Julie

8 Augustus

2, 5 en 30 September

3 Oktober

13 November

1925

2 en 30 Januarie

13, 20 en 25 Februarie

2 Maart

5 en 22 Mei

16 en 30 Junie

24 Julie

7 en 21 Augustus

15 en 22 September

9 Oktober

15 Desember

1926

5, 9 en 19 Februarie

9 Maart

15 Junie

3 en 10 Augustus

3 September

9 November

21 Desember

1927

4 Januarie

1 en 18 Maart

8 en 19 April

18 Junie

8 Julie

11 Oktober

1 en 8 November

15 Desember

1928

4, 20 en 24 Januarie

26 Februarie

6 en 9 Maart

3 en 17 April

8 en 29 Junie

2, 23 en 30 Oktober

1929

1 Februarie

1 Maart

19 April

3, 21, 28 en 31 Mei

14 en 25 Junie

6 en 16 Augustus

22 November

20 Desember

1930

25 Februarie

22 en 29 April

2 en 13 Mei

19 Augustus

5 September

1931

9, 13 en 16 Januarie

3 Februarie

28 April

6 Mei

12 Junie

17, 24 en 31 Julie

4 en 7 Augustus

9, 13, 20 en 23 Oktober

1 en 8 Desember

1932

9 Februarie

PIENAAR, G.J. 1976 — Suid-Afrikaanse Persgeskiedenis, 'n diktaat uitgegee op Potchefstroom

TRANSVAALSE ONDERWYS-DEPARTEMENT 1976 — Transvaalse Onderwysdepartement, 'n eeufeespublikasie uitgegee onder die hoofredakteurskap van dr. A.A. van der Merwe, Perskor-Drukkery, Johannesburg

BYLAE OOR ONDERHOUDE GEVOER MET TWEE OUD-PERSONEELLEDE VAN ONS VADERLAND (Junie 1979)

OTTO E. SCHWELLNUS

Otto E. Schwellnus, 68, tans bestuurder van S.A.P.A. in Johannesburg, het in 1929 as leerlingverslaggewer by Ons Vaderland begin werk toe die blad op die punt gestaan het om ook 'n dagblad uit te gee met die oog op die verkiesing wat daardie jaar gehou is, maar „dit het kort ná die verkiesing weer 'n halfweeklikse koerant geword."

Volgens mnr. Schwellnus is Ons Vaderland in September 1915 gestig om as mondstuk te dien vir die Nasionale Party, wat in 1914 gestig is. „In 1932 is Ons Vaderland deur 'n nuwe maatskappy, Die Afrikaanse Pers Beperk, oorgeneem. Dié maatskappy het na vier jaar 'n dagblad in Johannesburg gestig, nog onder die naam Die Vaderland - die naam wat die nuwe maatskappy aan Ons Vaderland gegee het."

Mnr. Schwellnus het gesê die toentertydse koerantverspreiding was redelik primitief. „Toe Harm Oost redakteur was in die beginjare (nadat prof. Jan Kamp as eerste en waarnemende redakteur opgetree het onderwyl Oost tronkstraf uitgedien het weens sy deelname aan die rebellie) het hy die koerant elke keer persoonlik met sy motorfiets en syspan stasie toe geneem vir aflewering.

„Hy moes by De Volkstemgebou verbyry en op 'n keer het die syspan reg voor die gebou afgebreek met die gevolg dat Harm Oost en sy koerante in die straat beland het."

Mnr. Schwellnus het ook gesê die perskompetisie het hoofsaaklik bestaan tussen Ons Vaderland en De Volkstem. „Gustav Preller het by De Volkstem gewerk onderwyl Oost by Ons Vaderland werksaam was. Preller het hom in 1925 by Ons Vaderland aangesluit nadat hy 'n Nasionalis geword het."

Oor Harm Oost het mnr. Schwellnus gesê: „Hy het 'n groot baard gehad en kon geweldig konsentreer of afgetrokke raak. As parlementslid in daardie tyd was hy ook baie vriendelik teenoor sy kiesers in die Pretoriadistrik. Hy het gedurig babas gesoen.

„Hoewel ek by Ons Vaderland begin werk het toe Gustav Preller reeds redakteur was, het ek Harm Oost geken omdat ek hom toe verskeie kere ontmoet het as gevolg van my werk."

Gustav Preller kon ten spyte van sy lyfgrootte verbasend vinnig met twee vingers tik. „Hy sou enige tikster in die skadu stel en ek het hom en Eugène Marais, sy assistentredakteur, baie goed geken.

„By sy huis het hy en Marais dikwels saam met ons jong seuns op die grasperk gesit en interessante gesprekke gevoer oor Marais se teorieë oor byvoorbeeld die mier.

„Dr. Preller het as joernalis groot opsien gebaar met die reguit manier waarop hy in sy blad propaganda gevoer het. Hy het baie sterk vooroordele en sienswyses gehuldig wat hy dikwels sonder om enige doekies om te draai in die mees uitgesproke taal kwytgeraak het.

„Preller het ook nie maklik kwaad geword nie, maar op politieke gebied het hy hom onomwonde uitgespreek op 'n wyse wat dikwels opsien gebaar het.

„Hy het byvoorbeeld baie opgewonde geraak oor geboortebeperking. Hy was sterk ten gunste daarvan en politici wat hulle daarteen uitgespreek het, is deur hom sonder aansiens des persoons te lyf gegaan.

„Preller en Marais het ook eenkeer ná die skuldigbevinding van 'n Jood met die van Jaffe weens moord op 'n swartman besluit om 'n verbitterde veldtog te voer teen die vonnis, want, het Preller gemeen, dit is 'n skande dat 'n witman slae (deel van die vonnis) moes kry net omdat hy 'n „kaffer" doodgeslaan het."

Volgens mnr. Schwellnus was Gustav Preller ook in 'n gedurige stryd

gewikkel teen die Akademie wat die Suidelike spelling voorgestaan het (die sogenaamde Kaapse spelling) onderwyl hy self Afrikaans geskryf het soos dit in Transvaal gepraat word.

„Toe Ons Vaderland in 1932 deur die nuwe maatskappy oorgeneem is, wou mnr. S.D. (Fasie) de Wet (Erasmus 1970:139), die nuwe bestuurder, dat Afrikaans eenvormig moet wees. Hy het sodoende die Kaapse spelling na Die Vaderland probeer invoer, maar Preller het gesê hy skryf soos wat hy praat.

„Op 'n dag het A.M. van Schoor, een van die nuwe joernaliste, een van dr. Preller se artikels verwerk in die sogenaamde regte Afrikaans. Ek, mnre. Willem van Heerden, A.M. van Schoor en Tjaart van der Walt is toe na dr. Preller se kantoor ontbied waar hy ons baie bewoë en verontwaardig presies laat verstaan het hoe hy die blad geredigeer wil hê.

„Ná die vergaderinkie het dr. Preller my laat agterbly en vir my gesê hy verwag van my om vir die suiwerheid van ons taal te veg."

Volgens mnr. Schwellnus het Preller ook baie nuwe woorde geskep wat glad nie in Hollands bestaan het nie. „Die woorde hysbak en tikmasjien is voorbeelde hiervan.

„Preller kon ook met die grootste gemak enige soort artikel skryf. Hy was 'n gereelde bioskoopganger en het vas geglo dat dit die beste wyse vir 'n skrywer is om op die hoogte van sake te bly. So het hy dan ook baie maklik resensies oor rolprente geskryf as die koerant teen druktyd nog plek had.

„Oor vrouemodes het hy vir niemand agteruit gestaan nie. Hy was eenkeer die enigste man onder vele vroue wat 'n tentoonstelling van vroue-onderklere bygewoon het - tot groot verleentheid van die aanwesige vroue."

Gustav Preller het in 1936 afgetree toe Die Vaderland van Pretoria af Johannesburg toe verskuif het.

JURIE HENDRIK JAKOBUS VAN AS

Jurie Hendrik Jakobus van As, 83, is tans redaksielid by S.A.P.A. in Johannesburg en het in 1924 by Ons Vaderland begin werk as tegniese redakteur. „Ons moes daar van alles en nog wat doen - dinge wat niks met 'n joernalis se professie te doen had nie, maar ons het dit gedoen."

Mnr. Van As het by indiensneming nadat hy by Die Natalse Afrikaner bedank het saam met dr. Gustav Preller gewerk, „maar ek weet dat Harm Oost dié dryfkrag agter die stigting van Ons Vaderland was.

„Die doel agter Ons Vaderland was heeltemal duidelik, want die Afrikaanse blad was De Volkstem wat lyforgaan was van genl. Smuts en genl. Smuts was nie 'n Nasionalis nie."

Volgens mnr. Van As het De Volkstem 'n S.A.P.-beleid gevolg - „hulle was nie baie vredeliewend teenoor die Britte nie, maar was baie toegeeflik teenoor die Engelse.

„Hiervoor het die Afrikaners siek geword en Gustav Preller, wat toe nog by De Volkstem gewerk het, het ook moeg geword daarvoor en nadat hy sy goed gepak het om dié koerant te verlaat, het hy 'n hoofartikel ingesmokkel en laat set. In dié artikel het hy uitgevaar teenoor die Suid-Afrikaanse Party en die lyforgaan wat die Hertzogbeleid aftakel en verdraai."

Mnr. Van As het ook gesê Ons Vaderland het daarna gestreef om reg te laat geskied aan die Afrikanervolk se identiteit deur onder meer te stry vir taalregte. „Preller het dit dikwels in sy hoofartikels bespreek en die vryheid van die volk het ook baie aandag gekry. Hy het gepleit dat daar geen verskil moet wees tussen die Afrikaner se werke op elke moontlike gebied en dié van die Engelsman nie - daar moet aan niemand se regte afbreuk gedoen word nie."

Volgens mnr. Van As moes die Britse Ryk en alles wat daarmee saamgaan,

beveg word. „Mense het ná die Anglo-Boere-oorlog gelewe op die gif wat in imperialistiese blikkies, pakkies en bottels versprei is. Op byna al die houers waarin byvoorbeeld onder meer tee verpak was, is die Britse heerskappy verkondig deur middel van 'n prentjie of kaartjie met die koningin daarop in prag en praal volledig met haar lyfwagte en perde.

„Die verengelsing moes bestry word, want dit sou lei tot die onteiening van die Afrikaner se taalregte en identiteit. Die idee was om in die nuwe koerant voorrang te gee aan die taalstryd en selfs briewe van lesers wat gehandel het oor die mishandeling van Afrikaans, is nooit uitgelaat nie en altyd geplaas.

„Ons Vaderland het ook aandag gegee aan debatsbyeenkomste en daar is altyd 'n poging aangewend om die Engelsman te laat voel dat die Afrikanerhouding net pro-Afrikaans is en nie anti-Engels nie. Dit was baie belangrik, want die besigheidswêreld was Engels."

Mnr. Van As het ook gesê dit was die beleid van Ons Vaderland om hooflyne (opskrifte) só te skryf dat die publiek nie moet raai waaroor die berig handel nie. „Daar is met ander woorde geen kommentaar in opskrifte gegee nie en ons het suiwer by die waarheid gehou.

„Lelike taal en berigte oor vuil sekssake was ook taboe in Ons Vaderland" het mnr. Van As gesê.

„Dit was ook ons doel om soveel as moontlik briewe van ons lesers te plaas, want mense wat bereid is dat hulle name in die koerant gesien word, tree op ter beïnvloeding van hulle bure of vriende. Dié briefskrywery het ook die advertensiewerwing voordelig getref, want briewe van die platteland af en briewe deur eenvoudige mense geskryf, het die adverteerder diep geraak en laat besef dat Ons Vaderland wel gelees word."

Ons Vaderland het die fondse wat gestig is ter hulpverlening aan be-

hoeftiges, ook sterk gesteun. „Die behulpsaamheid van een deel van die volk teenoor die ander was kenmerkend van daardie tyd. Almal was baie arm, maar hulle het mekaar gehelp waar hulle kon sonder om bewustelik christelik te wees, want die christelikheid het hulle die bewustheid besorg om ander te help.

„Die Helpmekaarfonds was 'n voorbeeld van die soort behulpsaamheid waarop die Nasionale Party gebou is. Die Helpmekaarfonds is van die grootste pragverskynsels in die geskiedenis van enige volk, want as die armes van die volk bymekaar staan om dié wat armer is, te help opbou en hulle self in die proses saam opbou, kan niks groters verwag word nie."

Volgens mnr. Van As het die „kaffer-" en „koelie"-kwessies asook dié van die onderwys ook Ons Vaderland se aandag geniet. „Die staat wou die Indiër betaal om hulle landuit te kry en wat die swartman betref - vir hom moes ons doen wat ons kon. Ons het sterk geveg teen integrasie en apartheid is bepleit. Apartheid moes nie deur wetgewing toegepas word nie, maar die mense moes beïnvloed word om dit persoonlik toe te pas.

„By die onderwys het Ons Vaderland dit beklemtoon dat die kerk se invloed nie verloor mag word nie, maar aangesien die kerk nie kan betaal vir die onderwys nie en aangesien die Afrikaner persoonlik nie kon betaal nie, moes die staat in 'n groot mate betrokke wees."

Vrouestemreg was ook 'n brandpunt. „Die een groep wou nie dat die vrou stemreg ontneem word nie, want hulle is die moeders van die volk en 'n ander groep het gesê die vrou moet eerder haar huislike pligte nakom en kinders opvoed sodat sy op dié wyse die volk kon beïnvloed. 'n Ander groep was van mening dat die vrou nie stemreg nodig het nie, want sy het dit eintlik reeds omdat sy haar man tuis kan beïnvloed as die politiek bespreek word.

„Die hoofdoel hoekom vrouestemreg bepleit is, is dat dit die stemmetal kon laat verdubbel."

Mnr. Van As moes as tegniese redakteur elke keer die blad uitlê en het in dié hoedanigheid baanbrekerswerk gedoen in verband met belangrike nuus op die voorblad. „Een groot moeilikheid wat ons destyds gehad het, was dat die koerante se voorblaaie slegs advertensies bevat het en dit het nie gehelp om met dr. Preller daaroor te praat nie.

„In een of ander stadium was dr. Preller uitstedig en moes ek waarneem. Dit was op 23 April 1929 toe ek besluit het dat van die belangrikste nuus op die voorblad moes verskyn - ek het voorheen vir Gustav gesê dis 'n sonde dat net advertensies op die voorblad verskyn en hy het gesê ons leef tog in sonde!

„Die voorman by die settery het gevra wat sou dr. Preller van die nuwe soort uitleg sê en ek het gesê hy sal die duiwel in wees, maar ons moet voorbladnuus kry. Daardie voorblad was perfek gebalanseer en Campbell, die resiesjaer wat pas met sy Bluebird 'n wêreldrekord probeer opstel het op Verneukpan, het die voorblad gehaal."

Wat salarisse betref, het dit erger as broekskeur gegaan. „Oor salarisse het ons nooit gepraat nie. Jy is aangestel op 'n sekere skaal en as jy dit elke maand gekry het, was jy gelukkig en as jy soms net die helfte ontvang het, moes jy dankbaar wees.

„Dit is 'n bewys in watter gees die Afrikaanse joernalis baie maal moes werk. Ek het self soms 'n halwe salaris ontvang en dan moes ons nog ons kollegas met 'n paar pennies help wat minder gekry het sodat hulle hul losies kon betaal.

„Ons het ook nie vasgestelde werkure gehad nie, hoewel ons altyd op 'n sekere tyd moes aanmeld - jy moes op 'n vasgestelde tyd daar wees, maar wanneer jy moes gaan, kon jy nie gaan nie."